DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

VRYE Weekblad

25 Augustus1989 Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)




Dramatiese laaste dae voor 6 September - 9 tot 13

# Kom ons onderhandel!

Max du Preez

**DIE waarnemende staatspresident, FW de Klerk, se lippediens aan "onderhandeling" gaan Maandag met sy ontmoeting met president Kenneth Kaunda van Zambië ontmasker word wanneer hy met Afrika se skikplan vir Suid-Afrika gekonfronteer word.**

*Dié plan vir 'n beëindiging van alle geweld en vreedsame onderhandeling wat moet lei tot 'n nie-rassige veelparty-demokrasie in Suid-Afrika, is geskoei op voorstelle van die African National Congress en die breë demokratiese beweging. Dit is vandeesweek deur die Organisasie vir Eenheid in Afrika (OEA) in Harare aanvaar.*

Die geskiedkundige Harare-dokument - die eerste formele voorstel vir 'n onderhandelde skikking in Suid-Afrika met voorsiening vir 'n skietstaking en 'n oorgangsregering - is besig om wye steun te

**FW sal Maandag moet bontstaan**

kry. Die Amerikaanse regering het hom reeds ten gunste van die voorstel uitgespreek en positiewe geluide is ook reeds uit Europa en die Sowjet-Unie gehoor.

Enige "gesprekke oor gesprekke" tussen die Nasionale Party en die swart meerderheid sal voortaan met dié dokument as basis moet geskied, glo waarnemers.

Die voorstel kom op 'n tydstip dat Suid-Afrika weer eens al dieper in 'n moeras van geweld en konflik insink.


Die plan bots lynreg met die standpunt van die Nasionale Party oor die voorwaardes vir onderhandeling en met wie en waaroor onderhandel moet word. Die minister van buitelandse sake, Pik Botha, se eerste reaksie op die plan dié week was dat die NP nie van sy onbuigbare houding oor onderhandelinge en gesprek met die ANC sal afsien nie.

Die NP het toenemend die laaste tyd beklemtoon dat hy glo in onderhandeling en het dit met die huidige verkiesingsveldtog een van sy beleidspilare gemaak. Dié verbintenis tot 'n onderhandelde oplossing van die rassekonflik is ook sterk deur De Klerk aan die Britse premier, Margaret Thatcher, en ander Westerse staatshoofde oorgedra. Maar sy vae beloftes en ondernemings gaan nou deur die internasionale gemeenskap getoets word aan dié eerste konkrete plan vir onderhandeling - waarskynlik die enigste plan wat enige hoop op sukses het.

Die NP was dusver egter nie eens bereid om apartheidswetgewing soos die Groepsgebiedewet af te skaf nie, en sy enigste antwoord op vreedsame protes deur die stemlose massa - dié mense met wie onderhandel moet word - is geweld.

Die voorstelle sal moontlik vandag al ter sprake kom wanneer De Klerk en Botha vir

*vervolg op bladsy 2*



Aartsbiskop Desmond Tutu en mede-geestelikes loop hulle in 'n kordon polisielywe vas. *(Foto: Guy Tillim/Afrapix)*

## *'Polisie-optrede gaan tot ramp lei'*

Elsabé Wessels

'N ERNSTIGE vermaning om roekelose polisie-optrede kort te vat en wye bloedvergieting te verhoed, is deur kerkleiers en politici aan die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, gerig.

Suid-Afrika staan op die rand van 'n nasionale katastrofe indien Vlok en die waarnemende staatshoof, FW de Klerk, nie polisiemanne dissiplineer en hulle vermaan om hulself te bedwing nie, het aartsbiskop Desmond Tutu gewaarsku.

Tutu het sy waarskuwing gerig nadat hy gesien het hoe die polisie traanrook op jeugdiges en vooraanstaande gemeenskapsleiers skiet ná 'n vergadering in Guguletu waar dié leiers jeugdiges oortuig het om nie voort te gaan met 'n protesoptog nie. Volgens Tutu en Demokratiese Party LP Jan van Eck is sambokke ook in die voorval gebruik.

Sulke roekelose polisie-optrede stel duisende lewens in gevaar, het Tutu gewaarsku. "Bäie van ons kinders gaan nog sterf omdat mense wat sê hulle wil hervorm, soos FW de Klerk, nie werklik wil hervorm nie."

Van Eck het gesê: "Met sulke optrede plaas die regering swart kinders wat vreedsaam protesteer op die pad na geweld.

"Die polisie word gedwing om die regering se vuil werk te doen. In die huidige politieke klimaat neem die vlak van woede so vinnig toe dat indien die polisie nie vinnig in die bek geruk word nie, die situasie heeltemal buite beheer kan raak," het hy gewaarsku.

"FW de Klerk het duidelik geen erns met onderhandeling nie. Jy kan nie onderhandel met mense wat jy eers met swepe slaan nie," sê van Eck.

"Dis daarop gerig om setels te wen. Hulle is klaarblyklik daarop uit om enige vreedsame protes te onwrig om soveel geweld moontlik te ontlok om blanke kiesers van die DP af te skrik."

(Lees volledige berig op bladsy 3)

*Vervolg van bladsy 1*

# OAE se plan

pres Mobutu Sese Seko van Zaïre ontmoet.

Daar is egter ook 'n element van 'n ultimatum in die plan: skep nóú die klimaat vir onderhandeling, of die ANC se gewapende stryd word voortgesit en verskerp met die steun van die vasteland.

Die OEA-dokument bepaal ook dat die organisasie "onmiddellik gaan mobiliseer teen die herskedulering van Pretoria se buitelandse skuld" in 'n poging om druk op die regering te plaas. As dit suksesvol is, gaan dit die Suid-Afrikaanse ekonomie in 'n ernstige krisis dompel.

Politieke ontleders glo ook die nuwe inisiatief kan nie geskei word van die huidige strategie van lydsame verset en uitdaging deur die breë demokratiese beweging nie.

Daar is min twyfel dat politieke leiers soos Nelson Mandela en Walter Sisulu - wat waarskynlik voor die einde van die jaar vrygelaat gaan word - die skikplan ten volle sal steun.

Die regering se standpunt bots al met die minimum-voorwaardes wat in die dokument uitgespel word: die onvoorwaardelike vrylating van alle politieke gevangenes en aangehoudenes; die ophef van elke beperking en verbod op organisasies en mense; die onttrekking van die weermag uit die townships; die beëindiging van die noodtoestand en die skrap van wetgewing wat politieke aktiwiteit aan bande lê; en 'n einde aan politieke verhore en teregstellings.

Die onderhandelingsproses word só voorgestel ná die voorwaardes nagekom is:

Die eerste stap is samesprekinge tussen die "bevrydingsbeweging" en die regering oor 'n staking van vyandelikhede en die ondertekening van 'n staakvuur.


Onderhandelinge word dan gevoer om die basis daar te stel vir 'n nuwe grondwet. Die beginsels vervat in dié grondwet moet onder meer behels dat die land 'n verenigde, demokratiese en nie-rassige staat sal wees; dat alle burgers gelyke burgerregte en stemreg op grond van 'n gemeenskaplike kieserslys sal hê; dat die reg tot vorming van politieke partye sal bestaan; dat basiese menseregte en -vryhede in 'n handves van menseregte verskans sal word; en dat die regbank onafhanklik sal wees.

As op dié beginsels ooreengekom is, sal oor meganismes vir die opstel van die grondwet onderhandel word.

Die volgende stap is dat die partye sal ooreenkom op die daarstel van 'n tussentydse regering wat die aanvaarding van 'n nuwe grondwet sal hanteer, die land sal administreer en 'n verkiesing sal reël.

Alle sanksies en strafmaatreëls teen Suid-Afrika sal teen dié tyd afgeskaf wees.

# ANC steeds in Lusaka, sê Kaunda



**Alfred Nzo, sekretaris-generaal van die ANC.** ***(Foto: Anton Steenkamp)***

**Elsabé Wessels**

DIE Zambiese president, Kenneth Kaunda, het dié week ontken dat sy regering die ANC uit Zambië geskop het.

"Ek sal nie sulke goedkoop optrede duld nie," het Kaunda in Harare gesê ná afloop van die spitsberaad van die Organisasie vir Eenheid in Afrika (OEA), berig die Zimbabwese nuusagentskap Ziana.

Kaunda het berigte in die Suid-Afrikaanse pers dat sy regering die ANC uit Zambië verbied het, ten sterkste ontken. Volgens Kaunda het die ANC steeds sy hoofkwartier in Lusaka, sê Ziana.

Hoewel nie die ANC of Kaunda dit nog bevestig het nie, blyk dit tog dat die ANC op versoek van die Zambiese regering besig is om sy militêre personeel uit dié land te onttrek.

Gerugte doen geruime tyd reeds die rondte dat die Zambiese regering ontevrede is oor voorvalle van geweld waar militêre personeel van die ANC na bewering by betrokke was.

'n Woordvoerder van die Zambiese regering het gister ontken dat die sekretaris-generaal van die ANC, Alfred Nzo, voor die hof gedaag is oor 'n voorval van geweld waar 'n ANC-soldaat, Hubert Sipho Mbeje, na bewering by betrokke was.

Mbeje, 'n voormalige soldaat wat volgens berigte onder VV-beskerming vlugtelingstatus aanvaar het, het nie by sy verhoor opgedaag nie. Hy word daarvan aangekla dat hy sy Zambiese vriendin aangerand het.

Volgens die AFP-nuusagentskap is Mbeje en drie ander soldate drie weke gelede deur die ANC in aanhouding geneem. Die vier is sedertdien aan die Zambiese polisie oorhandig en Mbeje word in die Zambiese gevangenis aangehou tot sy verhoordatum, het 'n woordvoerder van die regering gesê.

Daar word beweer dat die Zambiese regering sterk druk op die ANC uitgeoefen het om die vier uit te lewer.

Volgens vroeëre berigte het die ANC die vier aangehou in verband met bomaanvalle wat op die ANC gerig was, berig AFP.

# Nog 'n minister sluk sy woorde

**Anton Steenkamp**

DIE minister van Verdediging, genl Magnus Malan, het 'n onderneming aan die United Democratic Front (UDF), die Johannesburg Democratic Action Committee (Jodac) en die End Conscription Campaign (ECC) gegee dat hy nie sy bewering dat dié organisasies vir "interne terreurdade" verantwoordelik is, sal herhaal nie.

Malan is die tweede minister wat sy bewerings oor organisasies in die breë demokratiese beweging moet terugtrek. Twee weke gelede moes die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, 'n stelling terugtrek as sou Cosatu die verkiesing met geweld wou ontwrig.

Malan het op 14 Augustus op 'n NP-vergadering op Voortrekkerhoogte gesê interne terreurdade word nie net deur die ANC gepleeg nie, maar ook deur interne organisasies "soos die BDB, UDF, Jodac, Idasa en die ECC".

Die UDF,Jodac en die ECC het dié week in afsonderlike aansoeke deur hul prokureurs 'n onderneming van Malan gekry dat hy nie dié woorde sal herhaal nie.

Jodac het in 'n verklaring daarop gewys dat Malan se bewerings onwaar is en dat sy onderneming bewys dat hy geen gronde gehad het vir sy bewerings nie.

Die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief in Suid-Afrika (Idasa), wat nie aan enige politieke organisasie verbonde is nie, is ook van plan om 'n hofaansoek teen Malan te bring oor sy bewerings.



**Dirk Mudge**

# Propaganda-man draai sy rug op DTA

**Carla de Villiers**

IN die belang van versoening behoort die kwessie van Swapo se aangehoudenes nie verder as 'n verkiesingskwessie gebruik te word nie, sê die man wat tot laasweek die DTA se propagandawerk gedoen het.

Nico Basson, voormalige persskakelamptenaar van die DTA en die partyvoorsitter, Dirk Mudge, het uit dié posisie bedank en sy rug heeltemal op die DTA gekeer. Hy gaan hom nou ook onttrek van sy skakelwerk vir die groep wat teen Swapo se aanhou van lede propaganda maak, die Ouerkomitee.

Basson was 'n omstrede figuur in Windhoek en is gedurig deur die pers daarvan beskuldig dat hy die media van die top-struktuur van die DTA probeer weghou het. Linkse koerante het hom as die "DTA se propagandamasjien" beskryf.

In 'n onderhoud met Vrye Weekblad het hy gesê dat hy en Mudge nog met mekaar praat, maar dat dit "net 'n kwessie van tyd is" voor dit ook sal verander.

"Een ding is seker - ek is al lankal gatvol vir die DTA. Die eerste keer in my lewe, as jy in ag neem my dogmatiese, Broederbondagtige Afrikaner-agtergrond, is ek Voëlvry! Ek is moeg daarvoor dat mense vir my sê ek moet stilbly.

"Mudge, wat jy nooit daarvan kan beskuldig dat hy na jou luister nie, wou nie my raad aanvaar nie, al is ek aangestel omdat ek sogenaamde media-ondervinding het.

"Dit was verskriklik frustrerend dat hulle die hele tyd my naam gebruik het om hulle punt te maak en om as die sondebok gebruik te word.

"Hulle het ook sekere strategieë gevolg waarvan ek nie gehou het nie en waaroor ek nie stil gebly het nie. Ek is tot daarvan beskuldig dat ek 'n f.. commie is!"

Basson beweer die DTA het dit gerieflik gevind om "agter my naam te skuil" in gevalle waar hy "verkeerd aangehaal is en as 'n Nazi bestempel is."

"Dit was vir hulle ook voordelig om my as pro-Suid-Afrikaans te bestempel. Maar Dirk weet ek is nader aan die ANC as aan die Nasionale Party."

Dit was vir Basson belangrik om alle bande met die DTA te verbreek om weer sy geloofwaardigheid in Namibia se versoeningsprogram te herwin.

"Dit is verskriklik belangrik om groepe bymekaar te bring, en dit kan alleen buite die DTA geskied.

"Aangehoudenes sal ongetwyfeld die belangrikste kwessie in die verkiesing wees - dit sal die party wat wen, maak of breek, en dit is waarom harde en aggressiewe veldtogte aan alle kante geloods word.

"Maar as ek raad kan gee, moet die kwessie oor aangehoudenes nie vir politieke gewin misbruik word nie. Volgens my is dít heeltemaal verkeerd.

"Ek weet, want ek was ook deel van daardie hele spul toe ek by die DTA betrokke was. Ek besef nou eers dat dit dié kwessie is wat mense van mekaar verwyder.

"Maar ek kon voorheen nie praat nie, maar nou het ek die vryheid om te sê dat daar nog baie stories in Namibia is om te vertel."

# Wit Wolwe dreig Indiërleiers

**Anton Steenkamp**

DIE Wit Wolwe het dié week in 'n brief verantwoordelikheid aanvaar vir die ontploffing by Jani Allan se huis etlike weke gelede en verskeie Indiërleiers in die breë demokratiese beweging as teikens uitgesonder.


In 'n naamlose brief, uitgegee as die "Stem van die Witwolwe" (sic), sê hulle teikens moet "na deeglike beraadslaging" gekies word.

"Dit is baie duidelik dat prominente Indiër-persone binne die Republiek die spreekbuis van die SAKP en ANC is," lui die brief, wat in Pretoria gepos is.

Die volgende mense word dan as "teikens" van die Wit Wolwe geïdentifiseer: Jay Naidoo (Cosatu), dr Cassim Saloojee (Transvaal Indian Congress), Paul David (Natal Indian Congress), Azhar Cachalia (UDF), Fareed Essack (Call of Islam) en Priscilla Jana (prokureur).

"Neem wraak!!! Elke kommunis wat geëlimineer word se kop is 'n steen op die monument van Blanke Suid-Afrika", lui die brief verder.

Dit word afgesluit met die slagspreuke: "Lank leef Barend Strydom! Lank leef die Witwolwe!"



**Azhar Cachalia**

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

# Nou kry Erasmus 'n baas

**Jacques Pauw**

VIER senior amptenare van die SAUK het verlede week geweier om 'n memo te onderteken waarin hulle hul distansieer van beriggewing die afgelope twee weke in Vrye Weekblad oor korrupsie, wanbestuur en intimidering van personeel in die departement: opvoedkundige programme van die SAUK.

Intussen verneem Vrye Weekblad dat 'n oorsese reis van vyf weke van dr Pieter Erasmus, hoof van opvoedkundige programme van die SAUK, op die laaste oomblik afgestel is. Erasmus sou vyf weke oorsee wees.

Dit blyk ook nou dat die SAUK voornemens is om 'n direkteur bo Erasmus aan te stel. 'n Nuwe pos, direkteur van opvoedkundige programme, is geskep. Na wat verneem word, kom Erasmus nie vir dié pos in aanmerking nie. Die SAUK onderhandel met 'n kommunikasiekundige van die Potchefstroomse Universiteit, Gerrit Coetzee.

Ernstige aantygings teen Erasmus en die beheermaatreëls van die SAUK is gemaak deur verslae wat drie senior amptenare van opvoedkundige programme opgestel en aan die hoofbestuur van die SAUK gestuur het. Die drie bestuurders sê hulle is maande reeds die slagoffers van intimidasie en viktimisering.

Vrye Weekblad het verlede week die inhoud van 'n bandopname gepubliseer waarin 'n bekende filmmaker, Jan Scholtz, vertel van betalings wat hy na bewering aan Erasmus sou gemaak het. Die SAUK is reeds die afgelope twee jaar in besit van die opname, maar geen optrede is tot dusver geneem nie.

Vrye Weekblad verneem dat die memo waarin personeel hulle distansieer van Vrye Weekblad se beriggewing en hul steun aan Erasmus toesê, verlede Vrydag onder personeel versprei is.

Een van die amptenare wat geweier het die dokument te onderteken, het die verteenwoordiger van die personeelvereniging daarvan in kennis gestel. Die adjunk direkteur-generaal van die SAUK, Theuns van Heerden, het kort hierna opdrag gegee dat die verspreiding van die dokument gestaak moet word.

Twee van die bestuurders wat van die verslae opgestel het, Marinus Wijnbeek en Nancy Sutherland, is verlede week deur die SAUK ingeroep waar hulle ondervra is oor wie die dokumente en inligting aan Vrye Weekblad kon oorhandig het. Die derde bestuurder, dr Manie Connoway, het onlangs bedank.

# Word Suid-Afrika 'n tweede China?

**Elsabé Wessels**

MEEDOëNLOSE polisie-optrede het 'n hernieude spiraal van geweld ontketen wat herinner aan die golf van verset wat tot die aankondiging van die noodtoestand in 1985 aanleiding gegee het.

In 'n spanningsvolle week het die polisie traanrook, swepe, rubberkoëls en donshael gebruik om vreedsame protesaksies te stuit. Om strand-apartheid te handhaaf, is honde verlede Saterdag ingespan om swart baaiers te verjaag terwyl kerkleiers en akademici Woensdag met traanrook bestook is.

In 'n "onrus-verslag" in Kaapstad het die polisie daarop gewys dat hul dié metodes gebruik het om "onwettige vergaderings" op te breek.

Die omverwerping van apartheidswetgewing het ook 'n nuwe golf van aanhoudings ontlok, volgens woordvoerders van die breë demokratiese beweging.

Polisie-optrede het Woensdag 'n hoogtepunt bereik toe traanrook gebruik is by 'n vergadering - wat onder andere deur aartsbiskop Desmond Tutu, prof Jakes Gerwel, Franklik Sonn en LP Jan van Eck toegespreek is - om konflik tussen duisende jeugdiges en polisie af te weer.

Volgens 'n verklaring wat deur Tutu na die voorval uitgereik is, wou die leiers die kinders oorreed om nie deel te neem aan 'n straatoptog na die Guguletu-polisiekantoor nie. Die optog was uit protes teen die aanhouding van hul onderwysers.

Tutu het die polisie-optrede skerp veroordeel."Die polisie-optrede is onverskillig. Dit lyk of hulle ons voor die voet sonder waarskuwing wou slaan sonder dat hulle bereid of lus was vir onderhandeling."

Hy het daarop gewys dat hoewel die polisie hul dertig minute gegee het om te verdaag, optrede enkele minute ná die waarskuwing gevolg het.

"Dit is noodsaaklik dat die internasionale gemeenskap kennis neem van die verslegtende situasie in Suid-Afrika - wat na die katastrofe in China begin lyk.

"Ek wil vir hulle sê dat baie van ons kinders nog gaan sterf omdat mense wat sê hulle wil hervorm, soos FW de Klerk, nie werklik hervorm nie."

Die polisie het op verskeie ander plekke ook toegeslaan. By die Universiteit van Wes-Kaapland is drie dosente en verskeie studente in hegtenis geneem nadat die polisie traanrook gebruik het om studente en dosente uiteen te jaag. In Bellville-Suid het die polisie traanrook, rubberkoeëls en haelgewere gebruik om leerlinge en studente uiteen te jaag.

Die verskerpte polisie-optrede in die drie week oue verseteldtog is Vrydag - op die vooraand van die United Democratic Front se sesde verjaardag - van stapel gestuur met die aanhouding van die hoofsekretaris van die UDF, Mohammed Valli Moosa.

Volgens woordvoerders van die breë demokratiese beweging word Moosa se aanhouding gekoppel aan die verseteldtog en die aankondiging van die massa-konferensie van anti-apartheidsgroepe op 7 Oktober: die Konferensie vir 'n Demokratiese Toekoms. Valli het 'n belangrike rol in die organisering van albei gespeel.

Die Demokratiese Party het Woensdagaand die regering daarvan beskuldig dat polisie-optrede vreedsame protes in geweld omskep het. Geen wapens is by enige van die protesteerders gevind nie.

In 'n TV-debat met die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, het die DP-LP Tian van der Merwe gesê verlede naweek se gebeure is 'n bewys dat die regering verknog is aan strand-apartheid. Hy het verder gesê dat die staat al sy slaankrag sal inspan om apartheid te handhaaf en het daarmee die indruk geskep dat Suid-Afrika 'n polisiestaat is.

# Digter vrees vir sy lewe

**Victor Munnik**

SOWETO se volksdigter, Mzwakhe Mbuli, vrees vir sy lewe. Maar die sluipmoordkommando's wat al handgranate in sy huis gegooi het en nou - volgens hom - besig is om hom te intimideer, het gister 'n boodskap van talle oorsese en plaaslike organisasies gekry: die oë van die wêreld is op hulle.

Mzwakhe het vandeesweek by 'n perskonferensie van die Congress of South African Writers (Cosaw) in Johannesburg vertel van 'n motor sonder nommerplate wat 'n nag lank om sy huis gery het.

Cosaw het in 'n verklaring gesê dat Mzwakhe en sy gesin aan "sielkundige terrorisme" onderwerp word. Gaan Mzwakhe nog 'n slagoffer van die sluipmoordenaars van teenstanders van apartheid word? vra die verklaring en wys daarop dat die aanvalle op Khotso Huis en Khanya Huis nooit opgelos is nie, en die moordenaars van Sicelo Dhlomo, Rick Turner, David Webster, Victoria Mzenge en talle ander nog nooit opgespoor is nie.

Op 3 Augustus vanjaar is 'n handgranaat in Mzwakhe - wat glo deur die veiligheidspolisie "die lang man" genoem word - se huis gegooi. Sy vrou en kind het wonderbaarlik aan die dood ontkom. Spykers wat in die granaat was, steek nou nog in die mure, het Achmat Dangor, Transvaalse voorsitter by dieselfde konferensie gesê.

Verskeie buitelandse organisasies, waaronder die VV se spesiale komitee teen apartheid, die "Sun City-projek" van Amerikaanse kunstenaars teen apartheid, Amnestie Internasionaal, Pen, die Zimbabwe Writers Union en die Britse Anti-Apartheidsbeweging het hul kommer oor die intimidasie van Mzwakhe en ander aktiviste teen apartheid uitgespreek. Skrywers soos Chinua Achebe, Wally Serote en Ngugi wa Thiong'o het ook die verklaring onderteken.

In Suid-Afrika het 'n wye reeks organisasies wat Cosatu, die Transvaal Interim Cultural Desk, Jodac, die Federation of Transvaal Women, die Film and Allied Workers Organisation en Shifty Records insluit, Cosaw se verklaring ondersteun.


Mzwakhe het vandeesweek ook in die hof verskyn nadat die polisie in Maart beweer het dat hulle handgranate in sy huis gevind het. Die saak is weer tot 25 September uitgestel. Hy het gesê hy het nie vyande in sy gemeenskap nie. Hy is nog net op een plek gedreig met die dood - en dit was in aanhouding deur die polisie.

"Elke keer wat ek vrygelaat word, word dit weer onwerklik, hoewel dit baie werklik is wanneer 'n mens kaal en geblinddoek is en gemartel word."

Mzwakhe het gesê hy weet van talle jeugdiges wat ontvoer en geslaan is totdat hulle bereid was om te sê sy poësie inspireer hulle tot geweld. Die polisie het aan hom gesê daar is dertig tot sestig jeugdiges wat teen hom sal getuig, het Mzwakhe gesê. Hy is al sewe keer in aanhouding geneem sedert 1976. In 1987 is hy vir 176 dae aangehou, sonder dat enige klagtes teen hom aanhangig gemaak is. Hy het gesê dit is reeds te laat om sy stem stil te maak - al word hy ook nou vermoor.


* Die SA Polisie het die bewerings dat Mbuli tydens aanhouding kaal uitgetrek, geblinddoek of gemartel is, as vals verwerp. "Mnr Mbuli het voorheen 'n klagte van crimen injuria teen die polisie aanhangig gemaak, maar die prokureur-generaal het geweier om te vervolg. Die handgranaatvoorval word steeds ondersoek, en mnr Mbuli word genooi om ook die saak van die 'geheimsinnige motor' by die polisie aanhangig te maak. "

* Mzwakhe tree vanaand in die Summit Club in Hillbrow op saam met Johannes Kerkorrel en die Gereformeerde Blues Band.



**Mzwakhe Mbuli. In sy gedig Accused sê hy:**
***"For supporting crime agitating the mind;***
***I have been accused.***
***This is my story against a devil philosophy;***
***a philosophy of culture with roots of slavery"***

**(Foto: Paul Weinberg - Afrapix)**




Met 'n keuse tussen vooraanstaande handelsname soos: Snowflake meelblom, Iwisa en Impala mielieprodukte, Epic olie, Blossom margarien, Kraft margarien en slaaisouse, Epol troeteldierkos en veevoer, Peck's Anchovette en Redro Vissmeer, Mama's pasteie, Nice 'n Easy geriefskos en Blue Ribbon brood, sal u winkelmandjie beslis propvol prima-gehalte Premier-produkte gelaai wees.

Nogtans is dit vir ons hier by Premier nie genoeg om bloot die hoogste standaarde te handhaaf nie. Deur middel van verskeie vindingryke programme, streef ons voortdurend daarna om hierdie standaarde te verhoog, sodat ons u selfs beter waarde kan bied.

En selfs dít is nie vir ons voldoende nie. Ons verbintenis tot die verhoging van standaarde strek verder as ons produkte. By Premier is ons toegewy aan die verbetering van die lewensgehalte van ons personeel en die gemeenskap as 'n geheel.

Want slegs een ding is vir ons so belangrik soos voedselgehalte – en dit is lewensgehalte.

Premier Food Industries

*Vervolg van bladsy 1*

# OAE se plan

pres Mobutu Sese Seko van Zaïre ontmoet.

Daar is egter ook 'n element van 'n ultimatum in die plan: skep nóú die klimaat vir onderhandeling, of die ANC se gewapende stryd word voortgesit en verskerp met die steun van die vasteland.

Die OEA-dokument bepaal ook dat die organisasie "onmiddellik gaan mobiliseer teen die herskedulering van Pretoria se buitelandse skuld" in 'n poging om druk op die regering te plaas. As dit suksesvol is, gaan dit die Suid-Afrikaanse ekonomie in 'n ernstige krisis dompel.

Politieke ontleders glo ook die nuwe inisiatief kan nie geskei word van die huidige strategie van lydsame verset en uitdaging deur die breë demokratiese beweging nie.

Daar is min twyfel dat politieke leiers soos Nelson Mandela en Walter Sisulu - wat waarskynlik voor die einde van die jaar vrygelaat gaan word - die skikplan ten volle sal steun.

Die regering se standpunt bots al met die minimum-voorwaardes wat in die dokument uitgespel word: die onvoorwaardelike vrylating van alle politieke gevangenes en aangehoudenes; die ophef van elke beperking en verbod op organisasies en mense; die onttrekking van die weermag uit die townships; die beëindiging van die noodtoestand en die skrap van wetgewing wat politieke aktiwiteit aan bande lê; en 'n einde aan politieke verhore en teregstellings.

Die onderhandelingsproses word só voorgestel ná die voorwaardes nagekom is:

Die eerste stap is samesprekinge tussen die "bevrydingsbeweging" en die regering oor 'n staking van vyandelikhede en die ondertekening van 'n staakvuur.


Onderhandelinge word dan gevoer om die basis daar te stel vir 'n nuwe grondwet. Die beginsels vervat in dié grondwet moet onder meer behels dat die land 'n verenigde, demokratiese en nie-rassige staat sal wees; dat alle burgers gelyke burgerregte en stemreg op grond van 'n gemeenskaplike kieserslys sal hê; dat die reg tot vorming van politieke partye sal bestaan; dat basiese menseregte en -vryhede in 'n handves van menseregte verskans sal word; en dat die regbank onafhanklik sal wees.

As op dié beginsels ooreengekom is, sal oor meganismes vir die opstel van die grondwet onderhandel word.

Die volgende stap is dat die partye sal ooreenkom op die daarstel van 'n tussentydse regering wat die aanvaarding van 'n nuwe grondwet sal hanteer, die land sal administreer en 'n verkiesing sal reël.

Alle sanksies en strafmaatreëls teen Suid-Afrika sal teen dié tyd afgeskaf wees.

# ANC steeds in Lusaka, sê Kaunda



**Alfred Nzo, sekretaris-generaal van die ANC. *(Foto: Anton Steenkamp)***

**Elsabé Wessels**

DIE Zambiese president, Kenneth Kaunda, het dié week ontken dat sy regering die ANC uit Zambië geskop het.

"Ek sal nie sulke goedkoop optrede duld nie," het Kaunda in Harare gesê ná afloop van die spitsberaad van die Organisasie vir Eenheid in Afrika (OEA), berig die Zimbabwese nuusagentskap Ziana.

Kaunda het berigte in die Suid-Afrikaanse pers dat sy regering die ANC uit Zambië verbied het, ten sterkste ontken. Volgens Kaunda het die ANC steeds sy hoofkwartier in Lusaka, sê Ziana.

Hoewel nie die ANC of Kaunda dit nog bevestig het nie, blyk dit tog dat die ANC op versoek van die Zambiese regering besig is om sy militêre personeel uit dié land te onttrek.

Gerugte doen geruime tyd reeds die rondte dat die Zambiese regering ontevrede is oor voorvalle van geweld waar militêre personeel van die ANC na bewering by betrokke was.

'n Woordvoerder van die Zambiese regering het gister ontken dat die sekretaris-generaal van die ANC, Alfred Nzo, voor die hof gedaag is oor 'n voorval van geweld waar 'n ANC-soldaat, Hubert Sipho Mbeje, na bewering by betrokke was.

Mbeje, 'n voormalige soldaat wat volgens berigte onder VV-beskerming vlugtelingstatus aanvaar het, het nie by sy verhoor opgedaag nie. Hy word daarvan aangekla dat hy sy Zambiese vriendin aangerand het.

Volgens die AFP-nuusagentskap is Mbeje en drie ander soldate drie weke gelede deur die ANC in aanhouding geneem. Die vier is sedertdien aan die Zambiese polisie oorhandig en Mbeje word in die Zambiese gevangenis aangehou tot sy verhoordatum, het 'n woordvoerder van die regering gesê.

Daar word beweer dat die Zambiese regering sterk druk op die ANC uitgeoefen het om die vier uit te lewer.

Volgens vroeëre berigte het die ANC die vier aangehou in verband met bomaanvalle wat op die ANC gerig was, berig AFP.

# Nog 'n minister sluk sy woorde

**Anton Steenkamp**

DIE minister van Verdediging, genl Magnus Malan, het 'n onderneming aan die United Democratic Front (UDF), die Johannesburg Democratic Action Committee (Jodac) en die End Conscription Campaign (ECC) gegee dat hy nie sy bewering dat dié organisasies vir "interne terreurdade" verantwoordelik is, sal herhaal nie.

Malan is die tweede minister wat sy bewerings oor organisasies in die breë demokratiese beweging moet terugtrek. Twee weke gelede moes die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, 'n stelling terugtrek as sou Cosatu die verkiesing met geweld wou ontwrig.

Malan het op 14 Augustus op 'n NP-vergadering op Voortrekkerhoogte gesê interne terreurdade word nie net deur die ANC gepleeg nie, maar ook deur interne organisasies "soos die BDB, UDF, Jodac, Idasa en die ECC".

Die UDF, Jodac en die ECC het dié week in afsonderlike aansoeke deur hul prokureurs 'n onderneming van Malan gekry dat hy nie dié woorde sal herhaal nie.

Jodac het in 'n verklaring daarop gewys dat Malan se bewerings onwaar is en dat sy onderneming bewys dat hy geen gronde gehad het vir sy bewerings nie.

Die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief in Suid-Afrika (Idasa), wat nie aan enige politieke organisasie verbonde is nie, is ook van plan om 'n hofaansoek teen Malan te bring oor sy bewerings.



**Dirk Mudge**

# Propaganda-man draai sy rug op DTA

**Carla de Villiers**

IN die belang van versoening behoort die kwessie van Swapo se aangehoudenes nie verder as 'n verkiesingskwessie gebruik te word nie, sê die man wat tot laasweek die DTA se propagandawerk gedoen het.

Nico Basson, voormalige persskakelamptenaar van die DTA en die partyvoorsitter, Dirk Mudge, het uit dié posisie bedank en sy rug heeltemal op die DTA gekeer. Hy gaan hom nou ook onttrek van sy skakelwerk vir die groep wat teen Swapo se aanhou van lede propaganda maak, die Ouerkomitee.

Basson was 'n omstrede figuur in Windhoek en is gedurig deur die pers daarvan beskuldig dat hy die media van die top-struktuur van die DTA probeer weghou het. Linkse koerante het hom as die "DTA se propagandamasjien" beskryf.

In 'n onderhoud met Vrye Weekblad het hy gesê dat hy en Mudge nog met mekaar praat, maar dat dit "net 'n kwessie van tyd is" voor dit ook sal verander.

"Een ding is seker - ek is al lankal gatvol vir die DTA. Die eerste keer in my lewe, as jy in ag neem my dogmatiese, Broederbondagtige Afrikaner-agtergrond, is ek Voëlvry! Ek is moeg daarvoor dat mense vir my sê ek moet stilbly.

"Mudge, wat jy nooit daarvan kan beskuldig dat hy na jou luister nie, wou nie my raad aanvaar nie, al is ek aangestel omdat ek sogenaamde media-ondervinding het.

"Dit was verskriklik frustrerend dat hulle die hele tyd my naam gebruik het om hulle punt te maak en om as die sondebok gebruik te word.

"Hulle het ook sekere strategieë gevolg waarvan ek nie gehou het nie en waaroor ek nie stil gebly het nie. Ek is tot daarvan beskuldig dat ek 'n f.. commie is!"

Basson beweer die DTA het dit gerieflik gevind om "agter my naam te skuil" in gevalle waar hy "verkeerd aangehaal is en as 'n Nazi bestempel is."

"Dit was vir hulle ook voordelig om my as pro-Suid-Afrikaans te bestempel. Maar Dirk weet ek is nader aan die ANC as aan die Nasionale Party."

Dit was vir Basson belangrik om alle bande met die DTA te verbreek om weer sy geloofwaardigheid in Namibia se versoeningsprogram te herwin.

"Dit is verskriklik belangrik om groepe bymekaar te bring, en dit kan alleen buite die DTA geskied.

"Aangehoudenes sal ongetwyfeld die belangrikste kwessie in die verkiesing wees - dit sal die party wat wen, maak of breek, en dit is waarom harde en aggressiewe veldtogte aan alle kante geloods word.

"Maar as ek raad kan gee, moet die kwessie oor aangehoudenes nie vir politieke gewin misbruik word nie. Volgens my is dít heeltemaal verkeerd.

"Ek weet, want ek was ook deel van daardie hele spul toe ek by die DTA betrokke was. Ek besef nou eers dat dit dié kwessie is wat mense van mekaar verwyder.

"Maar ek kon voorheen nie praat nie, maar nou het ek die vryheid om te sê dat daar nog baie stories in Namibia is om te vertel."

# Wit Wolwe dreig Indiërleiers

**Anton Steenkamp**

DIE Wit Wolwe het dié week in 'n brief verantwoordelikheid aanvaar vir die ontploffing by Jani Allan se huis etlike weke gelede en verskeie Indiërleiers in die breë demokratiese beweging as teikens uitgesonder.


In 'n naamlose brief, uitgegee as die "Stem van die Witwolwe" (sic), sê hulle teikens moet "na deeglike beraadslaging" gekies word.

"Dit is baie duidelik dat prominente Indiër-persone binne die Republiek die spreekbuis van die SAKP en ANC is," lui die brief, wat in Pretoria gepos is.

Die volgende mense word dan as "teikens" van die Wit Wolwe geïdentifiseer: Jay Naidoo (Cosatu), dr Cassim Saloojee (Transvaal Indian Congress), Paul David (Natal Indian Congress), Azhar Cachalia (UDF), Fareed Essack (Call of Islam) en Priscilla Jana (prokureur).

"Neem wraak!!! Elke kommunis wat geëlimineer word se kop is 'n steen op die monument van Blanke Suid-Afrika", lui die brief verder.

Dit word afgesluit met die slagspreuke: "Lank leef Barend Strydom! Lank leef die Witwolwe!"



**Azhar Cachalia**

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

# Hoe kan jy die waarheid hoor terwyl jy deur stilte omring word?




*David Webster, man van vrede. Vir altyd stilgemaak.*

Sensuur steek die waarheid weg, maak opposisiestemme stil en inhibeer kritiek. In 'n demokratiese gemeenskap het elkeen 'n reg om ingelig te word, om 'n eie oordeel oor gebeure te vel en vryelik kommentaar te lewer. 'n Gemeenskap wat nie die volle feite ken nie, nie eens weet wat gesensor is nie, word onkundig en impotent.

**Strawwe maatreëls**

Die sensuurwette van Suid-Afrika tas elke aspek van ons lewens aan – van die verbod op die geskrewe woord tot die stilmaak van mense. Daar is 477 mense wat ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid nie aangehaal mag word nie. Baie van die mense op dié lys is boonop nog ingeperk. Sommige is in ballingskap. Sommige is in die tronk. Sommige is dood.

**Web van stilte**

Met die uitroep van die Noodtoestand in 1985 het die regering sensuur verskerp en daardeur die insamel en versprei van inligting ernstig aan bande gelê. Selfs voor die uitvaardiging van die media-noodregulasies was daar 'n hele stel wette wat vir die verbied van boeke, films, video's en toneelstukke voorsiening gemaak het.

Met die belastingbetaler se miljoene wat op disinformasie oor TV en die radio bestee word, was dit nie net moontlik nie, maar maklik vir die regering om 'n valse werklikheid te konstrueer. Waar baie stemme gehoor behoort te word, is daar nou net een. Dekades van onderdrukking en sensuur het die publiek se bewussyn van hoe die reg op vrye spraak afgetakel het, verdoof.

**Hoe beveg ons sensuur?**

Te midde van die groot stilte het joernaliste, skrywers, uitgewers en lede van die publiek byeengekom om iets te doen aan die verskerpte sensuurmaatreëls. In 1986 is die Aksiegroep teen Sensuur (Anti-Censorship Action Group) gestig.

Die doel van ACAG is om:

- alle voorvalle van sensuur te monitor
- eenheid en doelgerigtheid te skep onder diegene wat aan sensuur onderwerp word.
- die publiek oor die gevare van sensuur in te lig.

Kom veg saam met ons. Word 'n lid van ACAG. Die lidmaatskapfooi is R10 per persoon en R20 per groep. Vul hierdie koepon in en pos dit vandag nog. Ons maandelikse nuusbrief, Update, hou lede ten volle ingelig oor alle sensuuraksies.

'n Biblioteek van persknipsels oor sensuur is ook beskikbaar vir navorsers en lede van die publiek.

Vir meer inligting, bel (011) 331-3517.

**A C A G**

AKSIEGROEP TEEN SENSUUR

☐ JA, ek wil saam veg teen sensuur want ek het die reg om die waarheid te weet. Ek sluit hierby my tjek/posorder vir R10 in, gekruis en uitgemaak aan die Anti-Censorship Action Group. (Drukskrif asseblief.)

Naam: ______________________

Posadres: ______________________

______ ______________ Kode: ________

Tel: (H) ______________ (W): ________

**Pos aan: Anti-Censorship Action Group, Posbus 260425, Excom 2023.**


Mark Behr, SR-lid van die Universiteit van Stellenbosch

# 'Die stilmaak van een persoon sal nooit die proses van demokrasie kan keer nie'

**Pearlie Joubert**

VRYDAGAAND het 'n onbekende persoon vier skote op Mark Behr, SR-lid en oud-voorsitter van Nusas, gevuur. Die skote het sy kop rakelings gemis. Dié sluipmoordaanval volg op 'n reeks intimidasies, dreigoproepe en vandalisering van sy eiendom.

Die naam Behr het die afgelope jaar, selfs al was hy nie betrokke nie, sinoniem geword met protes, uitdaging van gesag en kontroversie op rustige, idilliese Stellenbosch. Mark sou in die komende SR-verkiesing herkiesbaar wees, maar het saam met Nusas besluit om hom nie weer verkiesbaar te stel nie. "Ek sal bereid wees om te sterf omdat ek 'n goeie boek skryf, maar nie omdat ek 'n Stellenbosse SR-lid is nie," sê hy.

## Belangrik

Hy sê die poging tot moord het hom gedwing om sy politieke rol te herdefinieer, maar nie te heroorweeg nie. "Daar is geen manier wat ek Suid-Afrika sal verlaat nie. Maar dit is belangrik om nie die politieke profiel te hê wat ek tot dusver gehad het nie. Dis belangrik om vir mense te wys dat een persoon nie alleen verantwoordelik gehou kan word vir die onstuitbare proses na demokrasie nie. Die hele voorval het my polities meer toegewyd gemaak omdat ek weer eens besef het waarteen ons veg."

Mark, 25, MA-student in Internasionale Politiek, is in 1963 in Arusha, Tanzanië gebore. Beide sy ouers was konserwatiewe mense. "Ons is egter baie vry grootgemaak. Ons het na aan die gras grootgeword, kaalgat rondgeloop en was van kleins af vry om gesag op 'n volwasse, sinvolle manier uit te daag. Van jongs af moes ons outoriteit bevraagteken om sodoende te weet wát ons respekteer en waarom."

Mark onthou ook die kontradiksies en spannings in sy opvoeding. "Aan die een kant die tipies Engelse liberale waardes van "ons mag sê wat ons wil" en aan die ander kant ouers wat steeds voortgaan om die rassistiese, eksklusiewe en rigiede NP te ondersteun. Ondanks my pa se Engelse agtergrond het ons in Afrikaanse skole en die NG Kerk bygewoon."

## Spanninge

"Later het ons hele gesin die NGK verlaat weens die Waterkloof-mentaliteit van dié kerk. Die status van ouderlinge, sykouse, hoede, pakke en dasse was belangriker as naasteliefde en my ouers het besluit om Presbiteriaanse Kerk toe te gaan."

Volgens Mark is dié spanninge en kontradiksies deel van baie Afrikaners se opvoeding. "Later in jou lewe is daar soveel leuens en opsetlike misleiding om van ontslae te raak dat dit vir baie wit Afrikaners, soos ek, 'n geweldig traumatiese ondervinding kan wees. Alles verander: jou vriendekring, toekomsverwagtinge, lewensbeskouing, waardestelsel."

In 1981 matrikuleer hy aan die Hoërskool Port Natal.

Mark vertel laggend hoe ongewild hy op skool was. "Die mense het òf van my gehou òf hulle het my gehaat. Ek het die grootste bek gehad en was altyd betrokke in die 'kwaadaardighede' in die skool."

## Ryp

Na matriek "moes ek army toe gaan. Geen vrae gevra nie, dit was die beste manifestasie van landsdiens - om vir jou land te sterf."

'n Jaar later skryf hy homself in vir 'n BA-graad in filosofie, politieke wetenskap en Engels. "Dit was eers in my tweede jaar wat ek weggebreek het uit my eksistensiële bestaan en myself toegewy het tot aktiewe deelname aan politieke organisasies.

"Dit tyd was toe ryp daarvoor. Dit was pas na die eerste noodtoestand afgekondig is. Dit was 'n tyd van vreeslike visuele politiek. Ek onthou die voorbeeld van die Cape Times goed: die Casspir wat deur die brandende Kruispad ry en die jeugdige wat 'n klip na die Casspir slinger.

"Hierdie politieke bewuswordingsproses is iets wat oor jare in 'n mens groei, die besef dat ons besig is om 'n oorlog te veg wat ons moet verloor, die besef dat ek nie wil skaam wees omdat ek wit en Afrikaans is nie, want ek dink iemand wat nie betrokke is in die struggle nie, het nie die reg om trots te voel op Suid-Afrikaanse burgerskap nie.

## Kruispad

"Dit is net blankes wat uit Constantia kom en sê: 'Constantia mag nie leef terwyl Kruispad leef nie' wat met trots kan sê: ek is nie skuldig aan die skep van Kruispad nie, ek wil dit verander.

"My besoek aan die brandende Kruispad saam met Nusas sowel as my akademiese groei het my laat vra: wat de hel doen mens om vrede te bring? Wat doen mens met die afgryse in jou hart? O'Brian se vergadering wat vroeg in 1986 ontwrig is by die Universiteit van Kaapstad het my tot die besef gebring dat jy nie mense in 'n abnormale samelewing kan toelaat wat ander mense se basiese vryhede aan 'n lyn laat hang nie."

## Vloot

'n Jaar later, in Augustus 1987, weier Mark in die openbaar, saam met 22 ander jong mans om in die SAW te dien. Hy was 'n luitenant in die Vloot.

Volgens Mark het 'n gesprek met 'n Namibiaanse vrou op 'n Idasa-konferensie die deurslag gegee vir sy weiering om weer in die SAW te dien. "Sy het vir my gevra of dit nie ek is wat haar suster doodgeskiet het nie."

Volgens Mark het prof Johan Degenaar en Jannie Gagiano 'n geweldige impak op sy persoonlike en politieke ontwikkeling gehad. "Degenaar het daarin geslaag om 'n mens se brein rond te skud, alles te bevraagteken, Sokrates se vrae te stel: wat beteken die feit dat ons moet army toe gaan, wat beteken apartheid, watter bewussyn van onderdanigheid gaan gepaard met ons denke.

"En, dan die besef dat dit 'n onderdanigheid aan sotte is wat by jou gekweek word, want dit is wat die huidige leierskap is: sotte."

Jannie het my geleer wat die gevaar van magspolitiek is. Ek het besef dat geen regime sy magsposisie vrywillig opgee nie. Hierdie mag moet uitgedelf en ondergrawe word. Geen regime is moreel in die sin dat hy met 25 miljoen mense gaan deel as hy homself kan handhaaf deur te kyk na die whims en fancies van ses miljoen mense nie."

## Reaksie

Maar hy is nie sinies nie. "Ek is nog te idealisties oor Suid-Afrika en haar toekoms.

"My eerste reaksie ná hierdie ervaringe was weer eens een van eksistensialisme en 'n tipe anargie in jou binnekamer. Jy is aanvanklik te bang om betrokke te raak en bly liewer op 'n afstand en kritiseer.

"Daarna foeter jy in 'n organisasie in met 'n gevoel van vernietiging waarin jy alles verwerp waarmee jy grootgeword het. Sheila Cussons noem dit "n aanraking van die brein, lig soos 'n veer, vlugtig maar presies'.

Mark het nie deelgeneem aan die eerste politieke optog op die US nie. "Tydens die protesoptog teen apartheid van 1985 het ek oor die balkon by die Neelsie gehang en ek onthou hoe gekant ek teen die 'kollektiewe identiteit' was.

"Vandag beskou ek dit as 'n noodwendigheid."

Die hele atmosfeer na die eerste noodtoestand het egter veroorsaak dat Mark betrokke geraak het by Nusas en die noodsaak van organisasies besef het.

## Paternalisme

"Net georganiseerde en kollektiewe druk en opposisie sal my ideale bewerkstellig wat dan ook noodwendig ondergeskik moet wees aan die ideale van die meerderheid. Ek het agtergekom dat daar geen manier is waarop ek as persoon vry kan wees in Suid-Afrika totdat die militarisering, patriargie, rassisme en paternalisme verdwyn het nie.

"Later begin mens baie meer verfynd oor politiek dink. Dan begin jy kyk na die Universiteit se struktuur en vra jy jouself af hoe ons hier op Stellenbosch stilswyend aanvaar dat ons universiteitsraad deurtrek is van die Broederbond.

"Prof Mike de Vries sit nie net aan tafel saam met die Broeders nie, hy sit ook op die direksie van Nasionale Pers. Voorts sit "Dik" David de Villiers en SP Cilliers nie net op die US-Raad nie, hulle sit saam met die rektor in die direksie van Nasionale Pers. Is hierdie die mense wat veronderstel is om hulself besig te hou met 'n instelling soos 'n universiteit en die "soeke na waarheid"? Is dit enigsins moontlik terwyl hul daagliks uit hul direkteurstrone meeskep aan die skaamtelose verdraaiings in Die Burger en Die Beeld?" vra Mark.

## Nusas

Die afgelope jaar op Stellenbosch het Mark 'n hoë profiel op kampus gehad. As Nusas-voorsitter in 1987/88 het hy 15 studente na Mosambiek geneem. In April 1989 gaan 18 studente onder leiding van Mark en die SPOG-komitee (Stellenbosse Politieke Ondersoek en Gesprek) na Lusaka. Hierna plaas die Universiteit 'n verbod op die Voëlvry-konsert en 1 500 studente marsjeer ondanks 'n verbod op protesoptogte na die rektor, Prof Mike de Vries, se kantoor. SPOG, Mark se SR-portefeulje, het die konsert gereël asook die protesvergadering ná die verbod.

Terwyl Mark siek in die bed is, woon 1 600 studente op 18 Mei 'n protesvergadering teen rassistiese koshuise by. Die vergadering word deur Nusas en BSOS (swart studente vereniging) gereël. Drie protesoptogte volg nadat die twee organisasies gestraf en Leslee Durr, Nusas-voorsitter, geskors word. Twee weke voordat die sluipmoordpoging op Mark se lewe gedoen word, het onbekende persone met rooi olieverf op sy motor geskryf: "Who's next: Behr" en "Weg met Behr".

## Stilmaak

Mark het gesê die sluipmoordpoging wys duidelik daarop dat persone hom direk verantwoordelik hou vir wat op kampus gebeur het. "Dit is tragies dat dié mense so kortsigtig is dat hulle onbewus is van die verandering wat in Suid-Afrika aangaan. Die stilmaak van een individu sal nooit die proses van demokrasie, selfs op Afrikaanse kampusse, kan keer nie.

"Die tipiese Afrikaner-mentaliteit van "soek-die-skuldige" het beslis ook bygedra tot mense se absolute wanpersepsie dat ek 'n opstoker is.

"Ek wil 'n land hê waar daar geen verskonings is vir 'n gewapende stryd nie, geen verskonings vir aanhouding sonder verhoor nie - en daar sal altyd verskonings daarvoor wees totdat ons die dag 'n egalitêre samelewing het. En, totdat ons, die Afrikaners ook vir FW en sy Broederbondhonde sê ons moet die ANC terug in Suid-Afrika kry, nie net om moreel te wees nie, maar omdat die land dit nodig het."

# 'n Sakeblad vir Vrye Weekblad

**Vrye Weekblad skop oor drie weke met 'n sakebladsy af. Deur dié forum sal daar indringend gekyk word na alle ekonomiese magte wat die wel en weë van die Suid-Afrikaanse sakegemeenskap en die werker beïnvloed, beide plaaslik en internasionaal. Ook sosio-politiese faktore en beleid wat die private en openbare sektore onder die huidige régime raak, asook alternatiewe rigtinggewing.**

**Die sakeblad sal onder redaksie van Manie Eager staan, en menings en bydraes oor alle aspekte van ekonomiese aard sal verwelkom word.**

# Nuwe aanstelling



**MANIE EAGER sluit by Vrye Weekblad aan as sakebestuurder en redakteur van die Sakeblad. Hy was voorheen redakteur van Volkshandel (wat later Finansies en Tegniek geword het), finansiële joernalis by Sake-Rapport en bydraende redakteur tot die Financial Mail.**

**Tot onlangs was hy bestuurskonsultant betrokke by deelnemende bestuursprogramme om groter seggenskap en gelyke regte vir alle werkers te beding gemik op 'n post-apartheid-era.**


# Alle Werkers in die Uitvoerende Kunste

Verhoogakteurs, Filmakteurs, Regisseurs, Skrywers, Tegnici, Verhoogbestuurders, Opvoedkundiges, Teaterbestuurders en personeel, ens

word uitgenooi na 'n vergadering van The Theatre Alliance en The Transvaal Interim Cultural Desk om verskeie kwessies rakende progressiewe teater-werkers te bespreek.

Datum: 27 Augustus 1989
Tyd: 11 vm
Plek: Markteater (Hoofteater)
Navrae: Junaid Ahmed
Tel 833-2530/1

# Perskor in hof na 'onbillike arbeidspraktyke'

PERSKOR, die uitgewers van Transvaler en The Citizen, is besig om hom teen twee klagte van onbillike arbeidspraktyke teen die Media Workers Association of South Africa (Mwasa) te verdedig.

Die aanklagte spruit voort uit Perskor se optrede meer as 'n jaar gelede, toe die maatskappy meer as 500 werkers wat aan 'n loonstaking deelgeneem het, afgedank het.

Dit het onder kruisverhoor van Perskor-bestuurslede in die Nywerheidshof aan die lig gekom dat van die verspreidingswerkers voor die staking so min as R45 'n week verdien het.

Na die staking het Perskor die minimumloon tot R109 'n week verhoog, maar teen daardie tyd is dié werkers wat geweier het om binne 23 uur terug te keer werk toe, reeds afgedank.

Mwasa voer aan dat die staking billik was en dat Perskor onredelik opgetree het deur die 23 uur-ultimatum te stel en al die stakende werkers af te dank.

Die vakbond beweer verder Perskor was skuldig aan selektiewe herindiensname, wat 'n onbillike arbeidspraktyk is, deur slegs 300 uit die sowat 500 werkers weer in diens te neem.

Die Nywerheidshof het in Januarie beveel dat die oorblywende 230 werkers weer tydelik in diens geneem word.

**Anton Steenkamp**

Perskor het 'n hersiening van dié beslissing in die Hooggeregshof aangevra, maar regter Curlewis het in April die hersieningsaansoek verwerp.

Dit het beteken dat Perskor òf die werkers tydelik in diens moes neem, òf hulle lone moes betaal.

Die maatskappy het 'n paar werkers in diens geneem, maar verkies om die ander se lone te betaal. Na raming het dit hulle al sowat R700 000 gekos.

Perskor se regskoste behoort na dertien maande ook al derduisende rande te beloop, aangesien 'n senior advokaat, twee junior advokate en 'n prokureursfirma betaal moet word.

As die tydelike herindiensnemingsbevel, vier hernuwings daarvan in die Nywerheidshof, en die verwerping van die hersieningsaansoek in die Hooggeregshof in ag geneem word, het Perskor nou al ses hofaansoeke in die dispuut verloor.

Sou die Nywerheidshof weer teen Perskor uitspraak gee in die saak oor onbillike arbeidspraktyke, en die maatskappy appelleer, kan die saak nog vir jare voortduur.

# Fawu kritiseer Premier vir geweld by pasteifabriek

DIE gewelddadige konflik tussen polisiemanne en werkers verlede Vrydag by Mama's Pies, 'n Premier-maatskappy in Malvern, Johannesburg, het bewerings van vakbondkant dat Premier deesdae strenger teen stakers optree, opnuut laat opvlam.

Minstens 19 mense is gewond nadat 450 werkers deur Mama's Pies uitgesluit is en die polisie, wat deur die bestuur ingeroep is, op hulle gevuur het. 'n Polisiewoordvoerder het erken dat haelgewere gebruik is, maar gesê die werkers is beseer toe 'n konstabel gestruikel en geval het.

Die besturende direkteur van Mama's Pies, Louis Silber, het gesê die polisie het opgetree nadat die werkers wat uitgesluit is, op deure en vensters geslaan en onrustig geword het. Volgens Silber was sowat 15 polisiemanne betrokke.

Die polisie het haelgewere en sambokke gebruik om die werkers uiteen te jaag.

Premier, wat altyd 'n goeie naam op die gebied van nywerheidsverhoudinge gehad het, is deur vakbonde van hardhandige optrede beskuldig nadat die hoof-uitvoerende beampte, Peter Wrighton, 18 maande gelede die leisels by Tony Bloom oorgeneem het.


Vrydag se optrede kan verder uitkring, aangesien Mama's Pies ook takke in Durban en Kaapstad het, waar simpatiestakings moontlik is. Wat vir Premier 'n groter verleentheid kan veroorsaak, is dat die Mama's Pies-fabriek in Durban op dieselfde perseel as die bestuursmaatskappy, Premier, geleë is. Nywerheidsoptrede daar kan 'n regstreeks wedersydse invloed hê. Premier is ook op die oomblik in 'n skaakmatposisie in sy nasionale loonsamesprekings met die Food and Allied Workers Union (Fawu).


**Ons familie se môre.**

**"Ons visie, ons verbintenis is om 'n gelukkiger lewe met meer vervulling te help skep vir al die lede van ons familie – vir almal wat Suid-Afrika as hul tuiste beskou.**

**Dit doen ons deur aan soveel mense moontlik die middele te verskaf om 'n eie huis te besit. Want ons glo huiseienaarskap is die hoeksteen van 'n stabiele en beskermde gesinslewe.**

**Ons sal voortgaan om nuwe spaargeleenthede te soek en te skep om te sorg dat al die lede van ons Perm-familie die hoogste standaarde van persoonlike en gerekenariseerde diens geniet."**




OGILVY & MATHER, RIGHTFORD SEARLE-TRIPP & MAKIN 109833


# Werkers praat midde-in verset

**Anton Steenkamp**

'N WERKERSBERAAD tussen die Congress of South African Trade Unions (Cosatu), die National Council of Trade Unions (Nactu) en onafhanklike vakbonde vind die naweek in Johannesburg plaas.


Dit is die tweede keer dat die Charterist-gesinde Cosatu met die swart bewussyns-georiënteerde Nactu en onafhanklike vakbonde saamwerk in hul teenstand teen die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, wat die naweek weer onder die loep sal kom.

Intussen het werkers nog 'n belangriker rol in die breë demokratiese beweging se versetveldtog teen apartheid begin speel deur hulle teen diskriminerende praktyke in fabrieke te verset.

Die SA Polisie het egter aangekondig dat hulle streng sal optree teen werkers wat die wet oortree.

Die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, het gesê klagtes teen Cosatu word ondersoek nadat Cosatu namens die breë demokratiese beweging 'n verklaring uitgereik het waarin onder andere 'n verjaardagboodskap van die ANC aan die UDF vervat is.

Stappe onder die noodregulasies, weens die moontlike oortreding van beperkings op Cosatu, word reeds deur die polisie ondersoek.



Verlede Saterdag het ondersteuners van die breë demokratiese beweging strandapartheid tot niet verklaar en in hul duisende opgeruk om hul bruin voete in die verbode water by die Strand en Bloubergstrand te gaan druk. DENNIS CRUYWAGEN het sy hond by die huis gelos en saamgegaan

**Aartsbiskop Demond Tutu word deur ondersteuners op die skouer gedra ná sy aankoms by die Strand se slegs blanke-strand** *(Foto: Eric Miller)*

# Die dag toe die mense gaan swem het

DIT was, soos aartsbiskop Desmond Tutu later sou sê, 'n wonderlike dag vir die breë demokratiese beweging om strand toe gaan.

Maar nie vir Suid-Afrika se instandhouers van wet en orde nie - hulle moes op die strand by die Strand wag op die 65 busse wat deur dié beweging gehuur is om ondersteuners na dié apartheidstrand te vervoer. Maar hulle is onkant betrap, want honderde mense, die meeste van hulle swart, is Bloubergstrand toe vervoer en het hulself gate uit geniet op dié wit strand.

Saterdag met dagbreek het my kinders reeds voor die televisiestel gesit en wag op die weerberig, wat 'n nat Kaapstad voorspel het. Ons het gedink dit is miskien nie so 'n wonderlike dag om nat te word nie. Maar die SAUK was mans genoeg om later te erken hulle het 'n fout gemaak en dat die kwik later tot 35 grade gaan styg.

Dit was, soos die nuus om agt sou aantoon, nie die enigste fout wat die SAUK Saterdag gemaak het nie. Maar later meer daaroor.

DIE STRAND

Terwyl ons besig was met voorbereidings om ons, nie heeltemal so wit, voete in die blankes se water te gaan druk, het die telefoon gelui en is ons in kennis gestel dat die polisie streng optrede beplan teen swartmense wat beoog om in die koue, heilige water van die Strand te gaan swem.

Die polisie het sewe kilometer van die strand by die Strand afgebaken met bordjies wat sê: "Danger - no entry. SAP dogs training."

Voorwaar 'n paar bevoorregte honde. Dink jou in, hondelede van die SAP is welkom, swartmense nie.

Dis 'n wonderlike werk wat Chris Heunis, die vader van driekamerparlement en Groot Hervormer, gedoen het om die land te hervorm. Hy behoort trots daarop te wees dat sy gewese kiesers in Helderberg steeds 'n strand net vir hulle het.

Die minister van Konstitusionele Ontwikkeling, Gene Louw, was ook daar. Nie om te swem nie, net "om te kyk". Ek hoop hy het gesien dat apartheid se dae getel is.

Nadat my drie kinders in die motor geklim het - nee, ek het my hond by die huis gelos - het ons die verskillende optelpunte besoek. Heel voorspelbaar het die polisie dieselfde ding in gedagte gehad en ons het heel snaakse en aggressiewe kyke uitgelok. In Hanoverpark het ons 'n bus opgespoor. Een van die organiseerders met 'n rooi armband het ons vertel van die verandering in die plan.

"Om die polisie te verwar het die breë demokratiese beweging besluit alle motors moet Strand toe gaan, en die busse Bloubergstrand toe."

My vrou het gesê: "Nee, ons wil saam met jou gaan. Ons wil ook die wet oortree."

Bloubergstrand toe dus.

Ons het by twee ander busse by Athlone-stadion aangesluit en, met 'n polisiewa agter ons, Blouberg toe vertrek.

Uitdaging het nuwe betekenis gekry toe die polisie die bus probeer aftrek en die betuurder net aangehou ry en 'n klomp gebalde vuiste deur die busvensters verskyn het.

In Brooklyn - ook bekend as Sin City - het die polisie ons ingehaal.

Een van die organiseerders het 'n ontevrede polisieman het gesê: "Well you can't enter Blouberg and tomorrow's rally has been banned." Hierna het hy weer in sy geel voertuig geklim en agter die tweede bus ingeval.

'n Tweede polisievoertuig het verskyn toe die busse die Blouberg-afdraai neem. Die busse is voorgekeer. 'n Entjie verder het twee organiseerders - met helder plakkers wat sê "Drown beach apartheid" gesê dat agt busse wel hul bestemming bereik het.

Ons het aan ons drie kinders - 2, 3 en 9 jaar oud - probeer verduidelik hoekom dit vir die breë demokratiese beweging belangrik is om die apartheidswette te beveg en hoe ons voorvaders honderde jare gelede op die strande geloop het.

Ons het Blouberg genader. Dit was 'n wonderlike gesig - wit en swart bene in die ysige water en mense wat op die stand speel. Die polisie het toegekyk.

Min het ons geweet dat dit die stilte voor die storm was. Net voor 2 nm het die polisie toegeslaan en die piekniekgangers - mans, vroue en kinders - met sambokke uitmekaar gejaag, terwyl die inwoners van Blouberg toegekyk het.

Sommige mense het in die rigting van die Blue Peter-hotel gehardloop waar witmense bier sit en drink het. Later het die mense weer op die strand bymekaargekom terwyl hulle uit 'n laagvlieënde helikopter verfilm is. Die polisie het weer toegeslaan, dié keer het hulle die mense deur die strate gejaag.

My motor, soos my gesin kan getuig, was die veiligste plek.

DIE STRAND

Lede van die breë demokratiese beweging en die Kaapstadse prokureur, Percy Storm, was nie so gelukkig nie. Hy het na swelsels aan sy arm gewys en gesê hy het genoeg tyd gehad om te sien hoe 'n sersant hom slaan. "Skryf dit," het hy gesê.

Teen omtrent 2.30 nm het die breë demokratiese beweging besluit dit is tyd om terug te trek omdat verskeie mense seergekry het en by die mobiele kliniek behandeling moes ontvang.

Min het hulle geweet dat 'n ander groep van die breë demokratiese beweging, omtrent 1 500 lede, piekniek gehou het op 'n ander deel van die strand.

Hulle het by die mense aangesluit. Die polisie het weer toegeslaan, en die mense het in die busse gaan skuil. Een polisieman het 'n bietjie oorgeesdriftig geraak en is van sy makkers geskei. 'n Paar 'comrades' het hom bygekom en sy makkers moes hom help.

Terwyl krete van "defy, defy, defy" uit die busse gehoor is, het honderde mense weer na die strand gestroom. Tussen hulle 21 ingeperktes uit die Wes-Kaap wat besluit het om hul inperkmaatreëls te ignoreer - onder meer leiers van die United Democratic Front soos Trevor Manuel, Zollie Malindi, Willie Hofmeyr, Hilda Ndude, Mzanke Jacobs en Dorothy Ziglangu.

Aartsbiskop Desmond Tutu het later opgedaag. Hy het gesê die breë demokratiese beweging het hul standpunt by die Strand en Blouberg duidelik gestel en hy het versoek dat die mense ordelik en strategies moet terugtrek. En toe, terwyl die herfsson flouer word, is die vuiste gebal en die nasionale volkslied (nie Die Stem nie) gesing. Die polisie, met sambokke heel sigbaar, het toegekyk.

Op pad huis toe het ons aan ons geskokte kinders probeer verduidelik dat die polisie wet en orde probeer handhaaf het - selfs al beteken dit om mense met sambokke te slaan.

Omdat ons in interessante tye lewe en FW de Klerk op pad Tuynhuis toe is, het ons dit goed gedink om aartsbiskop Tutu se kerkdiens die volgende dag by St George-katedraal by te woon. Die diens is gehou nadat die polisie 'n byeenkoms by die Universiteit van Wes-Kaapland verbied het.

Dié keer is ons voorgekeer by 'n padblokkade, maar is deurgelaat. St George-katedraal was volgepak en die aartsbiskop was op sy stukke.

Hy het die verbanning van die byeenkoms op UWK gekritiseer: "Hulle sê wanneer ons kan rou. Hulle sê hoe ons kan rou. Hulle sê wanneer ons kan byeenkom en waar ons kan byeenkom.

"Dié diens is aangekondig, maar daar was 'n padblokkade op die N2. Hoekom? Om mense in Suid-Afrika, 'n Christelike land, te verhoed om kerk toe te gaan.

"Ek vra die vrae: 'Dink die wit Suid-Afrikaanse regering dat swartmense mense is, mense wat pyn kan voel en kan lag en na die beeld van God geskape is!' Ek dink nie so nie.

"Hulle sê apartheid is dood. Maar dit is een van die vreemdste lyke. Hulle het polisiemanne, sambokke, honde en traanrook. Om wat mee te doen? Om mense van God se strande af te hou."

Hoewel die byeenkoms op UWK verbied is, het die UDF en ander gemuilbande organisasies hulself by die diens 'bevry'. Lede van die UDF, die National Education Crisis Committee, Cape Youth Congress, Western Cape Civic Association, Western Cape Students' Congress, Detainees Parents' Support Group en die End Conscription Campaign het deelgeneem aan 'n opmars om hul selfverklaarde vryheid te simboliseer.

DIE STRAND

Honderde stemme in die katedraal het aangesluit by dié van Tutu en het "nee" gesê. Nee vir ongeregtigheid, onderdrukking, rassisme, en "ja" vir geregtigheid, vryheid, vriendskap en vrede.

Honderde mense het 'n minuut stilte gehandhaaf vir aangehoudenes.


Dit was 'n buitengewone naweek... 'n Week waarin FW en sy adviseurs op die harde manier moes leer dat die verdediging van apartheid met honde, polisie, helikopters en die SAUK - wat gesê het dat nie een van die 65 busse van die breë demokratiese beweging die strande bereik het nie - nie genoeg was om die mense te keer nie


**PC 2000**

| * 10 MHZ XT | * 12 MHZ AT |
|---|---|
| **R2 695,00** | **R3 800,00** |
| 101 Sleutelbord | 101 Sleutelbord |
| 640k RAM | 640k RAM |
| 360k Slapskyf | 1,2 MEG Slapskyf |
| 12" Dubbelfrekwensie Skerm CGA & Hercules | Multi 1/0 Kaart |
| 20 MB Seagate Hardeskyf | 14" Dubbelfrekwensie MONITOR |
| 1 Parallelpoort | 20 MB Seagate Hardeskyf |
| 8 Uitbreiding | Intydse Horlosie |
| | Seriepoort |
| | Parallelpoort |
| | 8 Uitbreidings |

Epson LX 800 en STAR LC 10 vir slegs R765,00 elk

Protea Pick n Pay Sentrum
Highstraat
Brixton
(011) 837-7938/9



Kom sien ons in ons nuwe winkel en gesels met Boet of Johan

Koop voor 3 September en u staan 'n kans om 'n EPSON LX 800 of STAR LC 10 te wen!

# Skool moet sluit, en dis 'opvoedkundig verantwoordbaar'

Anton Steenkamp

DIE Johannesburg High School for Girls in Hillbrow gaan steeds die einde van die jaar toegemaak word. En, ondanks 'n versoek van die leerlinge en hul ouers dat die skool vir alle rasse oopgestel moet word, beskou die regering dié stap as "opvoedkundig verantwoordbaar".

Die direkteur van die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD), dr Pieter Bredenkamp, het dié week in 'n verklaring gesê dit is TOD-beleid om nooit 'n eensydige besluit te neem oor die sluiting van 'n skool nie.

"Daar word altyd, soos in die geval van die Johannesburg High School for Girls, na 'n aanbeveling deur, en deeglike oorlegpleging met die bestuursraad van 'n skool, die skoolraad en die streekraad gehandel en dan slegs as dit in die belang van die betrokke leerlinge is en opvoedkundig verantwoordbaar is," lui die verklaring.

Vrye Weekblad het daarop aan dr Bredenkamp en die minister van Onderwys en Kultuur in die Volksraad, Piet Clase, gevra hoe die sluiting van die betrokke skool uit 'n opvoedkundige oogpunt verantwoordbaar is, aangesien die ouers en leerlinge aangedui het dat die skool eerder vir leerlinge van alle rasse uit Hillbrow, wat 'n grys gebied is, oopgestel moet word.

Dr Bredenkamp het gesê dat die opvoedkundige verantwoordbaarheid daarin geleë is "dat 'n skool wat nie langer lewensvatbaar is nie, gesluit word en dat doeltreffender onderwysvoorsiening vir die betrokke leerlinge elders gereël word binne bereikbare afstand vanaf die ouerhuis".

Die superintendent-generaal van Onderwys en Kultuur, JDV Terblanche, het soos volg geantwoord: "Die stelsel waarkragtens skole soos JHSG bedryf word, is ten volle opvoedkundig verantwoordbaar en stem ooreen met talle stelsels dwarsoor die wêreld wat die onlosmaaklike verband tussen huis en skool bevestig deur onderwys in 'n bepaalde kultuurgroep aan te bied."

* 'n Vraagsteller het verlede Woensdagaand in Houghton die minister van nasionale opvoeding en waarnemende staatspresident, FW de Klerk, daarop gewys dat leerlinge van verskillende kultuurgroepe, waaronder Portugese, Grieke en Jode op die oomblik by JHSG skoolgaan.

De Klerk het erken dat hy "nie heeltemal au fait" is met die omstandighede van JHSG nie.

Toe 'n verteenwoordiger van die Save Our School-komitee hom vra hoekom die 102 jaar-oue skool nie vir alle rasse oopgestel kan word om sy voortbestaan te verseker nie, het De Klerk gesê die regering se standpunt is gegrond op "suiwer opvoedkundige beginsels" dat 'n skool die verlengstuk van die gemeenskap is.

Toe hy daarop gewys word dat die skool in 'n gemengde gemeenskap in Hillbrow geleë is, het De Klerk gesê moedertaalonderrig in 'n omgewing wat vir die kind bekend is, is noodsaaklik.

Nog 'n vraagsteller het hom daarop gewys dat Portugese, Griekse en ander immigrante-kinders skynbaar redelik maklik in die skool inpas, hoewel onderwys nie in hul moedertaal geskied nie.

"Ons is baie dankbaar vir immigrante wat bereid is om 'n deel te word van hierdie mooi land," het De Klerk gesê. Hy het gesê hy waardeer dit ook dat dié mense steeds hul eie tradisies en kultuur behou.

"Maar ons moet onthou dat swartes hul eie taal en geskiedenis het. Zoeloes is trots daarop om Zoeloes te wees!

"In die opvoeding moet 'n kind se kulturele en gemeenskapslewe op skool geakkommodeer word."

Op 'n vraag waarom onderwyserskolleges ook volgens ras geskei is, het De Klerk gesê die kolleges hou direk verband met die opvoeding van kinders in hul vormingsjare, en daarom geld dieselfde beginsels.





Omdat verpakkingstegnologie so gespesialiseerd geword het, is Metal Box vandag sewe onafhanklike ondernemings wat elk op 'n spesifieke terrein konsentreer.

Ons werk saam deurdat ons mekaar se tegnologiese bronne, kundigheid en navorsingsfasiliteite deel en deur ons oorsese bondgenote gerugsteun word. Tog ding ons almal met mekaar mee om besigheid.



Dus kan u op Metal Box staatmaak om u die beste in verpakkingsekonomie, opsies en dienste te bied.

Ons gediversifiseerde verpakkingsafdeling word Divpac genoem.

Elke dag van u lewe is ons produkte in menigte vorm êrens naby u — van houers vir skoenpolitoer tot herverseëlbare oliekanne, versierende blikprodukte en — Pssst! — spuitkannetjies natuurlik.

MB SAAM BEWAAR ONS DIE BETER DINGE IN DIE LEWE.

Metal Box Suid-Afrika Beperk


# Fisici meet osoonlaag

**RUIMTE-FISICI aan die Universiteit van Natal het bewys dat die aftakeling van die osoonlaag bo die Suidpool die osoonvlak bo Suid-Afrika regstreeks beïnvloed.**

**Die ruimte-fisika navorsingsinstituut aan die universiteit, wat deur middel van 'n rekenaar met NASA gekoppel is, het die osoonvlakke bo Suid-Afrika per satelliet gemonitor en dit met soortgelyke opnames bo die Suidpool vergelyk.**

**Die instituut gaan die inligting nou vergelyk met inligting uit NASA-opnames wat tot 1978 terugdateer. Sodoende hoop hulle om die tempo van aftakeling bo Suid-Afrika vas te stel. - Sapa**

# SA regslui na Ghana

'N AFVAARDIGING van Regslui vir Menseregte is genooi om van 17 tot 22 September die sesde tweejaarlikse konferensie van die Balieraad van Afrika in Akkra, Ghana by te woon.

Die tema van die konferensie is: Menseregte in Afrika. Onderwerpe soos die Afrika-handves van menseregte, vryheid van spraak, die reg om te werk, die bekombaarheid van regshulp en ekonomiese ontwikkeling in Afrika sal bespreek word. Twee Suid-Afrikaanse verteenwoordigers van Regslui vir Menseregte sal die konferensie bywoon.




Daar is byna geen belangstelling in die verkiesings vir die Huise van Afgevaardigdes en Verteenwoordigers nie. Die enigste vraag is hoe hoog die stempersentasie gaan wees, want daarvolgens word die steun vir die driekamerparlement onder bruinmense en Indiërs geskat. In die laaste verkiesing het minder as 20 persent van dié kiesers gaan stem. Die breë demokratiese beweging staan weer deelname aan dié verkiesings teen.

(Spotprent deur Abe Berry, uit sy boek Act by Act, a cartoon history of apartheid.)

# Linkses en regses kalwe aan NP

**Elsabé Wessels**

NIE sedert 1948 het die regerende party in Suid-Afrika só 'n felle aanslag van links én regs in die gesig gestaar nie.

Daar is ook 'n ander nuwe verskynsel wanneer die 3,1 miljoen wit kiesers op 6 September na die stembus gaan: die ontsaglike groot "swewende stem" - dié kiesers wat tot op hede nog nie finaal besluit het vir watter party hulle gaan stem nie. In sowat 'n derde van die land se kiesafdelings gaan die swewende stem die deurslag gee.

In 39 setels is meerderhede van minder as 'n 1 000 in die 1987-verkiesing behaal.

In 1987 was die stand van setels as volg: NP: 107, PFP: 25, NRP: 5, KP: 16, HNP: 1 en Onafhanklikes: 2.

Die NP toon sedert 1977 egter reeds 'n afwaartse neiging. Sy seteltal was 134 in 1977, 131 in 1981 en 107 in Mei 1987.

Hoewel daar geen twyfel is dat die NP sy meerderheid gaan behou nie, is die groot vraag in hoe 'n mate die Konserwatiewe Party en Demokratiese Party dié meerderheid kan laat krimp.

Waarnemers voorspel dat die KP, wat op 6 Mei 1987 16 NP-setels ingepalm het, sy houvas selfs kan verdubbel met soveel as 44 setels.

Die kanse lyk ook goed dat die Demokratiese Party tot 34 setels kan verower. Met sy beste prestasie ooit het die PFP in 1981 26 setels gewen, terwyl die NRP in dieselfde jaar 8 setels gewen het. Gemeet aan die ondersteuning wat die DP onder die breë Suid-Afrikaanse publiek geniet, sou dié setels binne bereik behoort te wees. Maar om dit te bereik, sal hy aansienlik moet verbeter op die powere gesamentlike PFP/NRP-poging van 1987.


Volgens DP-bronne is dié party in 'n hewige stryd met die NP in die Kaap en Natal gewikkel.


Heelwat politieke ontleders is egter van mening dat die jong DP nog nie opgewasse is teen die propaganda-aanslag van die NP nie, en dat die party tevrede sal moet wees met tussen 30 en 32 setels.

Die ironie is dat die DP waarskynlik proporsioneel sterker gaan staan as die KP, maar nie soveel setels sal hê nie. Volgens onlangse meningspeilings het die DP reeds sowat 30 persent van die kiesersteun. Die verspreiding van stedelike en plattelandse kiesafdelings bevoordeel egter die KP.

Heelwat kan nog afhang van wat in die dae voor 6 September gaan gebeur. FW de Klerk se besoeke aan Afrika-staatshoofde kan vir die skade wat die PW Botha-debakel aangerig het, vergoed en selfs potensiële DP-stemme afrokkel, hoewel die verbintenis tussen Kenneth Kaunda en die ANC die NP weer 'n klompie stemme na regs kan kos.

(Berig deur Elsabé Wessels van Breëstraat 153, Johannesburg.)


Pik Botha


Leon Wessels


Roelf Meyer


Adriaan Vlok


Gerrit Viljoen

# Só kan die helde val

**Jacques Pauw**

VERSKEIE kabinetslede en adjunkministers veg 'n verbete stryd om hul politieke lewens in die komende algemene verkiesing.

Volgens 'n opname is dit veral jong kroonprinse soos Leon Wessels, Roelf Meyer, Sam de Beer en Stoffel van der Merwe wat gaan sukkel om die pyp op 6 September te rook.

'n Swaai van net twee persent na regs in Krugersdorp en Leon Wessels, adjunk-minister van Wet en Orde, is sy setel kwyt. 'n Swaai van vier persent en die speaker van die Volksraad, Louis le Grange, verloor in Potchefstroom.

'n Swaai van sestien persent na regs in Vanderbijlpark gaan die einde van Gerrit Viljoen beteken, terwyl dit 'n stemverandering van 24 persent na regs gaan kos om van Adriaan Vlok in Verwoerdburg en Magnus Malan in Modderfontein ontslae te raak.

Berekenings van prof Dirk Laurie en Donald Simpson van die Vaaldriehoekse tak van die Potchefstroomse Universiteit dui aan dat die Demokratiese Party gaan sukkel om met die mees senior minister, Pik Botha, in Westdene af te reken. Ondanks aanduidings van groot steun vir die DP in dié kiesafdeling, sal daar 'n dertig persent swaai na links moet wees.

Ondanks opnames wat 'n aansienlike swaai na die KP voorspel, wat hulle volgens sommige navorsers tot 64 setels kan besorg, voorspel Laurie dat die DP die volgende amptelike opposisie kan word.

Dit is egter die KP wat heelwat ministers en adjunk-ministers se politieke aansien kan knou.

Benewens Wessels en Le Grange, lyk dit of veral Amie Venter in Klerksdorp, Sam de Beer in Geduld, Piet Clase in Virginia, Gerrit Viljoen in Vanderbijlpark en Roelf Meyer in Johannesburg-Wes die wind van voor kan kry.

'n Swaai van twaalf persent is in Klerksdorp en Geduld nodig vir die KP om te wen, en 'n swaai van dertien persent in Virginia en sestien persent in Vanderbijlpark.

Die kersie op die koek bly die setel van Pik Botha. Laurie sê dat die DP dertig persent van die kiesers sal moet oorhaal om vir hulle te stem voor Botha sy setel sal verloor.

Die DP se Chris van Niekerk beweer dat hy kop-aan-kop met Botha loop en dat die tendensie in die munisipale tussenverkiesing toe die DP die NP in die oorwegend-Afrikaanssprekende Linden die loef afgesteek het, voortduur.

Westdene se aard het sedert die vorige algemene verkiesing in 1987 heelwat verander. Jonger en meer welvarende kiesers trek in die kiesafdeling in wat toenemend die DP steun. Dieselfde tendens word in Johannesburg-Wes bespeur.

Die DP sal 27 persent meer stemme in Helderkruin moet trek om vir Stoffel van der Merwe te onttroon en twintig persent om Org Marais se setel in Waterkloof in te palm.

Volgens Laurie se berekenings moet die DP net twee persent meer steun in Edenvale, Helderberg, Hillbrow, Simonstad en Wynberg trek om dié setels van die NP in te palm. 'n Ses persent swaai in Umhlanga en Umbilo, agt persent in Albany en Noordrand en nege persent in Pietermaritzburg-Noord en Walmer sal dié setels aan die DP besorg.

Daarteenoor het die KP net twee persent meer steun in Krugersdorp, Roodeplaat, Heilbron, Innesdal, Newcastle en Meyerton nodig, vier persent meer in Fauresmith, Kuruman, Maraisburg en Potchefstroom en sewe persent meer steun in Gezina, Ladybrand en Springs om die setels in te palm.

(Berig deur Jacques Pauw van Breëstraat 153, Johannesburg.)


## KOöPERATIEWE ONTWIKKELINGS-KOöRDINEERDER

**Die Montagu en Ashton Gemeenskapsdiens (MAG)**
**het 'n vakature vir**
**'n persoon wat bereid is om ondernemingsvaardighede met andere te deel.**


**Aansoekbriewe, insluitende 'n volledige Curriculum Vitae en ten minste twee onlangse getuigskrifte moet gerig word aan: Die Algemene Sekretaris, MAG, Posbus 365, Montagu 6720 - faks (0234) 42570.**

Verdere inligting kan verkry word van ons Sekretaris: Personeel en Administrasie: Tim Banda - tel (0234) 41175 of 41732 tussen 09h00 en 13h00.

*Pligte sluit onder meer in om:*
** behulpsaam te wees met drie bestaande meubelvervaardiging-koöperatiewe en die ontwikkeling van nuwe inisiatiewe*
** te voorsien in die ontwikkeling van vaardighede en dienste om die lewensvatbaarheid van koöperatiewe te verhoog*
** om 'n belangrike inset te lewer in 'n span dinamiese gemeenskapswerkers wat aandag skenk aan plaaslike gemeenskapsbehoeftes*

**Applikante behoort:**
* in Engels en Afrikaans te kan kommunikeer
* ervaring te hê in kleinsake-bestuur
* kennis te hê van koöperatiewe beginsels
* te kan werk as tussenganger.
* in besit te wees van 'n toepaslike graad of diploma
* diens so gou as moontlik te kan aanvaar
**Sluitingsdatum: 15 September 1989**

# '...en dan is daar dié wat reg sit met hulle vliegtuigkaartjies en gepakte tassies'



**Dr Zach de Beer, 'n mede-leier van die Demokratiese Party, het verlede jaar na die party-politiek teruggekeer. In meer as een opsig was dit vir hom 'n gevoel van déja vû: nie eens die NP se rassebeleid het ingrypend verander nie.**

**ELSABé WESSELS het met hom gesels**

**FW DE KLERK het Maandag 'n konsensus-raamwerk vir onderhandelinge bepleit. Bespeur jy enige nuwe bereidwilligheid binne die Nasionale Party om te onderhandel?**

**De Beer:** Solank die Nasionale Party nie die volwaardige en gelyke burgerskap van alle Suid-Afrikaners erken nie kan daar geen stap vorentoe wees in die onderhandelingsproses nie.

Die NP wil nog altyd uitkom by 'n posisie waar die blanke, alhoewel in die minderheid, die meerderheidstem behou.

Hulle is nie bereid dat die blanke se selfbeskikkingsreg onder enige omstandighede aangetas word nie. Dit het duidelik geblyk uit my gesprek met dr Gerrit Viljoen in Woensdagaand se televisiedebat.

Dit is baie duidelik dat die Nasionale Party steeds dink hulle kan onderhandel sonder om iets prys te gee. Hulle wil mag deel sonder om beheer te verloor.

Dit is egter duidelik dat hulle hul mag wil met die hulp van die weermag en die polisie handhaaf, soos die geval verlede naweek toe hulle swart swemmers van wit strande probeer weghou het.

**Wat beskou jy as die ononderhandelbare in onderhandeling?**

**De Beer:** Gelyke burgerregte vir almal. Nie volgens FW de Klerk se voorstel dat almal kan stem, maar op 'n aparte kieserslys nie.

Geen erkende swart leier sal ooit die NP se voorstelle aanvaar indien die party voortgaan om kleur as die basis te gebruik nie.

Daar kan nie van swart Suid-Afrikaners verwag word om die NP se kleurgebod te aanvaar nie. Dit is duidelik dat die Nasionale Party 'n swart meerderheid vrees, maar ek glo dat die oomblik wanneer apartheid uit die weg geruim is, ook swart groepe hulself in politieke partye sal organiseer wat hul net so verdeeld soos die wit kiesers maak. Op die oomblik word hul mag verenig teen die juk van apartheid.

**Wat is jou opinie van FW de Klerk in sy nuwe rol as aangewese staatshoof?**

**De Beer:** Hy is die versigtigste politikus wat ek ken. Hy het goeie maniere en 'n innemende glimlag.

Hy het die vermeë om welluidende begrippe te uiter sonder dat dit enige konkrete betekenis dra - soos sy aankondiging nou dat konsensus bereik moet word vir 'n nuwe raamwerk vir onderhandeling. Volgens sy kleurgrondslag kan daar geen konsensus bereik word nie.

Hoewel FW sy eerste week goed gespeel het met oratrie wat oorleun na die liberale kant, bly hy verknog aan die konsep van groep wat op ras gegrond is.

**In jou veldtog beklemtoon jy veral die land se swak ekonomie. Hoe lank kan die ekonomie nog uithou?**

**De Beer:** Daar sal binne die volgende vyf jaar verligting moet kom. Op die oomblik staan die land se groeikoers op drie persent, wat sowat een persent hoër is as sowat 'n jaar gelede. Dit is egter nog nie naby goed genoeg nie.

Indien dit nie na 5 tot 5,5 persent opgestoot word nie, sal ons nie die pyp rook nie.

Die belangrikste faktor is om die invloei van buitelandse kapitaal te bewerkstellig. Suid-Afrika is reeds sedert die sewentigerjare, as 'n uitvloeisel van die '76-onluste, van buitelandse markte afgesny.

PW Botha se berugte Rubicontoespraak het kapitaalvloei na die land kortgeknip. Binne 'n week na die toespraak het die Amerikaanse Chase Manhattan-bank sy lenings opgehef.

Teen die 'tagtigerjare het die tydperke waarteen ons in die buiteland geld kon leen al hoe korter geword.

Die regering sal voor 1990, wanneer huidige lenings tot 'n einde kom, met 'n oplossing vorendag moet kom. Die laaste jaar voor sy dood het die goewerneur van die Reserwebank, Gerhard de Kock, aanhoudend gesê dat slegs aanvaarde politieke vooruitgang Suid-Afrika ekonomies kan red.

**Watter belangrike faktore kan die ekonomie aanhelp?**

**De Beer:** Staatsbesteding moet ingrypend besnoei word, die uitvloei van kapitaal moet gekeer en produktiwiteit verhoog word. Om produktiwiteit te verhoog sal belangrike sosio-politieke omstandighede egter aangespreek moet word.

Verwoerd se bantoe-onderwys het onderwys vir swart kinders twintig jaar agteruit gesit.

Twee generasies van swart kinders is sonder wiskunde en wetenskap die wêreld ingestuur omdat Verwoerd geglo het dat swartmense 'n minderwaardighe onderwysstelsel verdien.

Produktiwiteit word nog daagliks benadeel deur die hoë afstande wat swart mense tussen hulle huis en werk moet aflê. Van dié mense moet met drie tot vier ure slaap 'n nag klaarkom.

Daarby is die sosio-ekonomiese toestande in die townships haglik. Swak arbeidsverhoudinge benadeel ook produktiwiteit.

**Watter rol kan die Suid-Afrikaanse sakegemeenskap speel om politieke veranderinge te weeg te bring.?**

**De Beer:** Negentig persent van sakemense wil net hul werk doen. Daar is min wat werklik polities sensitief is.

Maar dit is my sterkste oortuiging dat niemand in Suid-Afrika kan leef en nie polities bewus wees nie.

Elke Suid-Afrikaner het 'n verantwoordelikheid om tot verandering by te dra.

Ek het geen tyd vir mense, en dit is hoofsaaklik Engelssprekende Suid-Afrikaners, wat altyd met gepakte tasse en 'n vliegtuigkaartjie in hul sak die gebeure soos buitestaanders gade slaan terwyl hulle hul bevoorregte wit posisies binne die apartheidstelsel uitbuit nie.

**Hoeveel druk kan daar op die sakegemeenskap uitgeoefen word om politieke standpunt in te neem?**

**De Beer:** Nie veel nie. Maar as 'n burger van die land behoort 'n sakeman, soos enige ander, 'n sosiale gewete te hê en behoort hy vir homself 'n rol te soek om te speel.

Waar die sakesektor wel 'n belangrike rol kan speel, is in die ondersteuning van organisasies en strukture wat hul vir verandering beywer.

Daar is veral heelwat opvoedkundige projekte waarby sakemense betrokke kan raak. Sakemense is ook in die ideale posisie om werkgeleenthede te skep.

**Dink jy dat die DP genoeg steun van die sake-gemeenskap ontvang? Daar is gerugte dat julle nie genoeg geld het om die verkiesing te veg nie.?**

**De Beer:** Geldinsameling kon nie tred hou met ons groei nie. Daar is ongelooflike entoesiasme vir die DP, groter as wat aanvanklik gemeen is.

Ons staan in meer setels as wat aanvanklik beplan is en uiteraard kos dit geld. Hoewel geld op nasionale vlak nie na wense invloei nie, word heelwat op plaaslike vlak ingevorder.

**Steun jy die versetveldtog van die breë demokratiese beweging?**

**De Beer:** Solank as wat die veldtog beheersd en nie-gewelddadig uitgevoer word, soos in die geval van die hospitale en die strande, steun ek hul pogings om apartheid uit die weg te ruim.

Ek is nie bereid om te sê ek steun 'n veldtog waarin die wet oortree word nie, maar die Nasionale Party-regering het reeds bewys hy hervorm net onder druk. Neem Hillbrow byvoorbeeld. Daar het verandering plaasgevind onder die druk van gewone mense.

Die instroming van swart mense na die stede was 'n ander natuurlike ontwikkeling waar mense bloot hul toekoms in eie hande geneem het.

Dit sien 'n mens byvoorbeeld duidelik in die plakkersbuurtes wat rondom Durban opgeskiet het. Hier oorleef mense volgens eie inisiatief ondanks die stelsel.

Dit is alles tekens van die miljoene mense wat hulself vry ag en aandring op gelyke regte en geleenthede. Dit sluit aan by wat ek gesê het toe ek verlede jaar na die politiek teruggekeer het. Ek glo in gelyke waardigheid, persoonlike vryheid en regsoewereiniteit.


**CONGRESS SAAMTREK**

**Donderdag, 31 Augustus om 8 nm**

**Lenasia-burgersentrum (Roselaan)**

***Kom ons vergader in ons duisende om te protesteer teen die verkiesing op 6 September***

**Sprekers:**

Jay Naidoo
Elyah Barayi
Imam Soloman

UDF

**CONGRESS sê: MOENIE STEM NIE!**

TRANSVAAL INDIAN CONGRESS — THE PEOPLE SHALL GOVERN

Uitgereik deur TIC, Posbus 658, Crown Mines 2025
Tel: (011) 787-9560 Radioroep: 702 805

# Verkiesingsuitlatings

"Dink net wat se groot dag dit sal wees as nie die Brazzaville-protokol nie, maar die Groot Indaba van Suid-Afrika kan plaasvind... Dink net hoe almal van ons sal jubel en die nuwe krag wat ons sal vind in die oorkoming van ons eie ondoeltreffendheid, ons eie tekortkominge, as ons ontdek dat swart en wit saam hoort in een land, een burgerskap." - Pik Botha, minister van Buitelandse Sake, op 'n bandopname wat na bewering in die Konserwatiewe Party se besit is.

"Ware onderhandeling kan alleenlik plaasvind in 'n atmosfeer waar alle politieke groepe vryelik en openlik kan saampraat." - Zach de Beer, mede-leier van die Demokratiese Party.

"Enigiemand wat sê die Demokratiese Party is 'sag op veiligheid' is sag in die kop. Die DP verkondig 'n redelike en gesonde beleid wat die land se veiligheidsvereistes balanseer met die ekonomie. Van ons kandidate is onder meer die gewese hoof van die lugmag, genl Bob Rogers, 'n gewese generaal in die weermag, genl Wally Black, en verskeie gewese senior offisiere." - Dave Dalling, die DP se woordvoerder oor verdediging.

"As die Konserwatiewe Party gaan probeer om Verwoerd-apartheid - met al sy pyn en beledigings - te laat herleef, sal dit tot volledige en volkome ekonomiese sanksies lei. Die grootste enkele tragedie wat Suid-Afrika kan tref, is dat die Konserwatiewe Party die bewind oorneem." - Peter Miller, 'n uitvoerende lid van die Nasionale Party in Natal.

"In ons harte is daar 'n gebed vir mnr PW Botha en sy gesin." - FW de Klerk, die waarnemende staatspresident en leier van die Nasionale Party.

"Met die verdieping van die verkiesingsveldtog word die NP meer en meer pateties - soos die storm om die Chinese gesin in Pretoria duidelik aantoon. Daar bestaan geen twyfel nie dat mnr Frank le Roux, die hoofsweep van die KP en eienaar van die huis - wat die Chinese gesin beveel het om sy huis te verlaat - 'n rassis is. "Maar vir Pik Botha - en 'n meelopende SAUK - om 'n aanval te kry oor die voorval, is pateties. Wat van die naweek se gebeure, toe die polisie helikopters en honde en padblokkades gebruik hèt om bruin Suid-Afrikaners van die strande af te hou? "Dit is 'n teken van die mórele verval van die NP, waar hulle 'n onderskeid tref tussen 'maklike' en 'harde' verligte standpunte, en dat hulle uit twee monde praat oor so 'n belangrike morele strydvraag in ons samelewing." - Dr Denis Worrall, mede-leier van die Demokratiese Party.

"Mnr Le Roux se optrede is nie 'n weerspieëling van die KP se houding teenoor Suid-Afrika se Chinese burgers nie." - Dr Andries Treurnicht, die leier van die Konserwatiewe Party.

"Wat belangrik is, is nie kleur van 'n mens se vel nie, maar of hy of sy dieselfde tradisies, beginsels en waardes as belangrik beskou." - Dr Denis Worrall, mede-leier van die Demokratiese Party.

"Histories is dit die Nasionale Party wat onderhandeling onmoontlik gemaak het - dié party het apartheid geskep, organisasies verban, en hou leiers in tronke aan." - Wynand Malan, mede-leier van die Demokratiese Party.

(Berig deur Ryk Hattingh van Breëstraat 153, Johannesburg.)


# "Ons bou elke dag brûe, smee nuwe bande






# en beveilig u toekoms."

Agter, van links: Jannie Momberg, B.A.; Denis Worrall, B.A. (Hons ), M.A., LL.B, Ph.D.; Mamoo Rajab, B. Com., LL.B Pierre Cronjé, B.Sc. (Hons.), PR. Eng. Jan van Eck, B.A. (Hons.); Wynand Malan, B.A., LL.B.

Voor, van links: Kobus Jordaan, B.Sc. (Hons.); Errol Moorcroft, B.A. (Hons.), M.Litt.; Pieter Schoeman, B.A. (Hons.) BD, Theo. Drs.; Colin Eglin, B.Sc.; Dene Smuts, B.A. (Hons.).

Die nalatenskap van die Nasionale Party is 'n diep verdeelde nasie. Om blywende vrede en ekonomiese groei te verseker, het ons 'n regering nodig met die geloofwaardigheid, die kundigheid en die vertroue om met almal te onderhandel – van die ANC tot die AWB. Ons het 'n Demokratiese Party-regering nodig.

Die DP is reeds besig om die onderhandelingsproses te bespoedig deur konflik te ontlont en 'n klimaat van wedersydse vertroue en respek te skep.

Maar ware onderhandeling kan eers plaasvind wanneer die inperking op mense opgehef, rassewetgewing afgeskaf en die noodtoestand opgehef word. Ware onderhandeling vereis stabiliteit. Ons sal dus sorg dat wet en orde gedurende hierdie tydperk gehandhaaf word.

Daar is net een manier waarop Suid-Afrikaners hul toekoms kan bepaal. En dis sáám. Deur met mense te praat en na hulle te luister, sal ons ons nuwe nasie bou.

**Beveilig u toekoms. Stem DP**

DP

**Demokratiese Party**


*Een Nasie. Een Toekoms.*

WILSON, KELLER & ASSOC 4952 Uitgegee deur J. Selfe, Roelandstraat 2, Kaapstad

# Shell ondersteun die reg van alle mense om te woon waar hulle wil

**Ons werk om nou 'n verskil te maak.**

# Poëtiese weg deur Suider-Afrikaanse doolhof



Hiëna (illustrasie uit Out of the African Ark deur David en Guy Butler, uitgegee deur Ad Donker)

**The Penguin Book of Southern African Verse; onder redaksie van Stephen Gray, Penguin Books, 1989. Prys nie vermeld. Bespreking deur RYK HATTINGH**

INLEIDINGS tot versbundels het in die verlede al meer reaksie uitgelok as die verse in die bundels. Stephen Gray het klaarblyklik daarvan kennis geneem en in sy inleiding wys hy breedvoerig op die slaggate waarin 'n samesteller kan trap, en waarin samestellers - soos Uys Krige en Jack Cope in The Penguin Book of South African Verse, 1968 - in die verlede ook getrap het.

Gray wys daarop dat die rangskikking van die materiaal deur Krige en Cope vergelykende beskouing bemoeilik, en dat Engels en Afrikaans as Suid-Afrikaanse tale "voorgetrek" is.

Ook hul metodologie, die rangskikking volgens taalgroepe, het die gebundelde digters verder van mekaar verwyder. "They may have been in the same bus, but white English-speakers drove it while blacks had the seats reserved in the back."

Eerder as om die afstande te beklemtoon, dring Gray aan op die verwantskap tussen tale. Hy gebruik die vergelykende metode en toon aan hoe digters uit verskillende agtergronde en klasse in dieselfde tydperk op dieselfde gebeurtenis reageer.

Die bloemlesing is nie uitsluitlik Suid-Afrikaans nie. Soos die titel aandui word die poësie van 'n literêre sub-kontinent, eerder as 'n politieke staat, verteenwoordig: digters uit Suid-Afrika, Malawi, Namibia, Swaziland, Zambia, Zimbabwe, Angola en Mosambiek.

In dié tyd waar die estetika en persoonlike pyn eers 'n bietjie opsy moet staan vir belangriker dinge, sê Gray: "The comparative approach is usually more sociological and historical than aesthetic, and certainly I have chosen more poems which record group, communal, national and international happenings than private pains." Hy sê verder dat die meeste lewende digters nie meer regstreekse toegang tot hul gehore het nie, en dat hulle òf in ballingskap is òf onder dwang verwyder is van hulle aanhoorders. Daarop hoef ons nie in te gaan nie.

Die bloemlesing begin met kanto V van sir Richard Fanshawe se gevierde vertaling van Os Lusíadas van Luis de Camoens, wat volgens oorlewering dié epiese gedig aan die einde van sy ballingskap in Mosambiek voltooi het.

So beskryf hy die ontmoeting tussen die Cabral-ekspedisie - waarvan hy 'n lid was - en die Khoikhoi:

*"The People that this Countrey did possess*
*(Though they were likewise ETHIOPIANS All)*
*Did more of humane in their meens express,*
*Than Those, into whose hands we late did fall.*
*Upon the sandy Beach, with cheerfulness*
*They meet us, and with Dancers Festival.*
*With them, their Wives: And their mild Flocks of Sheep,*
*Which fat and faire, and frisking they did keep."*
(p 16)

Maar dié opgewekte gees onder dié Khoikhoi (én die Khoikhoi) het vinnig verdwyn, soos weerspieël in die Engelse vertaling van dié dierewiedjie:

*The Hyena Addressing Her Young Ones*
*(On her return from a marauding expedition,*
*with regard to the perils she has encountered)*
*The fire threatens,*
*The stone threatens,*
*The assegais threaten,*
*The guns threaten,*
*Yet you seek food from me.*
*My children,*
*Do I get anything easily?*
(p 33)

Maar dit is slegs die begin. The Penquin Book of Southern African Poetry weerspieël die lang en verwikkelde geskiedenis van dié subkontinent, en bied die poëtiese verslae van 'n komplekse Suider-Afrikaanse landskap, vandat die eerste koloniste hul oë op dié "Land's sandie Face" geslaan het tot vandag, waar die digter sê:

*"As long as*
*this land, my country*
*is unpoetic in its doings*
*it'll be poetic to disagree*
(Mafika Gwala, In Defence of Poetry, p 333)

Gray wys tereg daarop dat die bloemlesing net een van vele weë bied deur die doolhof van die geheel: 120 digters, 55 vertalers en 224 gedigte; tradisionele lofgedigte, treursange, krygsliedere, grafskrifte, wiegeliedjies...

Gray se weg deur die doolhof - toegelig met uitgebreide voetnotas, inligting oor die digters, agtergrond tot die gedigte - word ten sterkste aanbeveel.

boeke blad

## Onder redaksie van VICTOR MUNNIK


NUWE BOEKE

TAURUS • 1989

DIE WAARHEID en ander stories
*Harry Kalmer*
In *Die waarheid en ander stories* illustreer Harry Kalmer sy vermoë as prosaskrywer in gestroopte, onderbeklemtoonde vertellings oor ontheemde jong mense in 'n tyd van politieke omwentelings.
**Prys: R15,00 plus avb**

Breyten Breytenbach
Memory of Snow and of Dust
This complex and allusive novel is both a gripping investigation of the South African predicament and also a meditation on exile, betrayal, love and creation.
**Price: R37,00 excl**

LADY ANNE
Antjie Krog
Antjie Krog bekyk die lewe en liefdes van Lady Anne Barnard (1750-1825) uit 'n perspektief van byna twee eeue later.
*Lady Anne* is Antjie Krog se sewende digbundel en haar eerste by Taurus.
**Prys: R18,50 plus avb**

**Beskikbaar by boekwinkels of direk van TAURUS, Posbus 39400 Bramley 2018**


**Prontuit deur Gerrit Olivier**

# Hoekom die boikot 'verwelkom' is

DIE besluit by die Victoriaval-beraad oor die kulturele en akademiese boikot het tot allerlei histeriese aanklagte teen lede van die binnelandse afvaardiging gelei. Woorde soos "sensuur" en "stalinisme" word in 'n refleksreaksie teen ons koppe geslinger.

Dit gaan hier om 'n komplekse aangeleentheid met 'n lang geskiedenis. Ek wil kortliks verduidelik hoe ek die saak sien.

Die boikot is een van die vreedsame strategieë van die ANC om verandering en onderhandeling in Suid-Afrika teweeg te bring.

Isolasie, so lui die argument, dwing die teenparty tot toegewings en 'n gesprek. As 'n mens kyk na wat in die sportwêreld gebeur, lyk hierdie siening onbetwisbaar.

Die boikot is 'n bestaande feit in ons lewens en dit sou volstruispolitiek wees om daarvan te probeer vergeet of te dink 'n mens hoef nie daaroor standpunt in te neem nie. Enigiemand wat onlangs in die buiteland was, sal bewus wees van die kulturele en akademiese armoede wat in ons land aan die ontwikkel is.

Vir enigiemand wat aan die vrye sirkulasie van idees glo - en ek sluit myself hier in - is dit moeilik om die idee van 'n boikot te sluk. Ons woon egter in 'n land waar daar vir die afgelope dekades alles behalwe 'n vrye sirkulasie van idees was. Daar is sensuur, beperkings op byeenkomste, aanhoudings sonder verhoor, huisarres en heelwat meer beperkings op ons vryheid.

In die loop van die tyd was daar duidelike veranderinge in die ANC se boikotstrategie. Die aanvanklike totale boikot het soms tot die verleentheid gelei dat mense wat duidelik teen apartheid gekant is, in die buiteland geboikot is.

'n Moontlike oplossing hiervoor - en ek praat nou oor wat ek meen ANC-denke was - sou 'n selektiewe boikot wees. Maar 'n selektiewe boikot skep twee probleme: dit plaas 'n mens in die aaklige rol van polisieman, en dit is feitlik onadministreerbaar selfs met 'n hele falanks polisiemanne.

Wat die ANC deesdae hieroor sê, is 'n beleid met twee pylers en miskien ook 'n bepaalde ambivalensie. Die ANC handhaaf internasionaal sy standpunt dat die minderheidsregime - nie die land self nie - op alle gebiede geïsoleer moet word (wat in praktyk uiteraard sal meebring dat "onskuldige" mense wat hulle nie met apartheid vereenselwig nie, ook getref mag word).

Hiernaas maak die ANC dit duidelik dat hulle kulturele en akademiese

**Die effek van die ANC-posisie is om mense tot 'n deelname aan die demokratiese bewegings aan te moedig omdat 'n individu op dié manier duideliker blyke kan gee van waar sy simpatieë lê**

bedrywighede wat saamwerk aan die totstandkoming van 'n verenigde en demokratiese, nie-rassige en nieseksistiese Suid-Afrika, nie wil isoleer nie, maar wil aanmoedig ook in internasionale kontakte.

Dis nie 'n suiwer onderskeid nie en die ANC weet dit ook. Hoe dit in die praktyk moet uitwerk, is 'n uiters netelige vraag. Die effek van die ANC-posisie is om mense tot 'n deelname aan demokratiese bewegings aan te moedig omdat 'n individu op dié manier duideliker blyke kan gee van waar sy simpatieë lê.

Hierdie beleid is 'n duidelike voortuitgang en nuansering op vroeëre ANC-standpunte, en dit is myns insiens die rede waarom die binnelandse afvaardiging dit by die Victoriaval "verwelkom" het. Hierdie formulering verplig nie een van die afgevaardigdes om hom totaal met ANC-beleid te vereenselwig nie.

Ten slotte iets oor twee hardnekkige misverstande wat in onkunde en gemaksug gehandhaaf word. Die eerste is dat Lusaka nou vir ons gaan "voorskryf", soos mnr Ton Vosloo dit meen; die tweede dat 'n mens se aanvaarbaarheid deur die een of ander paneel bepaal moet word.

Wat die eerste betref: dit is by die Victoriaval tot vervelens toe gesê dat die ANC nie ons besluite vir ons wil neem nie. Hulle verwag wel dat blankes 'n keuse moet maak, maar hulle hou rekening met die feit dat individue se omstandighede verskil, en dat almal nie op dieselfde vlak van politieke bewussyn verkeer nie.

Die moontlikheid van 'n enkele besluitnemende paneel is nie by die Victoriaval genoem nie, altans, dis nie wat ek gehoor het nie. Wat wel benadruk is, is die noodsaaklikheid van 'n gesprek met demokratiese bewegings, van 'n proses van konsultasie.

Met ander woorde: indien mense binne die land bymekaar kan kom in groeperings wat duidelik in die rigting van 'n nie-rassige demokrasie werk, sal die ANC hierdie konsensus respekteer.

# Poolse leier is gelowige en denker

WARSCHAU - Pole se nuwe eerste minister, Tadeusz Mazowiecki, 62, is 'n oortuigde Katoliek wat sy loopbaan gebou het op 'n lewenslange stryd teen kommunistiese totalitarisme.

Mazowiecki, wat as prokureur opgelei is, is 'n vertroueling en adviseur van die leier van Solidariteit, Lech Walesa. Hy is ook die redakteur van Solidariteit se weekblad, Tygodnik Solidarnosc.

In weerwil van sy posisie in Solidariteit se frontlinie word Mazowiecki beskou as 'n denker eerder as harde politikus. Hy is nie gewoond aan die fel lig van die politieke verhoog nie.

Pole se eerste nie-kommunistiese premier in vier dekades verkies om sy gedagtes op skrif oor te dra. Van 1958 tot 1981 was hy hoofredakteur van die Katolieke maandblad Wiez (Die Skakel). Die simbool wat hy vir die tydskrif gekies het, onderstreep nogal sy karaktereienskap as 'n man wat graag op kruistogte gaan: Don Quixote wat op windmeuelens afstorm.

In sy eerste beleidstoespraak Woensdag het hy onderneem om individuele vryhede te vergroot en die pers vryer te maak. Hy het egter toegegee dat die land se buitelandse skuld voorrang sal moet geniet.

In 1956 het hy die Klub van Katolieke Intellektuele (KIK) help stig wat, nes Wiez, 'n sleutelrol gespeel het in die formulering van 'n strategie vir dialoog tussen die Poolse regering en die opposisie.

Mazowiecki het sy intellektuele standpunte bewys in politieke aksie. Van 1961 tot 1968 was hy 'n Katolieke parlementslid. Hy moes egter die parlement verlaat nadat hy beswaar gemaak het teen 'n golf van anti-semitisme wat deur die regering aangemoedig is.

Laat in die jare sestig en vroeg in die sewentigs het Mazowiecki aan 'n aantal protesbewegings deelgeneem. Sy paspoort is tussen 1974 en 1976 teruggetrek.

In AugUstus 1980 was hy die voorsitter van 'n regspaneel wat geskep is deur die stakerskomitee in die hawestad Gdansk.

Die werk van die paneel was deurslaggewend in die formulering van die historiese ooreenkomste van Gdansk, wat aanleiding gegee het tot die wettiging van Solidariteit, die eerste onafhanklike vakbond in 'n kommunistiese land.

Op 13 Desember 1981 is Mazowiecki in hegtenis geneem en vir langer as 'n jaar aangehou as deel van 'n hardhandige polisie-veldtog ná die afkondiging van 'n noodtoestand.

Mazowiecki is 'n wewenaar en 'n vader van drie. Hy is ook bevriend met pous Johannes Paulus II, ook 'n Pool.

Mazowiecki was een van die hoofargitekte van die ooreenkomste in April wat gelei het tot die wettiging van Solidariteit en die land se eerste semi-demokratiese verkiesings sedert die Tweede Wêreldoorlog.

Maar hoewel hy deelgeneem het aan die politieke debat sedert die ooreenkomste bereik is - insluitende 'n aantal verskynings op TV - wou Mazowiecki nie staan as kandidaat vir die nuwe senaat, wat nou onder beheer is van solidariteit, nie.

Mazowiecki het Maandag op die Franse radio gesê hy hoop om 'n kabinet einde vandeesmaand saam te stel, en herhaal dat alle partye in die kabinet verteenwoordig moet word.

Nog 'n senior leier van Solidariteit, Bronislaw Geremek, het aangedui dat hoewel die kommuniste waarskynlik beheer oor die belangrikste poste soos Verdediging en Binnelandse Sake sal behou, hulle "monopolie" oor nuus in Pole verbreek moet word.

"Hulle het die weermag en polisie en hulle wil dit ook hê, maar hulle kan die nuus nie kry nie," het hy in 'n onderhoud met die Franse radio gesê. "Ekonomiese hervorming kan nie uitgevoer word sonder die proses van demokratisering nie."

Die Sowjet-pers het dié week dapper probeer lyk oor die einde van 40 jaar van kommunistiese oorheersing in Pole, een van die Sowjet-Unie se getrouste bondgenote.

Wat 'n paar maande gelede in Moskou ondenkbaar was, word nou as 'n poging beskou om met 'n koalisie die ekonomiese krisis te oorkom, of as 'n ongelukkige maar "natuurlike" reaksie op die mislukking van die Kommunistiese Party om dieselfde krisis op te los.

Intussen het 'n woordvoerder van die Sowjet-Unie se departement van Buitelandse Sake, Yuri Gremytskikh, dié week weer eens gesê dat die politieke situasie in Pole "'n interne Poolse saak" is.

"Pole is ons buurman en bondgenoot en ons het goeie politieke en ekonomiese verhoudinge." Moskou hoop dat politieke groepe in Pole verantwoordelik sal optree om hul probleme op te los, het hy gesê.

Die media in Moskou het twee dinge onderstreep. Eerstens dat die regeringskrisis in Pole so gou moontlik opgelos moet word, en tweedens dat die kommuniste 'n rol in die nuwe regering moet speel, verkieslik in die departemente van Verdediging, Binne- en Buitelandse Sake om Pole se steun vir die Warschau-verdrag te waarborg. - AFP



Tadeusz Mazowiecki

# *Twintig jaar ná die Praagse lente is dit nog winter...*

PRAAG - Onlustepolisie het dié week 'n skare van 2 000 mense wat in die Tjeggo-Slowaakse hoofstad "lank lewe vryheid" geskree het, uiteengejaag tydens die 21ste herdenking van die onderdrukking van die "Praagse lente" deur Sowjet-tenks.

Hulle het daarin geslaag om die Wenceslas-plein in die hartjie van die stad te bereik ondanks die feit dat veiligheidsmagte in volle sterkte ontplooi is.

Verskeie betogers is in hegtenis geneem, maar dis nie bekend hoeveel nie.

Krete van "lank lewe Pole" en "lank lewe Havel" (die andersdenkende dramaturg Vaclav Havel) is op die plein gehoor voordat die volkslied gesing is.

'n Groep jeugdiges het 'n banier gespan wat gesê het "die Bolsjeviste het met hulle tenks gekom, ons kom met blomme", maar polisie in gewone klere het dit vinnig uit hul hande geruk.

Die inval op 21 Augustus 1968 deur troepe van "die broederlike lande van die Warschau-verdrag" het die eksperiment in liberalisering van Alexander Dubcek kortgeknip en 'n ortodokste kommunistiese leierskap in Praag aan bewind gestel.

Die Tsjeggo-Slowaakse regering het geen kans gewaag nie en groot getalle polisie - mans en vroue in siviele drag - dwarsdeur die middestad van Praag, maar veral rondom Wenceslas-plein, ontplooi.

Die gebied rondom die standbeeld van Wenceslas die Heilige, die hoofheilige en simbool van vryheid van die Tsjeggo-Slowake, is met metaalversperrings amper ontoeganklik gemaak en uniform-polisie met knuppels, handboeie en traangas het op wag gestaan.

Die belangrikste opposiegroepe het die mense gevra om "die strate te bewandel" en 'n stilte van twee minute teen vyf-uur die middag na te kom.

Ander leiers, insluitende Vaclav Havel, het die mense aangeraai om uit die strate te bly en konfrontasie met die veiligheidsmagte te vermy.

Havel het gesê: "Ek weet daar is groot oomblikke in die geskiedenis wat groot risiko's en groot opofferinge verg, maar ek voel dat die tyd nie vandag daarvoor ryp is nie."

Die telefoonlyne van al die leidende andersdenkendes is Sondag afgesny en verskeie opposisieleiers, insluitende Dana Nemcova, 'n woordvoerder van die menseregtegroep Handves 77, kon nie uit hul huise kom omdat polisie hul deure versper het.

Een van die opposisieleiers met wie in verbinding getree kon word, is Jiri Hajek, wat as minister van Buitelandse Sake in 1968 onder Dubcek gedien het.

Hy het gesê dis onmoontlik om te skat hoeveel mense de facto deur die polisie onder huisarres geplaas is aangesien daar omtrent geen kommunikasie bestaan het nie.

Hajek het gesê hy hoop Tjeggo-Slowake volg die raad van Havel en bly tuis.

Die misdiens by die katedraal van Guy die Heilige in Praag is Sondag fyn dopgehou deur die polisie. Elkeen wat die katedraal - wat deur honderde polisiemanne omring is - binnegegaan of verlaat het, is gefotografeer.

In Boedapest het die Hongaarse eerste minister Miklos Nemeth die inval in Hongarye in 1969 veroordeel, hoewel Hongaarse magte ook gehelp om Tjeggo-Slowakye se jong hervormingsbeweging in die kiem te smoor.

Nemeth het gevra vir "waarborge dat 'n inval van buite nie weer kan gebeur nie".

"Niemand moet die mag hê om Hongaarse troepe die land uit te stuur sonder die toestemming van die parlement nie," het hy gesê. - AFP

# Hongarye ook op pad na demokrasie

BOEDAPEST - Die Hongaarse Kommunistiese Party wil verander in 'n sosialistiese party wat "sosiaal-demokratiese en kommunistiese waardes versoen", sê 'n manifes wat hier gepubliseer is.

Volgende jaar word 'n veelparty-verkiesing in Hongarye gehou.

Die manifes vra dat die party "'n geleidelike en vreedsame oorgang moet maak na demokratiese sosialisme ... geskei van alle vorme van Stalinisme".

Die manifes is in die Kommunistiese Party se koerant Nepszabadsag geplaas om Hongarye voor te berei op die eerste veelparty-verkiesing sedert 1947.

Dit, sê Hongarye "sal 'n konstitusionele staat word, gegrond op 'n veelpartystelsel, waar mag sal spruit uit die wil van die mense soos uitgedruk in vrye verkiesings".

Die party sal "die wil van die nasie soos uitgedruk in verkiesings aanvaar maar sal nog 'n sterk invloed binne die regering te bly".

Oor die ekonomie, wat sedert 1987 in 'n krisis is, wil die party "'n markekonomie met verskillende vorme van eienaarskap" hê.

Dit sal staats- en buitelandse eienaarskap, koöperatiewe, en private eienaarskap insluit. Dit op sy beurt sal nuwe vorme van inkomste skep, veral kapitaal en winste van private ondernemings. - AFP

KOINONIA SUIDER-AFRIKA

STREEKS-KOÖRDINEERDER VIR TEMBISA-OMGEWING

Koinonia Suid-Afrika is 'n ekumeniese Christelik gegronde organisasie wat homself beywer om geregtigheid, versoening en vrede in Suid-Afrika te bewerk.
Die model wat ons aanbied om mense voor te berei vir 'n vry en gelyke Suid-Afrika, is dié van blootstelling van individue aan die "wêreld" van ander.
Die nuwe pos - vanaf 1 Oktober 1989 - word geskep vir die omgewing: Tembisa, Alexandra, Kemptonpark, Edenvale, Rabie Ridge en Midrand.
Jou verantwoordelikhede sal insluit die skep van geleenthede om individue en groepe van verskillende rasse aan mekaar voor te stel, hulle te laat onderhandel en verhoudinge op te bou. Die doel is om apartheidstrukture en menslike gedrag te verander.
Vereistes:
1. Goeie administratiewe vermoëns
2. Interpersoonlike bevoegdhede
3. 'n Deeglike kennis van Engels
4. aanpasbaarheid
5. vermoë om in 'n verskeidenheid van situasies te beweeg - die wêreld van swart, wit, religieuse, ekonomie, politiek ens.
Salaris: Die salarispakket - dit sluit in pensioen- en mediese hulpskema, behuising, vervoer en ander voordele - is onderhandelbaar.

Rig u aansoeke aan: Die Direkteur, Koinonia Suid-Afrika, Posbus 1410, Silverton, 0127

Aansoeke moet ons voor 15 September bereik.
Onderhoude sal tussen 15 en 23 September gevoer word.

Afrikaanse Demokrate

Ons eis die onvoorwaardelike vrylating van Mohammed Valli Moosa en ander aangehoudenes

Posbus 93118, Yeoville, 2143

# Somalië vry kliphard na die Russe

DIE regime van president Mohamed Siad Barre van Somalië, wat sy grootste ekonomiese verknorsing ooit beleef, vry kliphard na die Sowjet-Unie en Kuba in 'n poging om sy bande met die Oosblok te herstel.

Barre se seun, generaal Maslah Mohammed Siad, wat ook hoof van die Somaliese weermag is, het pas teruggekeer van 'n tiendaagse besoek aan die Sowjet-Unie.

Ekonomiese en militêre hulp aan Somalië was op die agenda.

Die generaal se besoek aan Moskou is opgevolg deur 'n handelsafvaardiging van die Sowjet-Unie wat vandeesweek in Mogadishu aangekom het vir 'n wye reeks samespreking met hul Somaliese eweknieë.

'n Sigbare spanning heers sedert 1977 tussen Somalië en die Sowjet-Unie nadat die Russe besluit het om Ethiopië te steun in die stryd om die verkryging van die Ogaden-streek.

Somalië het nog altyd aanspraak op die Ogaden gemaak.

Somalië het sy misnoë met die Sowjet-Unie se besluit getoon deur 6 000 Russiese raadgewers en ander personeel uit die land te smyt, alle vriendskapsbande met die Sowjet-Unie te verbreek en hom Somaliese militêre geriewe te ontneem.

Diplomatieke bande is egter nie verbreek nie.

Die leemte wat die Sowjet-Unie gelaat het, is die laaste jare grootliks deur Amerikaanse hulpverlening gevul.

Vlootgeriewe by die strategiese hawe van Berbera en die Golf van Aden is deur die Amerikaners oorgeneem.

Bronne na aan Barre meen egter dat sy geflikflooi met die Russe grootliks te wyte is aan die dringende tekort wat Somalië aan militêre onderdele ondervind. Aantygings van gruwelike mensregte-skendings in Somalië het Amerika in die laaste jare genoop om sy hulpverlening aan dié land te verminder.

Amerika het verlede jaar hulpverlening van sowat R100 miljoen aan Somalië bevries nadat dit bekend geword het dat Amerikaanse voorrade wat vir die behoeftiges bestem was, deur die Somaliese weermag gebruik is in sy heksejag teen uitgewekenes in die noorde van die land.

Siviele onrus het verlede maand die lewens van sowat 250 mense in Mogadishu geëis.

Die regering sê dat linkse godsdienstige fanatici vir die onrus verantwoordelik is.

In die res van die land ondervind die weermag ernstige probleme met drosters uit die Weermag wat uiteindelik rebellegroepe stig om teen die regering te veg.

Westerse diplomate beskryf die toestand as anargie.

Boonop staar Barre en sy regering die ernstigste ekonomiese krisis die afgelope dekades in die gesig.

Banke se geldvoorraad is byna uitgeput, terwyl daar 'n ernstige voedseltekort is. - AFP

# Swapo sal dié uitslag aanvaar

WINDHOEK - As die "ondenkbare" gebeur en Swapo nie 'n tweederde-meerderheid behaal in die November-verkiesing in Namibia nie, sal die gewone politieke onderhandeling plaasvind en Swapo sal nie sonder meer daarop aanspraak maak dat die verkiesing nie regverdig was nie, het Theo-Ben Gurirab, Swapo se hoof van buitelandse skakeling, dié week op 'n perskonferensie gesê.

"Die kwessie van 'n tweederde-meerderheid is buite verhouding opgeblaas," het Gurirab gesê.

"Daar was oorspronklik nie so 'n voorsiening in 435 toe die resolusie in 1978 aanvaar is nie. Dit is iets wat vorm aangeneem het deur Chester Crocker-geïnspireerde onderhandelinge wat in 1982 afgehandel is met die beginsels van 'n grondwetgewende vergadering wat ons aanvaar het en wat ons onderskryf."

Gurirab was in elk geval oortuig daarvan dat Swapo 'n tweederdemeerderheid sou behaal.


Swapo se sekretaris van inligting en publisiteit, Hidipo Hamutenya, het bygevoeg dat Swapo nog nooit op sy eie 'n grondwet wou aanvaar nie.

"Selfs al kry ons 'n tweederde-meerderheid, sal ons steeds die sienswyses en opinies van ander partye, wat die opsie het om aan die grondwetgewende vergadering deel te neem, oorweeg."

Volgens Hamutenya sou Swapo dit verwelkom as ander partye amandemente aan 'n konsep-grondwet wou voorstel.

"Ons wil graag glo dat enige party wat sy sout werd is in hierdie land, 'n paar idees het oor hoe die grondwet daar behoort uit te sien."

Swapo het ook sy eie idees, het hy gesê, "maar ons gaan nie ons idees arbitrêr afdwing nie". - Sapa.



**Theo-Ben Gurirab** *(Foto: John Liebenberg)*

# *Senegal verbreek bande met Mauritanië*

DAKAR - Senegal het diplomatieke bande met sy buurstaat Mauritanië verbreek nadat die Mauritaanse regering besluit het om die Senegalese ambassadeur na Nouakchott uit die land te sit.

Die stap volg op maandelange spanning tussen die twee lande nadat botsings tussen Mauritaniese More en Senegalese verlede April tot die dood van meer as 200 mense en die wedersydse repatriasie van sowat 67 000 mense gelei het.

Senegal was alleen verantwoordelik vir die verbreking van diplomatieke bande, het Mauritanië se minister van inligting, Mohamed Lemine, in 'n telefoniese onderhoud gesê.

"Ons het Senegal se ambassadeur persona non grata verklaar omdat sy aktiwiteite nie versoenbaar was met sy diplomatieke status nie," het hy gesê.

Die ambassadeur, Ousmane Camare, is 48 uur gegee om Mauritanië te verlaat nadat hy persona non grata verklaar is. Hy is daarvan beskuldig dat hy inligting wat die Mauritaanse regering as lasterlik beskou, onder diplomate versprei het.

Mauritanië se minister van inligting het gesê Senegal se besluit om diplomatieke bande te verbreek, was jammer en dit sou die werk van die Organisasie vir Eenheid in Afrika skade kon berokken.

Die huidige OEA-president, Hosni Moebarak van Egipte, het probeer om die situasie te red. - AFP.

# Sendeling sê Mosambiek soek vrede

'N AUSTRALIESE sendeling wat verlede week uit 'n Mosambiekse tronk in Maputo vrygelaat is, sê politieke verandering in dié land het sy vrylating bespoedig.

Ian Grey, 'n sendeling van die Pentecostal-sending, is verlede jaar tot tien jaar tronkstraf gevonnis omdat hy met Renamo-rebelle sou saamgesweer het. Hy was een van vyf buitelandse gevangenes wat ná 'n amnestieaanbieding van die regering vrygelaat is.

"Daar is groot veranderings in Mosambiek en dis duidelik dat die mense vrede soek. Dis duidelik dat dieselfde mense wat my in die tronk gesit het, Mosambiek nou weer aan die gang wil kry," het Grey gesê.

Grey het gesê dat hy goed behandel is, maar wel onderwerp is aan "ondervindings" tydens ondervraging na sy inhegtenisneming. - AFP

NUWE AANKOPE: TSONGA, SHANGAAN & LEBOWA
Kralewerk, mandjies, hout en instrumente
ons koop van die oorspronklike bronne en kan bewys dat alle stukke outentiek is
african magic
spesialiste in Suider-Afrikaanse stamkunsvoorwerpe en volkskuns
rockeystraat 20, bellevue, johannesburg 011 648-4548
9a milkwoodsentrum, plettenbergbaai 04457 32-908

# Ubuntu is wat 'n nuwe Suid-Afrika gaan verg

NOUDAT die twintigste eeu sy einde nader, word ons al meer bewus van die onsekerhede van die volgende eeu. Alle Suid-Afrikaners moet nou besef dat 'n diepliggende transformasie waarvan die eindresultaat nie duidelik is nie, om ons aan die gang is.

Daar is glad geen sekerheid dat ons uit die konfliksiklus wat soveel goedgesindheid in die afgelope twee eeue vernietig het, sal wegbreek nie. Inderdaad, sosiale transformasies is gewoonlik vol konflik en onstabiliteit.

Onlangse voorbeelde daarvan is Teheran in 1979 en Beijing in 1989. En, kan ek byvoeg, Suid-Afrika in die tagtigerjare.

### Dryfkrag

Die tema van Suider-Afrika in die 19e eeu was kolonialisme, die dryfkrag was die wil tot imperiale oorheersing, en die meganisme waardeur gewerk is, was oorlog.

Die tema van die 20e eeu was Afrikaner-nasionalisme, die dryfkrag was die soeke na onafhanklikheid vir die Afrikaner, en die meganisme daarvoor was politieke beheer. Uit die poging om politieke oorheersing te vestig het die wetlike en sosiale stelsel van apartheid gespruit.

Die gevolg van albei was vervreemding, haat en ontbering.

Watter oorheersende dryfkragte voorsien ons vir die volgende honderd jaar?

Sal dit net nog 'n verskyningsvorm wees van enge seksionele selfbelang, wat sy uitdrukking vind in nuwe vorms van uitbuiting en konflik?

Of is daar hoop vir 'n fundamentele ommeswaai na 'n nasionale ingesteldheid van leef en laat leef?

### Verskille

Ek glo dat 'n mens so kan hoop. Suid-Afrikaners kan 'n wen-nasie word as mense hande vat en saamwerk. Maar dit kan net gebeur as ons almal aangevuur word deur 'n gedeelde visie van nasionale sukses wat gegrond is op nasionale versoening.

'n Gedeelde nasionale visie moet twee belangrike doelstellings in hierdie kritieke stadium van Suid-Afrika se geskiedenis bevorder. Eerstens moet dit 'n noodsaaklike verenigende rol speel in 'n gemeenskap wat deur soveel verskille, onverdraagsaamheid en polarisasie verdeel word.

Ons verlede kan ons nie verenig nie - net 'n kragtige visie van die toekoms kan.

### Anker


Tweedens, in 'n tyd van groot verandering moet dié visie 'n sielkundige anker bied.

Die visie moet die onstuimigheid van die oorgangstyd legitimeer, en sosiale energie positief en konstruktief kanaliseer.

Daarsonder kan die sosiale transformasie ontaard in rigtinglose agteruitgang van die hele land, en toenemende konflik.

Maar om die konstruktiewe energie van alle Suid-Afrikaners te mobiliseer sal die visie baie krag moet put uit verreikende veranderings in die denkpatrone van die hele nasie.

**CHRIS VAN WYK, hoof-uitvoerende beampte van Bankorp, het tydens 'n middagete van die SA Instituut van Direkteurs vertel van sy visie van Suid-Afrika as 'n wen-nasie.**



Eerstens is dit nodig om ontslae te raak van die sinisme en pessimisme wat die sieninge van talle Suid-Afrikaners negatief beïnvloed.

Ons moet bereid wees om die ongelooflike te glo, die ondenkbare te dink.

Ons het denkpatrone nodig wat ons aanmoedig en in staat stel om die skynbaar onmoontlike te bereik, en krisis in prestasie te verander.

Ons het 'n byna naïewe, blinkogige optimisme en geloof nodig. Ons moet nooit toelaat dat die foute van die verlede ons van ons selfvertroue beroof nie.

Onlangse gebeure wat 'n besliste invloed op die land se toekoms gaan hê, regverdig hierdie nuwe benadering wat ek bepleit.

Verlede jaar was daar nog swaar gevegte in Angola. Wie kon droom dat daar soveel skouspelagtige vooruitgang in so 'n kort tydjie gemaak kon word, veral wat vredesinisiatiewe in Suider-Afrika betref?

Tweedens moet die toekomsideaal geklee word in terme waarmee alle Suid-Afrikaners hulle kan vereenselwig. Suid-Afrika het duur betaal omdat ons te min energie gewy het aan die vind van 'n gedeelde modus vivendi vir ons onderskeie bevolkingsgroepe. In die eng seksionele benadering van wenners en verloorders in ons nasionale lewe, verloor almal op die ou einde.

Dit is nie toeval dat ons aanhoudend ondertoe gly op internasionele ekonomiese lyste nie.

In vandag se wêreld moet 'n visie goed genoeg geëtiketteer en effektief "verkoop" word. Heelwat van Gorbatsjof se welslae spruit uit die manier waarop hy sy visie bemark het, in die twee aansteeklike trefwoorde "glasnost" en "perestroika".

### Trefwoord

Die visie wat ek wil oordra, kan uitgedruk word in 'n ewe aantreklike trefwoord, wat ook sal werk as 'n lewensvatbare alternatief vir die idee van apartheid. Die woord daarvoor, wat kom uit die Afrikatale, is Ubuntu.

Die beste vertalings van Ubuntu is waarskynlik "menslikheid" of "menslike gesig" of selfs "omgee". Dit verwys in die besonder na die onderlinge sorg en steun tussen die lede van 'n swart familie.

Dit vat my visie van 'n gemeenskap waarin mense, al die mense van ons land met hul ernstige behoeftes, die hoogste voorkeur geniet, saam. Dit omskryf 'n gemeenskap met 'n menslike gesig, wat triomfeer oor seksionalisme en konflik en armoede wat op die ou einde 'n wen-nasie sal produseer.

Ek bepleit nie 'n sosialistiese vorm van Afrika-humanisme nie, of enige regeringstelsel wat gegrond is op regeringsaalmoese of private liefdadigheid nie.

Die verarming wat daaruit spruit is onmenslik en vernederend.

My visie is van ware Ubuntu, van kapitalisme met 'n menslike voorkoms, van 'n regering, 'n sakesektor en werkers-organisasies wat saamwerk in 'n gees van verligte selfbelang om bewustelik nuwe en gelyke geleenthede te skep.

### Vakbonde

As groot maatskappye 'n bewuste poging aanwend om aan klein maatkappye kontrakte te gee, as geld en ander bronne aan onderwys en opleiding toegesê word, as vakbonde hul looneise matig om toe te laat dat werkgeleenthede vir nuwelinge op die arbeidsmark geskep word, wanneer werkers aandeelhouers word, wanneer binnestaanders uitreik na buitestaanders en elke burger wat kan en wat wil betrokke raak by 'n deelnemersekonomie, kry die gees van Ubuntu 'n lewendige uitdrukkingsvorm.

My visie vra vir alliansies, onderhandeling en deelname nie net tussen die regering, die werkers en sakemense nie, maar ook binne elkeen van hierdie belangrike sosiale sektore.

Dit vra om 'n bestuurstyl waarin werknemers die kans kry om hulself uit te druk, om met nuwe idees vorendag te kom.

'n Gemeenskap waarin kreatiwiteit en inisiatief op alle vlakke aangemoedig word, veral ook in ons onderwysstelsel.

In die jongste verlede het van die elemente van so 'n visie stadig begin kristalliseer.

Ons moet dié momentum ontwikkel. Ons moet 'n politieke modus vivendi tuis en met die buitewêreld ontwikkel. Die visie van Ubuntu kan inderdaad net ten volle verwerklik word as die internasionale gemeenskap deelneem as 'n begrypende en konstruktiewe vennoot.

### Konflik

Ons moet dit alles baie gou en baie ingrypend verander. Dink daaraan dat Wes-Europa, na eeue se konflik en geweld, 'n toestand van vrede, samewerking en gedeelde doelstellings bereik het in net tien jaar ná die instelling van die Marshall-plan in 1950.

In 1957 het die Verdrag van Rome gelei tot die geboorte van die Europese Gemeenskapsmark.


Dis dan sekerlik nie onrealisties nie om te verwag dat die instelling van 'n "Baker-plan" vir Suider-Afrika daartoe sal lei dat 'n "Verdrag van Pretoria" of "Verdrag van Lusaka" binne die volgende dekade onderteken sal word.

En dat dit sal lei tot vrede, samewerking en groeiende welvaart dwarsdeur die subkontinent.

### Optimisme

Ubuntu is 'n visie van blinkogige optimisme wat triomfeer oor sinisme, vertroue wat triomfeer oor vrees, mededeelsaamheid oor selfsug, gelyke geleenthede oor diskriminasie, samewerking oor uitbuiting, vrede oor oorlog, eenheid oor verdeeldheid, gesonde verstand oor ideologie, vryheid oor beperings en welvaart oor armoede.

# Dán eers kan jou toekoms begin



**WILLEM HéFER, 'n veteraan in die openbare lewe en kandidaat vir die Demokratiese Party in Johannesburg-Wes, het 'n brief aan sy studente geskryf. Ons plaas die volledige brief**

**DIE toekoms van Suid-Afrika behoort aan die studente. Ek was baie jare gelede ook 'n student. Daarom hoop ek van harte dat daar 'n beter toekoms op u wag, as die "toekoms" wat ek as student gehad het.**

**Ek het my voorgraadse studies by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat begin, en daarna het ek as Rhodesbeurshouer by die Universiteit van Oxford my na-graadse studies voltooi.**

**Ek het met groot verwagtinge by die Suid-Afrikaanse diplomatieke Diens aangesluit en my eerste pos in Londen aanvaar.**

**Daarna is ek na Rio de Janeiro verplaas, waar ek vir vier jaar gelukkig geleef het tussen mense wat geen rasseskeiding ken nie.**

**Hierdie mense was wel in baie groepe verdeel: inkomstegroepe, godsdienstige groepe, kulturele groepe, ens, maar daar was geen rassegroepe nie.**

**By hierdie mense het ek geleer dat die apartheidsideologie, wat ek aan hulle moes verkondig, werklik onsin is.**

**Ek het bedank en ontnugterd na Suid-Afrika teruggekeer om apartheid te beveg.**

**Die lot het egter bepaal dat ek en my geslag ons hele "toekoms" onder die juk van apartheid moes deurmaak. Jaar na jaar het ons posisie verswak. Stelselmatig is ons land en sy mense afgetakel: die waarde van ons geld, die stygende inflasiekoers, die dalende groeikoers van ons ekonomie, onvoldoende werksgeleenthede, ons aansien in die buiteland, binnelandse geweld, oorlog teen ons bure, isolasie op sport-, kulturele en alle ander terreine.**

**Dit was nie altyd maklik vir ons om Suid-Afrikaners te wees nie. Suid-Afrikaners wat trots wil wees dat hulle Suid-Afrikaners is, en wat in vrede met hulle naaste wil leef.**

**Die jare van Strijdom, Vorster en Botha was nie net verarmend nie. Dit was ook afbrekend en verdelend. Ons is die enigste mense ter wêreld wat onder gedwonge en gewettigde rassisme leef.**

**Ek wil vir u 'n beter toekoms toewens as wat my gegun was. Maar my wens sal nie bewaarheid word, tensy rassisme in al sy gedaantes ontwortel word nie. Die Nasionale Party, ondanks sy onlangse "verligtheid" en die mooi woorde van sy Vyfjaarplan, is 'n rassistiese instelling. So lank as wat hulle ons daaglikse lewens beheer, kan ons nie volwaardig mens wees nie.**

**Apartheid, afsonderlike ontwikkeling, eiesake, groepsake - noem dit wat u wil - is die teenoorgestelde van wat daar elders aan ons geleer word: Gun aan ander dit wat jy jouself gun.**

**Ons werwing wys daarop dat die studente van vandag - ons leiers van môre - in groot getalle vir die Demokratiese Party gaan stem.**

**Op 6 September kan u deel wees van 'n stem teen rassisme. As elkeen van ons positief betrokke raak, is 'n langdurige politieke oplossing moontlik. Dán kan u toekoms begin.**

# Die waarheid soos 'n klap teen die skouer

NOU die dag het een van my beste vriende - én 'n kollega - my vrekhard op my arm geklap. Dit was nie 'n kameraadskaplike dagsê nie, nie eens 'n kameraadskaplike betugtiging nie.

> "En daar tref dit my toe soos 'n klap teen die skouer - Ons gemeenskap en sy instellings beskou die vrou bloot as verfraaiing."

Dit was uit woede gedoen en het my groot laat skrik. Dit het my ook onmiddellik briesend gehad. Ek kan dit nie verdra as iemand aan my slaan nie.

Wat die aanval en my daaropvolgende geswolle nekare tot gevolg gehad het, was die hedendaagse agtletter vloekwoord: seksisme!

Ons het gesit en gesels oor 'n persoon wat nie mooi gemaak het nie. Die persoon het ons na my mening in die steek gelaat. My reaksie - in oorsig beskou - was 'n venynige opmerking wat as grap bedoel was. Die persoon teen wie my "grappie" gemik was, is toevallig vet en toevallig 'n vrou.

### "Vettisties"

My opmerking was nie bedoel om haar as vrou af te kraak nie. Dit was eerder "vettisties" as seksisties. Ek sou dieselfde van 'n vet man gesê het. Dit was in elk geval my verskoning.

My aanvaller sê dat dit steeds naakte seksisme was en dít was hoekom sy my geslaan het.

Gelukkig was dit net voor die naweek en ek het tyd gehad om wonde te gaan lek en 'n bietjie na te dink oor my "sonde". Hoekom sou dié liewe vriend van my so heftig te kere gaan, het ek bly wonder. Was dit nie 'n geval van, soos Shakespeare gesê het "methinks the lady doth protest too much" nie?

Die antwoord het ek op 'n onverwagse plek gekry.

Die take away-plekkie om die draai van my af in Brixton is nou nie juis die plek waar jy verwag om Groot Antwoorde te kry nie.

Saterdagmiddag het ek vir my toasted chicken mayonnaise in die Brixton Inn gewag en soos altyd die tyd voor die tydskrifrak verwyl.

Met dié van "jou seksis!" wat nog vars in my kop eggo, vang my oog toe dié twee opskrifte op die buiteblad van 'n nasionale vroue-tydskrif: "Alles wat help vir dik bobene" en "Nuwe dieet in SA: Verslank met lekker kos". In 'n nasionale gesinstydskrif onder die opskrif "Elegante Di in tydlose wit" lees ek toe die volgende: "Wit is die een modekleur wat altyd koel en elegant is, wat die satyngladde vel nog sagter laat lyk, en 'n sonbruining laat gloei. Dis ook die kleur wat op natuurlike wyse 'n sagte lig oor 'n vrou se gesig weerkaats."



MAKLIKER GESÊ

Charles Leonard

> "Dit is oraait as ouens boepense het, maar behoed die vrou wat aanvaar dat haar boude 'n bietjie groot is én tevrede daarmee is."

### Stereotipes

En daar tref dit my toe soos 'n klap teen die skouer - ons gemeenskap en al sy instellings beskou die vrou bloot as verfraaiing. Ek weet feministe sal vir my sê dat dit nou nie juis die revolusionêrste ontdekking is wat ek gemaak het nie, maar as man is jy nie juis elke dag daaraan blootgestel van hoe volmaak - lees "soos 'n model" - die vrou verwag om te wees nie.

In 'n omgewing waar jy vroue as jou gelyke beskou en behandel, val so iets mens nou nie eintlik op nie.

Hoewel dit nou nie juis spreek van sensitiwiteit nie, kan 'n mens seker 'n grappie oor vet maak. Ongelukkig word daar verwag dat die vrou mooi en maer moet wees. Vandaar die sensitiwiteit oor die vroulike liggaam, wat dikwels die slagoffer van seksisme is.

By mans is dié stereotipes nie so diep gewortel nie. Dit is oraait as ouens boepense het, maar behoed die vrou wat aanvaar dat haar boude 'n bietjie groot is én tevrede daarmee is.

Dit is dié mentaliteit wat 'n mens twee keer moet laat dink voordat jy iets sê, hoe onskuldig ook al bedoel. Al klink dit 'n bietjie dik vir 'n daalder, moet jy baie versigtig wees om nie seksisties of rassisties te wees nie. 'n Mens probeer jou taal van rassisme suiwer, en dit is reg so. In 'n oop, demokratiese samelewing - waarna 'n mens streef - hoort so iets eenvoudig nié.

> "'n Nuwe Suid-Afrika moet nie net vry van rassisme en klassisme wees nie, maar ook van seksisme"

### Geen seksisme

Die werklikheid is dat die helfte van só 'n samelewing steeds vroue sal wees. 'n Nuwe Suid-Afrika moet nie net vry van rassisme en klassisme wees nie, maar óók van seksisme. Die snert waarmee vrouetydskrifte, koerante - met "perfekte" meisies in gekrimpte baaikostuums - en ander argaïese elemente in ons gemeenskap ons bombardeer, moet vinnig en seker afgeskud word.

Dit sal van ons 'n baie normaler land maak.

Met dié gewaarwordings het ek en my vriend Maandag ons strydbyle begrawe en nié in mekaar se koppe nie. Ons is nou weer dik, ekskuus, goeie vriende.

# Die metafoor groei oor die buurte van Waterkloof en wit Potgietersrus

DIE spook van "Apartheid is dood" het weer soos 'n ou vertroude gees herrys in die midde van die begraafplaas van die wit Suid-Afrikaanse politiek.

Terwyl magte van alle kante probeer om apartheid finaal te vernietig en met wortel en tak uit te roei, verneem Suid-Afrikaners ewe vertroulik aan die hand van uitsprake van vroomgesig ministers dat dit eintlik nie eers nodig is om so te kere te gaan nie.

"Die Nasionale Party het apartheid die rug gekeer," verseker 'n kandidaat ons by 'n huisvergadering wat deesdae so hoogmode geword het. "Al wat ons nog as nie-onderhandelbaar beskou, is groepsregte."

Goeie hemel, wil 'n mens wonder.

Nou word dit 'n langdradige proses om uit te vind wat beteken hierdie groepregte in die praktyk. 'n Nuttige invalshoek bly die netelige probleem van groepsgebiede, een van die hoekstene van die "ou" apartheidsbeleid.

Toe die kandidaat hier gepols word, verloop die verduideliking op so 'n wonderbaarlike weg dat ek vir 'n tydjie dronkgeslaan na my asem soek.

Nee kyk, verduidelik Mnr die Kandidaat, dit werk nou so. Neem nou hierdie man se huis as 'n goeie voorbeeld.

Hy het hierdie huis (mooi matte, skilderye, 'n kaggel vir die koue, oulike ontwerp) gekoop vir hom en sy gesin. Dit is mos immers sy besluit om nie buitestaanders en vreemdelinge toe te laat om hier te kom inwoon saam met hom nie.

(Die gasheer en gasvrou knik instemmend: 'n man se huis is immers sy paleis.)

Ek wag vir die vervolg van die argument, maar die kandidaat bly stil.

"En?" vra ek uiteindelik.

"En wat?" wil hy by my weet.

"En wat het dit met aparte woongebiede te doen?"

Die toepassing van die beeld slaan my uit die veld.

Want sonder enige probleme sien die spreker die metafoor uitgroei oor die buurte van Waterkloofrif en van wit Potgietersrus.

"Die wit woonbuurte is die huis van die wit huisgesin, die groot omvattende wit huisgesin, en as hulle wil besluit om nie vreemdelinge onderdak te bied nie, is dit immers hul goeie reg."

Selfvoldaan sit hy terug. Die huisbaas en die groepie goeie Nasionaliste sug verlig.




"En by wie het julle daardie 'huis' gekoop?" vra ek moerig. "En hoeveel het julle daarvoor betaal?"

Daar's 'n slegte stilte.

"Of hoeveel miljoen is julle hier van hierdie dorpie bereid om vandag vir julle eksklusiwiteit te betaal?

"En dan sê julle nog apartheid is dood!

Hy staan dakhoog met dubbelbaksteenmure en 'n hoë heining binne die hart, met kaart en transport en die hele boksemdaais ellende en al."

Vrye Weekblad

# Speel met vuur

Tydens verkiesingsveldtogte oral in die wêreld is politieke partye geneig om soms oorboord te gaan met retoriek en opgeblaasde beloftes. Suid-Afrika is geen uitsondering nie.

Maar die regerende Nasionale Party gaan darem nou te ver.

Die demonisering van leiers en groepe en bewegings wat waarskynlik die meerderheid Suid-Afrikaners verteenwoordig, het tydens die NP se veldtog 'n nuwe histeriese hoogtepunt bereik.

Dit is die enigste stok wat die NP dink hy het om die Demokratiese Party mee te slaan: assosieer die party met die breë demokratiese beweging en by implikasie met die NP se grootste gogga, die "SAKP/ANC-alliansie".

Ons is bly daar is uiteindelik 'n blanke politieke party wat primêr klem lê op die buite-parlementêre politiek; 'n party wat inderdaad in kommunikasie met dié groepe is. Ons glo Suid-Afrika gaan die Demokratiese Party eendag nog baie dank verskuldig wees dat hy in dié dae besluit het om eerder brûe te bou as om op 'n onverskillige, goedkoop manier 'n klomp wit stemme in te samel.

Maar die regering gaan verder as woorde.

Met sy brutale optrede die laaste week het die regering dit aan die stemlose massa duidelik gemaak: julle het nie die reg om vreedsaam te protesteer daarteen dat julle nie deel mag hê aan die liggaam wat julle regeer nie. Probeer dit net, en ons sal julle met geweld begroet en in die tronk stop.

Het die geskiedenis nie geleer dat as vreedsame protes verbied word, geweld die enigste uitweg word vir frustrasie nie?

FW de Klerk se besoeke aan Zambië en Zaïre is holle publisiteitsfoefies as hy nie eens bereid is om sy eie landgenote in die oë te kyk nie.

En hy en sy kollegas se mooi-klinkende woorde oor 'n vreedsame, demokratiese toekoms klink meer na gevaarlike leuens as 'n mens dit met hul dade vergelyk.

## Kom ons probeer weer

Menige politieke aktivis gaan waarskynlik in die volgende weke skelmpies op Saterdae voor sy TV-stel sit om die internasionale span teen die Springbokke te sien rugby speel.

Dit is te verstane.

Suid-Afrika is 'n sportland met 'n klimaat wat hom uitstekend daartoe leen.

Boonop het sport soveel potensiaal om mense oor verskille heen te verenig en 'n nasionale trots te help kweek.

Daarom is dit so jammer dat ons ook op sportterrein konflik het en volgens kleur verdeeld is daaroor.

Sal dit nie wonderlik wees in dié dae van internasionale sporttoere as die sportbase in die establishment en dié in die breë demokratiese beweging nuwe inisiatiewe begin om bymekaar uit te kom nie?

# So sê hulle . . .

"Blykbaar is dit reg as swartes uitgeskop word, maar verkeerd as dit blankes is." - Wynand Malan met verwysing na die Groepsgebiedewet en die NP se kritiek op Frank le Roux van die KP se dreigement om 'n Taiwanese gesin uit 'n huis in 'n blanke woonbuurt te sit.


"Wat die NP sê en doen, is twee verskillende dinge." - Dr Denis Worrall.

"As ons voortgaan om mense volgens hul velkleur te beoordeel, sal die land die afgrond ingaan." - Genl Magnus Malan.

"My benadering is dat ek en my kollegas in die Frontlinie-state moet help om die strydende groepe in Suid-Afrika met mekaar te laat praat." - Dr Kenneth Kaunda van Zambië.

"Wie rig padversperrings op, wie gooi klippe na voertuie? Die polisie is nie by wanneer dié dinge gebeur nie." - Brig Leon Mellet, perssekretaris van die minister van Wet en Orde.

# Soek die verskille... en wen 'n Casspir




# Dink eers, stem dan

**Marius Meyer van Hill Chama Hof 11, Lancasterweg, Kenilworth skryf:**

Met die oog op die algemene verkiesing wil ek 'n beroep op stemgeregtigdes doen om deeglik te besin voordat hulle gaan stem.

Jou keuse kan een van die volgende twee uiteenlopende gevolge hê: òf Suid-Afrika se toekoms kan gered word, òf dit kan in algehele chaos gedompel word.

Die geloofwaardigheid al dan nie van die verskillende beleidsrigtings moet deeglik in oënskou geneem word. 'n Mens hoef nie vindingryk te wees om te besef dat die KP se beleid van partisie die hele Suid-Afrika in 'n Nasionale Boksburg sal omskep nie.

Die grootste tragedie is egter dat die Nasionale Party tot nou toe nog daarin slaag om die waarheid van die werklike situasie in Suid-Afrika vir die meeste blankes weg te steek. Dié sogenaamde vyfjaarplan is niks anders as 'n beklemtoning van groepsgebondenheid - apartheid dus - nie. Van die NP se hervormingsbeloftes het daar nie veel gekom nie.

Die NP se hele beleid draai om die beskerming van blanke minderheidsregte (bo die van die meerderheid). Dit wys dat apartheid 'n menslik onlogiese en onregverdige stelsel is.

Hoe kan meer as 70 persent van die bevolking stemloos gelaat word? Hoe kan die oorgrote meerderheid van die bevolking minder as 15 persent van die totale oppervlakte van die land bewoon? Op dié oomblik is daar 'n tekort van 1 000 swart skole terwyl 71 wit skole die afgelope vyf jaar toegemaak is. Dit alles dui op onregverdigheid.

Apartheid het ook te duur geword. Weens die oormatige staatsuitgawes, wanbestuur, korrupsie, disinvestering en lae produktiwiteit (alles as gevolg van apartheid) is ons land in 'n ekonomiese krisis gedompel.

Wat onderhandelinge betref, is dit duidelik dat die regering niks daadwerklik sal doen nie. Ons is moeg vir "fruitful discussions" en "a step in the right direction".

Dit is polities naïef om te beweer dat die ANC eers geweld moet afsweer voordat daar onderhandel kan word. Dis soos 'n stout kind wat sê: "Ek praat nie weer met jou nie, want jy maak my seer." Die rede vir die geweld, naamlik apartheid, moet afgeskaf word.

Alle eer aan sportlui, politici en sakemense wat pogings aanwend om 'n revolusie in SA te probeer verhoed. As die NP nog langer aan bewind bly, sal 'n bloedbad met ontsaglike verlies aan menselewens en hulpbronne onafwendbaar wees.

Dit is duidelik dat Suid-Afrika 'n nuwe regering nodig het. Die Demokratiese Party het die visie, beleid en mense om 'n nuwe Suid-Afrika te kan bou. Die verkwistende apartheidswette sal afgeskaf word wat 'n ekonomiese opbloei tot gevolg sal hê. Internasionale isolasie sal beëindig word. 'n Handves van Menseregte sal mense se regte beskerm en uitbuiting voorkom. Gelyke opvoeding sal verseker word.

Sodoende sal Suid-Afrika een nasie met een toekoms wees en weer sy regmatige plek as strategiese moondheid in die wêreld kan inneem.

## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

## Taaibos en teer

**Wayne Mudge van Stellenbosch skryf:**

Re: Anton Steenkamp's column 'Makliker gesê' (Vrye Weekblad, 11 August)

In 1987 I was a first year student in the residence Huis Taaibos at UP. I would like to refute Mr Krappies Els's allegation that these events have been exaggerated.

These events are very similar to those that I had to live through in 1987. At the end of the night (3 am) my chest was covered with tar, I also had tar under my arms. There was also paint on my hair and paint covered various parts of my body. In the end I had to go to a friend in another residence who went out to buy petrol as this proved to be the only way to remove the paint and tar from my body. I have a photograph to illustrate this and a certificate that stated I was now a "volwaardige lid" of Huis Taaibos.

I still find this degradation of people totally unacceptable and symptomatic of this country where people are socialised to assert their authority through violent actions.


I am prepared to give you a detailed account of what happened to me.

## Die Kaap weet ook

**R de Villiers van Observatory skryf:**

Om die liedjie op sy kop te draai: "Van bo in die Noorde tot in Kaapland ruis daw-erend en luid die akkoorde."

Geluk met jul suksesvolle hofaansoek



teen die arrogante NP. Só het die Cape Times (11 Augustus 1989) se spotprenttekenaar jul welslae uitgebeeld.

## Steeds hou dit aan...

**Johann de Lange van Pretoria skryf:**

Aftelrym (na James Fenton)

Een man wuif vir die wat groet.
Twee bly oor, besmeer met bloed.

Een man volg net sy eie advies.
Drie mans betaal vir die verlies.

Een man onderskryf geweld.
Vier mans moet dit ontgeld.

Een man sekondeer die skoot.
Vyf mans sneuwel, vyf lê dood.

Een man breek huise af.
Ses mans lê in 'n massagraf.

Een man het oor niks berou.
Sewe mans sal dit altyd onthou.


Een man gaan terug op sy woord.
Agt mans is skuldig aan moord.

Een man finansier sy drome.
Nege sterf, nege jong fantome.

Tien teen een hou die onreg aan.
Een man teen tien, en steeds hou dit aan.

*Vervolg op bladsy 22*

# Harry die Strandloper het drie maal in sy graf omgedraai...




**Só sien Newsweek ons nuwe waarnemende staatspresident. Brolloks kan maar net sê: Amen.**

DAAR was nog min gebeure wat die ware karakter en paranoïa van ons regeerders so mooi uitgebeeld het as verlede naweek se absurditeite by die Strand en Bloubergstrand.

En lank laas het één man in só 'n kort tyd só goed daarin geslaag om 'n hele land se naam só gat te maak soos Adriaan Vlok.

Dink net só daaraan: Jy sit in New York of Frankfurt of Jerusalem of Timboektoe en jy sien die volgende toneel op TV:

Kilometers pragtige, oop strande word afgekamp. Net duskant die lokkende blou branders loop swaar gewapende polisiemanne met kwaai honde rond. 'n Polisie-helikopter vlieg soos 'n besige naaldekoker heen en weer. Oral in die strate voor die strand is daar hordes polisiemanne met raserige radio's en flitsende blou ligte.

'n Aanslag van 'n bose vyand van die see se kant af? 'n Amfibiese invalsmag wat op pad is?

Nee, net 'n klomp landsburgers van die omgewing wat wil kom swem.

En dié wat toe Blouberg toe is en dit tot op die spierwit sand gemaak het, word met knuppels opgeneuk.

* Die ironie van ironieë is dat 337 jaar gelede hierdie einste strande behoort het aan 'n Khoi-leier wat die Hollanders Harry die Strandloper genoem het. En baie van die mense met die bruin velle wat toegang geweier is en dik geslaan is, is juis afstammelinge van Harry!

## Innocent victims nogal

Tweede prys vir naamgatmaak gaan vandeesweek aan Frankie le Roux, hoofsweep van die KP wat die Taiwanese gesin uit sy huis wou skop.

Maar eintlik kon 'n mens dit van die KP verwag. Ons weet mos almal Le Roux en al sy kollegas is opperste rassiste.

Wat 'n mens 'n siek gevoel op die maag gegee het, was die Nasionaliste en die SAUK se hoogheilige geskreeu daaroor. SAUK-TV het die arme Chinese in 'n nuusbulletin tot "innocent victims" genoem.

* Innocent victims waarvan? Wie het die wette gemaak wat Nare Frank toepas? En wie hou dit nog op die wetboeke?

## Wie ís Seabrooke?

Baie motoriste het Donderdagoggend dié vraag gevra toe hulle dié geheimsinnige plakkaat in Johannesburg-Wes opmerk. Wie ís Seabrooke?

Die plakkaat het nie 'n naam en adres onder-aan gehad nie, toe mos Brolloks maar self speurder speel.

Seabrooke, blyk dit, is Christopher Seabrooke, voorsitter van SA Bias Holdings. Dit blyk ook dat hy

**Wat gaan hier aan?**

**WHO IS SEABROOKE?**

vir adjunk-minister Roelfie Meyer 'n hele paar sent vir sy verkiesingsveldtog gegee het.

Maar hoekom die plakkaat? Wat gaan aan?

* Wat van 'n paar antwoorde, Roelfie?

## Stuur waarheen?

Oorspronklikste plakkaat van die week aan die DP in Hillbrow: Send your candidate to parliament - not to jail.

## Dit rol in die rande

Weet nie eintlik wat elders aangaan nie, maar hier in Egoli is die Nattes besig om gróót geld in die verkiesing te blaas.

* Voor in die koor staan Slim Glennie Babble wat glo by die halfmiljoen het om Wynand Malan in Randburg te probeer lig. Tussen hom en Pik Botha in Westdene en Roelfie in Johannesburg-Wes trek die begroting glo oor die miljoen Rand!

**Brolloks**

## 'n Naam vir Vaalseun

Brolloks se kompetisie vir 'n naam vir FW de Klerk loop mooi. Hier is van die inskrywings sover.

David Coetzee van Bereapark in Pretoria stel voor Hotnotsgot "omdat hy goed by sy omgewing inskakel, doodstil kan sit en wag en tog blitsvinnig kan toeslaan as die geleentheid hom voordoen." David se ander voorstelle is Likkewaan en Aasvoël.

Rod Stewart van Durban sê Pinokkio is dalk gepas - "ek wil graag sy neus oor 'n jaar of wat sien." Sy ander voorstelle is Jellievis, Great Pretender en Janus ("genoem na die hond met die twee koppe in die Griekse mitologie.")

JH Kroeze van Potchefstroom wil hê FW moet bekend staan as die Kansgans (soos in "Gee FW 'n kans"). Hy sê dit rym selfs lekker: "Kansgans raak hans, of Kansgans se eierdans, of kansgans se lewe saans."

Chris du Preez van Vereeniging laat weet kort en bondig: "In die lig van die man se glibberigheid, hoe klink Paling de Klerk of Vis de Klerk?" Hy sê 'n mens sou ook kon sê "FW" staan vir "For Worse".

John Grobler van Westdene, eintlik 'n Namibiaan, sê hy dink aan FW as 'n Geronkie. "Dit is wat ons in Suidwes ken as 'n halwe giraffe, halwe donkie - long on promises, short on delivery."

* Laat hoor maar nog. Daar is 'n hele paar rand op die spel. Die adres is Brolloks, Posbus 42637, Fordsburg 2033.

# Sy Selfvoldaanheid gaan dié gety nie keer

VRINDE, so moet 'n bek praat! Madam de Klerk se man beoog 'n Suid-Afrika waar almal eersteklasburgers is, en wat wil jy nou meer.

Dit is natuurlik 'n veelseggende sentiment, want daarin lê die verskuilde erkenning dat daar tweedeklasburgers in onse geweste is, iets wat die apartheid-merchants veertig jaar lank met murg en bloed (ander se bloed meestal) ontken.

Maar wat doen 'n mens nou om so 'n pragtige ideaal te verwesenlik? Dit lyk vir Egbertus of daar in die prominente kop van ons nuutste en dalk kortstondigste heerser dalk 'n resep is vir die brou van eersteklasburgerskap.

Eerstens moet jy die strande wit hou, dis immers Godgegewe en kan nie sommer so aan eersteklas-burgers afgestaan word nie. Want sien, daar's eersteklas-burgers graad een en eersteklas-burgers graad twee, so 'n bietjie Nat-speak en jy stel almal tevrede. Maar hoe gaan 'n verkrampte soos FW wat in 'n image van verligtheid geklee, te werk om die strande wit te hou?

Subtiel, natuurlik, sodat almal kan sien hoe die soort ding met deernis uitgevoer word, soos met die groepsgebiede-besigheid ook. Egbertus skets vir julle die toneel by die Strand, 'n Afrikaner-paradys vir dié wat wil aftree en hul identiteit wil behou. Dit wil sê, 'n oord vir wit Afrikaners.

Die Strand se strand is ontsettend wit, jy het eintlik 'n donkerbril nodig wanneer die son helder skyn, anders word jy verblind: elke paar tree loop jy in 'n bordjie vas wat jou daaraan herinner dat die strand net vir die uitverkore, eersteklas-graad-eenburgers, die gee FW 'n kans-burgers bedoel is. Just in case.


'n Mens weet nooit of jy dalk so in die loop te bruin gebrand het nie. As jy het, moet jy seker maar die aftog blaas, anders word jy oorval deur 'n hele verskeidenheid rampe, op voorskrif van Staatmaker Vlok, met volle ondersteuning natuurlik van die heerser.

So lyk 'n Saterdagmiddag op die strand: elke 100 meter van die 4 kilometer lange strand staan twee soldate met gewere op die sand. Onnodig om by te voeg dat die soldate wit is, ons kan tog nie die weermag se veelgeroemde oop beleid op God se eie wit strande gaan toepas nie, of hoe?

Redelike mense, ons, en Godvresend boonop. Die strand wemel van polisiehonde wat kamtig opgelei word. Die pad bo die strand word deur polisievoertuie gepatrolleer, en die lug daarbo deur 'n helikopter, net ingeval 'n swart wese vanuit die ruimte daar sou neerstryk.

Padblokkades word opgerig. Sou dit wees om diewe en moordenaars en dwelmskurke vas te trap? Of sluipmoordenaars wat op nabygeleë Stellenbosch hul beroep beoefen?

A nee a, geliefdes, ons manne in blou het tog dringender prioriteite as dit. Ons apartheidswette is immers daar om beskerm te word. Mens kan tog nie sulke misdade oogluikend toe laat nie, die wêreld se oë is op ons gevestig, en ons moet standaarde handhaaf. Is apartheid nie histeries snaaks nie? In die verte staan 'n




Egbertus Klaagvoort

koddige eierkop-figuurtjie, soos 'n groot grondboon, rondepuntskoene in die vlak watertjies.

Onder die een arm klou dit kram-pagtig aan 'n Bybel vas, Christelik mos, en die ander hand wuif die brandertjies terug soos King Canute van ouds. Die nuwe heerser, sy bewind nog maar bewend, so nuut is hy, en die spook van 'n heerskappy nog korter as dié van Pous PJ is alomteenwoordig.

Daar staan dit: selftevrede met die nuwe resep vir die triomf van die groepsgedagte. Hy sal dalk nog die branders kan terugdraai, in ons land het selfs 'n waarnemende president mos hierdie mag onder die grondwet, maar Egbertus meen Sy Selfvoldaanheid het hier te doen met 'n ander soort gety wat nie vir hom gaan luister nie.

Nou ontstaan daar mos twee vrae: sou honde meer geredelik op strande toegelaat word as minder wit eersteklas-burgers? Soos destyds in die poskantoor toe geleerde honde hul wit meesters se pos deur die blanke ingang kon kom aflewer, terwyl geleerde swartmense hul wit meesters se pos by die agterdeur moes inbring.

Ons is terug by daardie dae, lyk dit my. Die gebasuin oor Boksburg en Chinese puzzles ten spyt, die Party is verstrik in die apartheidsgedagte. Soos Madam se man sê, ons praat al twintig jaar lank nie meer van "apartheid" nie; maar what's in a name? Ons het nog nooit 'n tekort aan name gehad vir hierdie veragtelike beleid nie, solank ons maar die wêreld kon bedrieg.

## Nou's dit die groepsidee. Foei tog.

Iedergeval, die ander ding waaroor mens wonder, is hoe enige regdenkende nog in die Kaapse see wil swem. Onlangse onthullings noop Egbertus tot die slotsom dat dit meer verkwiklik is om in jou toiletbak te swem.

Askies, Moeder sê sy't my nie so grootgemaak nie, toiletgrappies is vir predikante en ander vromes, soos ministers.

Soos ek hier skryf, vrinde, lees ek dat die finishing touches vir die nuwe groot resep aangebring is: twee mense is in hegtenis geneem en gaan met die volle geweld van die kriminele proses vervolg word omdat hulle by die Strand geswem het. Gee FW 'n kans, toe?

Regvaardiges, Miesies Klaagvoort sit hand in die hare met die Chinese kwessie in die koeksistergilde. Kyk, dis mos 'n volksvreemde gedoente, culture shock en als. Al ooit 'n Chinese koeksister gesien?

Nou ja, uitsetting van die oosterse invloed lyk aangewese, maar wat as dit die internasionale koeksisterverdrag oortree?

Nou sê die Ministers van Buitelandse Gekonkel boonop dat dit onse land vreeslike skade kan berokken in die buiteland, en ons weet mos almal hoe danig is ons met Taiwan, is dit dan nie hulle wat al ons plastiekmedaljes maak wat so mildelik uitgedeel word nie?

Maar dit kan tog seker nie werklik skadelik wees nie, meen moeder, want dan sou die minister mos dieselfde beswaar uitgegil het oor vervolging van swartmense wat op wit strande swem; en van off-whites wat in hul eie kiesafdeling wil woon; hy sou sekerlik ook ewe luid beswaar gemaak het oor die derduisende anderskleuriges as hy wat uit hul woonplekke gesit word en al die gesinne wat die massa verskuiwinge ontwortel word.

Daar moet tog iewers 'n logika indien nie 'n einde nie, aan die huigelary kom? Kom tyd, kom raad, dis nog iets wat Miesies Klaagvoort by die NP geleer het. Die probleem is net dat die koeksisterprobleem so drukkend is, dat daar nie tyd vir raad is nie. Was dit maar iets so triviaal soos grondwetlike krisis, mompel sy.

'n Sappigheidjie wat die nuwe heerser oor TV laat val het, is dat "differensiasie waardeur die een nie swakker daaraan toe is as die ander nie, is nie apartheid nie." Haai, is dit dan nie die gediskrediteerde ou separate but equal doctrine nie? Old style apartheid, sê Moeder, en sy sal weet, want sy was mos maar altyd daar.

# Vrae oor die KP se beleid van partisie

**JH Labuschagne van Posbus 50701, Wierdapark skryf:**

Hoewel dit moeilik is om altyd die volle detail en implikasies van beleid uit te spel, is dit in die stadium van die verkiesingstryd noodsaaklik dat sekere kritiese afleidings en implikasies van die Konserwatiewe Party se beleid van Partisie/Blanke Tuisland nou geverifieer word. Daar word dus onomwonde aan die KP gevra of sy beleid in dié verband onder andere die volgende impliseer:

1. Resorteer alle bestaande RSA-grond, dws uitsluitende die van die onafhanklike tuislande, maar insluitende alle grond wat tans deur anderskleuriges (Kleurlinge, Asiërs en Swartes) bewoon word, tans onder die soewereine jurisdiksie van die blanke kamer van die huidige driekamerparlement (of toekomstige (KP) parlement)?

2. Word die blanke kamer van die huidige parlement tans as die enigste wettige oorhoofse kaart-en-transporthouer van alle RSA-grond beskou?

3. Word die RSA-grondgebied in sy geheel tans as die Blanke Tuisland beskou wat, met die toestemming van die huidige asook vorige blanke parlemente, ook deur vele ander volkere en rassegroepe bewoon word wat egter nie oor volwaardige mense- en nasionale regte beskik nie - dws 'n soort bywonerskap wat aan hierdie volkere/rassegroepe toegestaan is?

4. Word die huidige grondregstelsel in die RSA as onbevredigend of selfs as amateuragtig beskou wat dringend meer ordelike konstituering vereis wat onder andere die volgende kan behels:

- Dat die grense van al die bestaande wit, bruin, Asiër en swart munisipaliteite/dorpe/distrikte finaal gedefinieer word en as basis vir die heffing van 'n nuwe soort grondbelasting gebruik word synde 'n huurgeld wat deur die okkuperende groep aan die sentrale (blanke) regering betaalbaar is in ruil vir die bewoningsvoorreg?
- Dat die sentrale regering oor die soewereine reg beskik om, waar nodig geag, okkupasievoorwaardes, bv rakende toelaatbare gebouekomplekse, ekonomiese bedrywighede, maksimum toelaatbare bevolkingsdigthede ens aan elk van die munisipaliteite/dorpe/distrikte wat onder sy jurisdiksie val, gesamentlik of individueel voor te skryf?
- Dat die okkuperende groep van enige van die gemelde munisipaliteite/dorpe/distrikte, wat deel van die RSA (dws die Blanke Staat) uitmaak, op enige stadium by die sentrale regering aansoek kan doen om onafhanklikheid waartydens daar oor 'n koopsom vir die betrokke grondgebied ooreengekom kan word sou die sentrale regering so 'n aansoek gunstig oorweeg? Dat 'n vetoreg in hierdie verband egter aan die blanke nasie gegun word deur die kwessie aan 'n blanke referendum te onderwerp indien dit blyk dat 'n aansienlike protes teen sodanige onafhanklikheidstoekenning bestaan?
- Dat volkome onafhanklike stadstate (bv die Vatikaan) asook meer onafhanklike tuislande (bv die Ciskei) tov Kleurling-, Asiër-, swart- sowel as blanke grondgebiede, hul beslag in Suider-Afrika as volwaardige buurstate van die RSA kan kry?
- Dat 'n werkbare vorm van grensbeheer (paspoorte, visas ens) tussen die blanke staat en sy anderskleurige huurgebiede sowel as onafhanklike buurstate ingestel sal word?

## Besorgde Duitser

**Herman Haack, Wes-Duitse Parlementslid, skryf:**

Hiermee 'n afskrif van 'n brief wat ek aan mnr FW de Klerk gestuur het:

I'm very concerned about the arrest of rev ZC Nevhautalu on the 15th of August 1989. I would be very grateful if you could tell me where he is being held and what is the legal basis for his detention.

Please take care that Mr Nevhautalu is not being subjected to torture or ill-treatment while he is in custody either of the South African Police or of the Venda Security Police.

In the name of the humanity he should be granted immediate access to legal counsel and to visits from his family. You are required to release Mr Nevhautalu immediately and unconditionally if he is not brought to trial promptly and if he is not fairly charged on recognizable criminal charges.

# Vrye Weekblad

# KLEINADVERTENSIES

**Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan**

**Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Gwynne of Karien (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.**

## PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede sê: Frank le Roux, die wêreld kyk na jou met skrefiesoë

Internasionale penvriende: Ons klub het nou 160 000 lede in 153 lande en ons verskaf 'n penvrienddiens aan 'n ieder en 'n elk. Om nadere besonderhede skryf aan Johan van der Schyff, Posbus 128, Welverdiend 2700

Sterkte, fabulous Flippie. We shall overcome en onthou net altyd hoe wonderlik dit is om bymekaar te wees

Die Bleskoppe teen Apartheid sê KK moet Lifebuoy gebruik as hy volgende week die waarnemende bleskop se kop was

Ons hoop jy is met jou volgende verjaarsdag met ons, Kathy. Van 'n paar kamerade

## WOONPLEK

Huis te huur

Groot semi, 2 slaapkamers, tuintjie met avokadoboom in De Waterkant, Kaapstad. Onmiddellik te huur teen R720 per maand. Skakel mej Van Biljon (021) 25-4850 bylyn 2282 bedags

*Melville:* pragtige reggemaakte drieslaapkamerhuis te koop. R125 000 ona. P Kruger (w) 716 5654 (h) 487 1239

Pretoria: soek persoon om huis te deel op goed geleë plot. Vanaf 1 Oktober. Huur R290. Bel Patsy (011) 862637

## DIENSTE

Oud-Maties

As jy nog as 'n kieser in Stellenbosch geregistreer is, kontak die Demokratiese Party vir 'n pos- of spesialestem. Tel (02231) 72105

## Vrye Weekblad

Ons lesers is ingelig. Hulle léés Vrye Weekblad. Om meer uit te vind hoe om in ons spesiale bylaes of by fokus-artikels te adverteer, bel Gwynne Bramley-Wray, advertensiebestuurder, by (011) 836-2151

Kitaarlesse deur Deon Maree - skrywer van die gewilde boek KITAAR: leer self speel. Tel 648 8032

Drawing Lessons: Learn to draw through an exciting drawing program with regular small classes, personal tuition and reasonable rates. Tel Alan (011) 837-4830

Meditasie. Nie verbonde aan 'n spesifieke geloof nie. Agt lesings en begeleide meditasie. Skakel Thomas (012) 788-5211 of Madi (012) 73-3578 (h)

Afrapix. Ons dupliseer kleurskyfies en beskik oor 'n swart/wit-donkerkamer. Dié geriewe teen redelike tariewe. Skakel (011) 643 1654

Diensplig Adviesdiens. Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56 1483, Pretoria (012) 320 2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Methodiste Kerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Ons begin met 'n opleidingskursus vir nuwe lede vanaf 20 September 1989. Ons benodig veral vroue wat Afrikaans en/of enige ander Afrika-taal kan praat. Bel POWA voor 11 September vir verdere inligting (011) 642 4345

Soek vertaalwerk. Engels na Afrikaans. Redelike tariewe. Bel Annemarie by tel (011) 836 2151 (w) of 726 2285 (h)

Spesiale Aanbod: Stoomskoonmaak van Tapyte en Stoffeersel. Laat jou drie slaapkamers, sitkamer, eetkamer en gang of ses stuk sitkamerstel professioneel diep stoomskoongemaak word vir net R55. Plus gratis vlekverwyderaar en reukverweerder. Skakel: (011) 724 0784

## GEBEURE

Woensdag 30 Augustus. U word uitgenooi om u wegneemete na die USIS-Ouditorium, 3e vloer African Life-gebou, Commissionerstraat 111, Jhb te bring vir middaguurvideo oor: Dance Black America

Concerned Social Workers se algemene jaarvergadering. Onderwerp: Dra maatskaplike werketiek by tot 'n demokratiese Suid-Afrika? Woensdag, 30 Augustus om 5.30 nm, Senaathuis 5, Wits. Navrae (011) 716-3398

Step Teen: Systematic Training of Effective Parenting of TEENS sal vanaf 2 Oktober tot 27 November aangebied word. Die kursus sal weekliks aangebied word en 9 weke duur, op Maandae van 9 vm tot 11.30 vm. Skakel Cheryl Lyons of Joan Rubinstein (011) 648-1120

Die John Miles-klub vergader Donderdag of Woensdag om Flippie se toelating tot die Springbokspan te vier. Eie toebroodjies.

## MARK

**AKUUT**
**Prosa & Poësie**

**Hambidge vs Roodt**
**Hambidge vs De Jong**
**Hambidge vs Olivier**
**Hambidge vs Liebenberg**
**Hambidge vs Malan**
**Hambidge vs Letoit**
**Hambidge vs Hambidge**
**jaargang 3. nr 1**

Bestel teen R4,00 vanaf Posbus 547, Cradock 5880

Die Jongste Uitgawe van AKUUT

**Kashgar**

**Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880 3566**

## VAKANSIES

**Drakensberge**

Herberg vir die wat jonk van gees is. Ook staptoere van 2-10 dae. Redelike tariewe. Ed Salomons, INKOSANA LODGE, Posbus 60, Winterton 3340. Tel 03682 vra vir 3520

## WERK

Verdere oudisies vir sangeresse vir die TRUK-aanbieding van JOSEPH AND THE AMAZING TECHNICOLOR DREAMCOAT word op 7 September om 19h00 by die Alexander Teater gehou. Sangeresse vir die koor word benodig. Skakel Suzette (012) 322-1665 x 266 vir verdere inligting


JACOB RegoP®

**HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG**

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ....................

Adres: ....................

.................... Poskode: ....................

Telefoon: ....................

**OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK**



**Moenie jou gewilde strokieskarakters misloop nie!**



Vir R60 (AVB ingesluit) m kry jy Vrye Weekblad 12 maande lank, en vir R30 (AVB ingeluit) 6 maande lank. Stuur aan Posbus 42637 Fordsburg 2033.



Naam: ____________

Adres: ____________

Tjek/poswissel ingesluit vir R60/30



Vrye Weekblad

# Swendelaars word ryk uit gelowiges

**David Millikin**

WASHINGTON - Swendelaars wat beweer hulle is met die gees vervul en mense van 'n finansiële apokalips kan red, het Amerikaanse gelowiges oor die laaste vyf jaar meer as 'n half biljoen dollar uit die sak gejaag, het beleggingsmonitors hier bekend gemaak.

Volgens 'n verslag van die North American Securities Administrators Associations (Nasaa) het meer as 15 000 mense geld in swendelsake verloor. In sommige state is godsdiensgeoriënteerde swendelsake vir meer as 50 persent van die bedrogsake verantwoordelik.

"Godsdiensgeoriënteerde swendelsake is vandag een van die algemeenste maniere waarop swendelaars mense kul," sê John Baldwin, Nasaa se president.

Die verslag, "Uitbuiting van gelowiges: vals profete van die beleggingswêreld", waarsku teen "'n onrusbarende toename in die aantal beleggingskemas wat aan godsdienstige mense verkoop word". Die slagoffers is meestal Christen-fundamentaliste, maar lede van swart kerke, Ortodokse Grieke en Spaanse Rooms-Katolieke is ook al geraak.

"Die probleem is nie godsdiens nie, maar die toenemende getal swendelaars wat godsdienstige mense uitbuit en niksvermoedende gemeentelede van hul inkomste melk," sê James Mcilhenny, president van die Council of Better Business Bureaus, wat die verslag in samewerking met Nasaa uitgegee het.

Volgens Nasaa, wat meer as 50 sekuriteitsagentskappe verteenwoordig, word die swendelsake gereeld op voorspellings van dreigende finansiële of sosiale chaos gegrond. Die swendelaars maak van die uitgebreide godsdienstige radio- en televisienetwerke gebruik en maak staat op die ondersteuning van godsdienstige leiers, sê Nasaa.

Die volgende bewerings word in die verslag genoem:

* Christen-beleggers is deur promotors van brandstofmaatskappye 'aangeraai' om in olie- en gasboorprojekte in Israel, wat glo in die Ou Testament voorspel word, te belê.

* 'n Tesourier van 'n groot kerk in Alabama het 193 beleggers, insluitend 'n Senaatslid, van meer as 18 miljoen dollar beroof deur sy beloftes van 30 persent wins per maand op aandelehandel.

* 'n munthandelaar het spoke van nog 'n "Swart Maandag" - soos dié in Oktober 1987 - opgejaag, en uit Johannes voorgelees om beleggers te oortuig om muntstukke te versamel ter voorbereiding op die "laaste dae". Die Nasaa-verslag bevat godsdiensgeoriënteerde swendelsake waarin 450 miljoen dollar betrokke is. Volgens Baldwin is dit net sake waarin beleggers meer as 500 000 dollar verloor het. - AFP

## MY WÊRELD!

# Bakker in hof weens beweerde bedrog

CHARLOTTE, Suid-Carolina - Die televisie-evangelis Jim Bakker, wat sy gemeente in 'n multi-miljoen dollar onderneming omskep het, het in die hof verskyn op aanklagte dat hy 4 miljoen dollar van die gemeentegeld gebruik het om sy weelderige lewenstyl te handhaaf.

Bakker, wat twee jaar gelede uit die nou ontbinde Praise The Lord (PTL)-televisiegemeente ontslaan is, staar 'n vonnis van altesame 120 jaar tronkstraf en 5 miljoen dollar in boetes in die gesig as hy skuldig bevind word aan die meer as 20 aanklagte teen hom. Die aanklagte sluit pos- en telegrambedrog in.

Hy het geweier om met verslaggewers te praat, en net gesê: "Ons geloof is in God."

Bakker was een van die bekendste TV-evangeliste in 1987 toe een van sy sekretaresses, Jessica Hahn, op die lappe gebring het dat hy haar in 1980 betaal het om stil te bly oor 'n passievolle aand wat die tweetjies saam deurgebring het.

Dié onthullings het Hahn internasionaal beroemd gemaak.

Dit het die einde van Bakker beteken. Hy moes uit PTL bedank en eerw Jerry Falwell het oorgeneem. Drie maande later het Falwell, nadat hy probleme in PTL se geldsake ontdek het, bankrotskap in die gesig gestaar. Volgens PTL se predikante beteken PTL "Praise the Lord", maar ontnugterde volgelinge het dit "Pass the loot" begin noem.

Die owerhede beweer dat Bakker nagenoeg 4 miljoen dollar van PTL se geld gebruik het om vir hom en sy vrou se weelderige lewenstyl te betaal. Hulle het onder andere drie Cadillac-limousines, 'n woonstel in Florida se be-kende Palm Beach en 'n lugverkoelde hondehuis besit.

Bakker staan tereg weens 8 aanklagte van posbedrog, 15 weens telegrambedrog en aanklagte van sameswering om pos- en telegrambedrog te pleeg. Die evangelis hou vol dat hy onskuldig is en sê "ek was 'n pastoor en nie 'n sakeman nie".

Twee van sy voormalige assistente, broeders James en David Taggart, is skuldig bevind op aanklagte van belastingontduiking ten bedrae van 525 000 dollar.

Bakker en sy vrou probeer terugkeer tot die TV-evangelisasie en verskeie TV-stasies het reeds die programme gebeeldsaai.

Die egpaar het 'n beroep op volgelinge gedoen om tot die verdedigingsfonds van die hofsaak by te dra. Volgens 'n woordvoerder stroom bydraes in, maar hy wou nie bedrae bekend maak nie.

Mev Bakker is nie aangekla nie en woon in Florida om die programme aan te bied. Sy het 'n episode van die "Jim and Tammy Show" met trane in haar oë geopen en 'n beroep op kykers gedoen om vir haar man te bid.

"Ons het soveel probleme in Charlotte," het sy gesê, en 'n soen na die kameras geblaas met die woorde: "Ek is lief vir jou, my skat. Moenie tou opgooi nie." - AFP

# *Voyager 2 nader aan Neptunus*

PASADENA, Kalifornië - Voyager 2 is op koers na Neptunus en het reeds afbeeldings van Triton, dié planeet se maan, teruggestuur. Volgens Nasa vertoon Triton helderder, koeler en kleiner as wat sterrekundiges gedink het.

Voyager 2 sal binne 'n afstand van 5 000 kilometer van Neptunus se oppervlak en binne 'n afstand van 38 000 kilometer van Triton verby beweeg.

Dit is die naaste wat 'n ruimteskip nog aan Jupiter, Saturnus, Uranus en Neptunus verby beweeg het.

As die Voyager 2 verby Neptunus beweeg, sal dit "die laaste keer wees wat ons die planeet vir die eerste keer sien", het Edward Stone, Voyager se sendingleier, gesê. Die klein ruimteskippie sal daarna in die groot swart gat van die ruimte verdwyn.

Die inligting wat deur die Voyager 2 se verouderde rekenaar, wat in 1972 gebou is, na die aarde terug gestuur het, het nuwe lig gewerp op die samestelling en aard van Neptunus. Die Voyager het ook twee nuwe mane ontdek, wat die aantal mane van dié buitenste planeet op ses te staan bring.

Volgens dié inligting is Triton net 1 400 kilometer in deursnee - dit is een derde van ons maan s'n.

Daar is ook donker kolle naby Triton se ekwator en die hele maan is oortrek met 'n pienk skynsel wat toegeskryf kan word aan natuurlike of metaangasse.

Wetenskaplikes hoop om nog inligting te kry oor Neptunus se twee geheimsinnige gedeeltelike ringe wat 'n paar weke gelede ontdek is en sedertdien weer verdwyn het.

Nog 'n raaiselagtige ontdekking is Neptunus se donker kol - soortgelyk aan die reuse rooi stormgebied in die middel van Jupiter - wat teen 'n hoë spoed om die planeet beweeg.

Daar is nog 'n paar kleiner stormgebiede wat met wolkformasies gepaard gaan, wat daarop wys dat daar 'n bron van hitte is. Dit is egter onduidelik waar dit vandaan kom. - AFP

# Wonderwerke alledaags in Kaïro

KAÏRO - Blinde mense wat van hul donkerbrille ontslae raak en vlugvoetig tussen die skare verdwyn, verlamde mense wat hul krukke weggooi en in die straat afhardloop - wonderwerke is deesdae alledaags in Egipte se hoofstad.

Maar die polisie is van plan om 'n stokkie daarvoor te steek. Kaïro, wat al hoe meer deur ryk toeriste van die Persiese Golf besoek word, het 'n plaag van bedelaars wat maak asof hulle gebreklik is en op toeriste se goedhartigheid staatmaak.

Die polisie het 82 professionele bedelaars, waarvan die meeste jeugdiges is, oor die afgelope paar dae in hegtenis geneem.

Een van die bedelaars is 'n 30-jarige dwerg wat homself as 'n kind vermom het. Dié man, wat naby die Meridian-hotel bedel, het aan die polisie vertel dat hy al 17 jaar lank bedel en gemiddeld 28 dollar per dag verdien. Volgens die polisie kan professionele bedelaars tussen 20 en 32 dollar 'n dag maak, en vergeleke met die salaris van 'n gewone staatsdiensamptenaar van 160 dollar per maand, is dit 'n lonende beroep. - AFP

## week in die nuus

### Suid-Afrika

**Swartmense wat** op NP-beheerde "blanke" strande in die Kaap wou gaan swem, word met geweld uitmekaargejaag deur die polisie.

**'n Afvaardiging** van die breë demokratiese beweging woon die Organisasie vir Eenheid in Afrika se beraad in Harare by.

**Die hoofsweep** van die KP, Frank le Roux, trek sy dreigement terug om 'n Taiwanese gesin uit 'n huis in Waterkloof - wat hulle van hom huur - te gooi. Die medeleier van die DP, Wynand Malan, vra met verwysing na NP-kritiek op die voorval hoe die NP Le Roux kan veroordeel terwyl talle bruin- en swartmense daagliks uit hul huise gesit word weens die Groepsgebiedewet.

**Vrae oor** die moontlikheid dat Krygkor en die SAW 'n gevaarlike, onverklaarde vrag aan boord van die Helderberg-rampvlug kon gehad het, word in die Raad van Ondersoek na die oorsaak van die ongeluk gevra. Kapt Dennis Cronjé, 'n afgetrede SAL-vlieënier, getuig dat "kwasi- of semi-geheime operasies" in die verlede plaasgevind het, en dat die bevelvoerderskap van vlugkapteins geminag word. Kapt Cronjé kon egter nie bewyse aanvoer vir sy agterdog oor die vrag nie.

**'n SAW-patrollie** word op die Zimbabwiese grens naby Messina met vuurpyle aangeval.

**'n Rassistiese** pamflet, Die Kaffer se Psalm, word deur die Publikasieraad as ongewens verklaar.

**Elf lede** van die End Conscription Campaign word na 'n vreedsame betoging in Durban in hegtenis geneem.

**Dr Willem** van Heerden, 86, 'n voormalige direkteur van Perskor en Rapport, sterf op Alberton.

**Die hoof** van die Skiereilandse Moord- en Roofafdeling, luit-kol Steve Brits, en luit Peter Lister word vervolg op aanklagte van ontvoering en roof.

**Die NP-kandidaat** vir Witbank, Paul Broodryk, erken dat swartmense nie toegelaat sal word op 'n verkiesingsvergadering wat op 30 Augustus deur FW de Klerk in Witbank se stadsaal toegespreek sal word nie.

**Die Transvaalse** Onderwysdepartement weier dat die oorvol swart St Francis-privaatskool op Benoni die klaskamers van Rynsoord Laerskool, wat leeg staan, gebruik.

**Mynregulasies** wat potensieël diskriminerend teenoor swart werkers is, word deur die Hooggeregshof ongeldig verklaar.

**Ike van der Watt**, veteraan-vakbondleier en voorsitter van die SA Ketelmakersvakbond, sterf in 'n motorongeluk. Van der Watt was vise-president van die Trade Union Council of SA voordat dit ontbind het.

**Kerk-** en gemeenskapsleiers word buite St Mary's-kerk in Guguletu deur polisie met traanrook bestook ná 'n vergadering waar hulle met leerlinge wat na die polisiekantoor wou marsjeer, onderhandel het.

### Wêreld

**Die Organisasie** vir Eenheid in Afrika (OEA) aanvaar 'n dokument van die ANC wat 'n skikplan vir Suid-Afrika voorspel. Die VSA verwelkom die ANC se bereidwilligheid om te praat nadat die ANC en ander politieke organisasies ontban is, die leiers vrygelaat, die noodtoestand opgehef en soldate uit die townships onttrek is.

**Dr Kenneth** Kaunda, president van Zambië, ontken dat hy die ANC gevra het om sy hoofkwartier uit Zambië na Tanzanië te verskuif.

**George Adamson**, wêreldberoemde leeukenner en natuurbewaarde, word in 'n afgeleë kamp in Kenia vermoor, vermoedelik deur 'n Somaliese wilddief.

**Agt Afrika-staatshoofde** probeer Unita oorreed om 'n sespunt-vredesplan vir Angola te aanvaar.

**Die Raad** van Kerke in Namibia begin met ekstra klasse vir terugkerende skoolkinders. Uit die geraamde 41 000 Namibiese bannelinge het 38 500 reeds teruggekeer.

**Meer as** 370 mense word in Praag in hegtenis geneem tydens die viering van die 21e herdenking van die "Praagse Lente".

**Turkye** pas streng visumvereistes toe op Turkse vlugtelinge wat die land uit Bulgarye probeer binnekom.

**Israeliese soldate** skiet ses Palestyne dood, waaronder twee vroue, en wond dertig ander in die besette gebied.

**Senegal verbreek** diplomatieke bande met sy buurstaat, Mauritanië, na konflik op die grens tussen die twee lande.

**Zimbabwe se** minister van Opvoeding, Dzingai Mutumbuka, bedank uit die parlement nadat hy deur die Sandura-kommissie skuldig bevind is aan onwettige motorhandel.

**'n Plesierboot**, die Marchioness, sink op die Teemsrivier toe 'n baggerboot, die Bowbelle, daarteen bots. Sowat 57 van die 120 passasiers aan boord van die Marchioness verdrink.

# Sam Ramsamy: engel van die bose of vegter vir vryheid?

**Charles Leonard**

DIE South African Non-racial Olympic Committee (Sanroc) word deur baie wit Suid-Afrikaners as die beliggaming van die bose beskou omdat hulle dikwels met groot welslae gesorg het dat Suid-Afrika op die sportveld geïsoleer is.

Sanroc is ook die organisasie wat oorsee probeer het om die internasionale rugbytoer vir die Suid-Afrikaanse Rugbyraad se eeufeesvierings te pootjie. Hulle doen nou alles in hul vermoë om die voorgenome kriekettoer oor ses maande na Suid-Afrika vir 'n ses te slaan. In die verlede het hulle al groot sukses behaal om internasionale sportmense van ons bane en velde af te hou.

## Sacos

Intussen het die plaaslike anti-apartheidsportliggaam, die South African Council on Sport (Sacos), hul bande met Sanroc verbreek omdat dié organisasie "die afgelope ses maande stellings gemaak het sonder konsultasie met die mense in Suid-Afrika". Sacos en Sanroc se vriendskap is op die rotse na jare se samewerking om die sportboikot teen Suid-Afrika toe te pas.

Die laaste voorval het my heeltemal deurmekaar gehad. Dit was maklik om Sanroc te kategoriseer as heftige teenstander van wit sport in Suid-Afrika, maar nou weet ek nie.

Dit is hoekom ek toe vir Sanroc se baas, Sam Ramsamy, in Londen bel om te hoor wie hulle nou eintlik is.

Aan die ander kant was dit nou nie juis 'n stem wat klink asof dit uit die hel kom nie. Ek kon al my vrae oor die sportboikot vra en het redelike antwoorde gekry. En dit nogal by dié nommer een vyand van baie vreedsame mense.

Maar voor ek hom aan die woord stel, eers 'n bietjie agtergrond. Wat doen die sportboikot en hoekom is daar so iets?

Die sportboikot is ingestel om Suid-Afrikaners te slaan daar waar dit die seerste maak - na ure, as hy of sy klaar gewerk het, naweek hou en aan sport wil deelneem, of wil kyk hoe ons bestes teen die bestes in die wêreld op die sportveld vaar. As jy die mense dáár tref, gaan dit hulle laat nadink oor die hoekom daaragter, is geredeneer. Mense gaan begin wonder wat ons verkeerd gedoen het om so 'n straf te moet verduur.

En wat van arme Naas Botha en Clive Rice wat amper nooit hul talente teen oorsese sportmense kon meet nie, is gevra.

> **Die sportboikot is ingestel om Suid-Afrikaners te slaan daar waar dit die seerste maak - na ure, as hy of sy klaar gewerk het, naweek hou en aan sport wil deelneem of wil kyk hoe ons bestes teen die bestes in die wêreld op die sportveld vaar**

Die vraag was, hoekom ons dan seermaak op dié manier. Ons kry genoeg seer op die sportveld, maar dit is 'n ander soort seer.

En hier sleep hulle toe weer politiek by alles in en sê die foltering wat ons moet deurstaan is apartheid se skuld.

Goed en wel, daar was Verwoerd se berugte Loskopdam-toespraak wat sport-rassisme welsprekend verdedig het. En ook die Maori's wat nie hier mag gespeel het nie en Basil D'Oliviera wat nie in sy vaderland mag wilgerlat kom swaai het nie. En talle ander voorvalle van rassisme wat te veel is om op te noem.

Intussen het ons sport gemeng geraak - swart rugbyspeler Errol Tobias het selfs in die Springboktrui uitgedraf, swart sportmense speel skouer aan skouer met wit Suid-Afrikaners, nou die dag het 'n swartman, Samuel Tshabala, die wennersmedalje in die Comrades om sy nek kon hang.

Wat wil hulle meer van ons hê, wonder die mense wie se lus al uithang vir internasionale mededinging. Hoekom is daar nog 'n sportboikot?

## Hoekom?

Terug by Sam Ramsamy - Hoekom?

"Ek kry my `cues' by die breë massa in Suid-Afrika. Ek weerspieël bloot wat die nie-rassige sportbeweging voel," sê hy.

"Die sportboikot is nodig omdat apartheid nog bepaal wie waar mag woon, wie mag stem en uiteindelik 'n sê het in die beleid van die land. Dit sluit die sportbeleid ook in.

"Tog word die sportboikot nou in heroorweging geneem. Dit het egter niks te doen met 'hervormings' wat deur die regering gemaak word nie. Die doel daarvan is om apartheidsport te isoleer," sê Ramsamy.

"Dit is nie beginsels wat opgegee word as daar van 'n verligting van die sportboikot gepraat word nie. Dit gaan oor 'n strategie wat gaan help om apartheid op sy knieë te dwing.

"Ons doen dit in samewerking met die Anti-apartheidsbewegings, die bevrydingsbewegings, veral Afrika-lande en natuurlik die magte binne Suid-Afrika.

"As internasionale mededinging vir sekere Suid-Afrikaanse sportmense toegelaat word, en dit beteken dat apartheid vinniger uitgewis gaan word, kan ons geen fout daarmee vind nie."

Hoewel Ramsamy hom nie só eksplisiet daaroor wou uitlaat nie, sien sommige waarnemers dat werklike nie-rassige sportliggame baie gouer as wat verwag word internasionaal sal deelneem. Dit is deel van 'n nuwe pragmatisme wat ook sportmense voorberei op 'n post-apartheidsamelewing.

Ramsamy sien 'n belangrike rol vir witmense in die nie-rassige sportbeweging.

"Ons beskou onsself as nie-rassig en daarom moet almal deelneem - wit- en swartmense. Ek glo daar moet werk van gemaak word om meer witmense deel van ons gelederе te kry."

Op Sacos se beskuldigings dat Sanroc nie geraadpleeg het met die mense in Suid-Afrika nie, wou Ramsamy nie kommentaar lewer nie. Oor Colin Clarke, die sekretaris van Sacos, se aantyging dat hy sy eie standpunte oor die sportboikot afdwing, het hy net gelag.

Sacos word deur ontevredenes daarvan beskuldig dat hul beleid van politieke "neutraliteit" 'n versko-ning is om plek te maak vir vooraanstaande lede van die swart bewussyn Unity Movement in sy geledere.

Dit is om dié rede dat die nie-rassige National Sports Congress (NSC) gestig is. Hulle skaar hulself openlik by die breë demokratiese beweging.

Van dié nuwe beweging sê Ramsamy: "Hulle is bereid om met ons saam te werk. Daarom doen ons dieselfde met hulle."

Sanroc het hard probeer om die internasionale rugbytoer na Suid-Afrika te verongeluk.

> **Tog word die sportboikot nou in heroorweging geneem. Dit het egter niks te doen met 'hervormings' wat deur die regering gemaak word nie**

"Ons glo tog dat ons - Sanroc - en die Britse Anti-apartheidsbeweging - sukses behaal het. Die Suid-Afrikaanse Rugbyraad het nie die topspelers gekry wat hulle wou hê nie. Hulle het tweederangse spelers gekry en ons behoort die krediet daarvoor te kry.

"Omdat daar baie geld betaal is om die spelers daar te kry. Ons sal nooit regkry om tweederangse spelers te stop as daar eersterangse geld betrokke is nie.

"Ons glo dit is 'n suksesvolle veldtog, hoewel ons teleurgesteld is dat die toer tog plaasvind."

Met die voorgenome rebelle kriekettoer glo Ramsamy sal hulle nog meer sukses behaal.

"Ons werk hard daaraan. Die twee swart spelers wat onttrek het, is 'n voorbeeld daarvan. Hulle het onttrek as gevolg van druk van ons kant af.

"Wat ons verder doen is om met die graafskappe te onderhandel en dat hulle ook druk op hul spelers moet uitoefen om nié na Suid-Afrika te gaan nie.

## Sanroc

"Elke naweek hou ons betogings by groot velde waar van die spelers wat aan die rebelletoer gaan deelneem, speel. Heelwat stadsrade deur Engeland het ook hul gewig by Sanroc se veldtog teen die toer ingegooi. Hulle gaan nie hul velde beskikbaar stel vir spanne wat rebelle in hul geledere het nie. Derbyshire en Nottinghamshire is reeds twee sulke voorbeelde.

"Individue probeer ook om dié rebelle te ontmoedig - krieketspelers, stadsraadslede en parlementariërs help ons ook."

## Slagoffers

Teen die einde van volgende maand het Sanroc 'n vergadering met die Hoë Raad vir Sport in Afrika, en die olimpiese komitees van die Frontlinie-state, waar volgende jaar se Statebondspele in Auckland bespreek gaan word. Die moontlikheid van 'n boikot van die spele sal waarskynlik dan bespreek word.

"Witmense in Suid-Afrika wat my as boos sien verstaan nie werklik wat ons doen nie en is ongelukkig die slagoffers van verdraaide mediaberigte," sê Ramsamy.

"Ek het al heelwat wit sportmense uit die establishment-kamp ontmoet en dan sê hulle ewe verbaas dat ek nie die duiwel is wat hulle verwag het nie," sê hy met 'n laggie. "As hulle begrip kry vir wat ons doen groet hulle gewoonlik met 'n `sterkte met die goeie werk'."

RUGBY:

# Bewys hulle verkeerd, Flippie!

**Francois Krige**


IS daar paniek in die Springbok-kamp?

Dit is die vraag wat gevra is toe die Suid-Afrikaanse keurders dié week 'n plaasvervanger vir die beseerde stut Jan Lock moes kies. Die tyd sal leer, maar die reuse 130 kilogram-swaar Flip van der Merwe gaan duidelik die druk voel as hy môre vir die Springbokke teen die besoekende Internasionale vyftiental uitdraf.

Die hele keurpaneel het Dinsdag die tweede toerwedstryd tussen die besoekers en die Suid-Afrikaanse Presidentsvyftiental, wat die plaaslike manne met 36-13 gewen het, fyn dopgehou.

Die dringende operasie Maandag aan Jan Lock - wat op 24 die "baba" van die span sou wees - het hulle duidelik onkant betrap.

Daar was duidelik ook



**Flippie van der Merwe moet môre sy plek volstaan op Nuweland.**
***(Skets - Charles Leonard)***

meer as net 'n ligte geskarrel in die kringe van die wyse manne: waar kry ons 'n spesialis-vaskop van internasionale kaliber?

Hulle het daaraan gedink om kragman Frans Erasmus - wat 'n twee wekelange opgeskorte skorsing moet uitdien vir 'n stywe-arm oortreding - van los- na vaskop te skuif, maar moes saamstem dat dit nie sou werk nie.

Hulle het gesien hoe Balie Swart sy hart teen Mark Hartill - wat in al drie toetse vir Australië teen die Britse Leeus gespeel het - uitspeel, maar uiteindelik is Swart geweeg en ook te lig bevind.

Nog 'n kandidaat was Gielie Swiegers van Noord-Transvaal wat in Blou Bul-kringe as sterker as Jan Lock beskou word.

Maar hy het nog net in vier wedstryde vir die senior span gespeel - en 18 jaar het al verloop sedert Dawie Snyman as losskakel vir die Bokke gekies is voordat hy nog vir die Westelike Provinsie gespeel het.

Die keurders het toe besluit dat die 32-jarige Groot Flip die antwoord is. Hy het vyf toetse agter sy naam en sy laaste internasionale wedstryde was die eerste twee toetse in 1986 teen die Nieu-Seelandse Kavaliers, voordat hy deur Piet Kruger gelig is.


Om te sê dat Van der Merwe se insluiting 'n verrassing is, is een van die "understatements" van die jaar. Hy is nie eens na die Springbokproewe vroeër vanjaar genooi nie. Hy is ook nie vir die B-bondespan gekies wat teen die trofeespanne gespeel het nie. Met sy 130 kilogram lyf is hy een van die grootste mense wat nog vir die Springbokke gespeel het. Daar is twyfel oor sy fiksheid. Hy sal gelukkig meer as sy plek kan volstaan in die skrums.

'n Mens is bang dat duisende WP-oë môre na die wedstryd op Nuweland verwytend vir die keurders gaan kyk en sê: sien julle, julle moes ons speler gekies het.

'n Mens hoop Flippie bewys hulle verkeerd. - Sapa

# VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad, 25 Augustus 1989




Corbin Berensen van LA Law-faam, Tom Berenger en Charlie Sheen vertolk die rolle van drie kansvatters wat hulle ewe skielik in die Amerikaanse eerte bofbal-liga bevind, in Major League wat vandag begin wys. Die prent is geskryf en geregisseer deur David Ward, wat ook verantwoordelik was vir die Oscar-wenner, The Sting.

*Die teaterbestuur van die Black Sun het die gesogte regte bekom vir Manuel Puig se aangrypende Kiss of the Spiderwoman bekom. Dit word in September op die planke gebring*

# Argentynse tronk-stuk op planke

ANDREA VINASSA

DIE Black Sun het gesorg vir een van die beste oorspronklike inheemse teaterstukke van die afgelope paar jaar, Curl Up and Dye. Nou trakteer die teaterbestuur die teatergehore op Manuel Puig se Kiss of the Spiderwoman, waarvan die rolprent-weergawe vir William Hurt 'n Oscar besorg het.

Kiss speel af in die Villa Devoto-gevangenis in Buenos Aires. Die verhouding tussen 'n aktivis en 'n "queen" - aangekla van kindermolestering - wat saam in 'n sel beland, is die voertuig vir Puig se fassinerende ontleding van seksualiteit en die verhouding tussen seksualiteit en die politiek.

Dit speel tydens die Peronbewind af, toe die guerillavegters reeds aktief was, maar voor die tydperk van terreur toe derduisende mense verdwyn het, sê Laurens Seliye, die regisseur.

"Na die tydperk waarin die stuk afspeel was dié tronk propvol aangehoudenes."

Dawid Minnaar speel Molina, die rol wat William Hurt in die rolprent vertolk het en Kevin Smith speel Valentin, die geharde aktivis. Nadya Cohen, die wenner van vanjaar se Vitaprys vir beste teaterontwerp, het die dekorstel ontwerp vir Kiss, wat op 8 September begin.

"Dit is nie 'n politieke of 'n gay toneelstuk in 'n eng sin nie. Puig neem twee uiteenlopende karakters, sit hulle saam in 'n tronksel en stroop die karakters om by hul wese uit te kom," sê Seliye.


Puig het Kiss of the Spiderwoman in Brasilië as 'n roman geskryf nadat hy uit Argentinië gevlug het. Daarna het hy dit in 'n toneelstuk verwerk.

"Puig is een van die tweedegenerasie 'magiese' skrywers na Borges en Marquez. Ek is gelukkig nie deur die rolprent beïnvloed nie, want ek het dit nie gesien nie. Ek het baie uit die roman gewerk," sê Seliye.

Met Kiss will Puig sê dat Valentin en Molina deur illusies geteister word en op 'n ontroerende wyse vertel hoe albei se siening van die lewe verander nadat hulle met mekaar in aanraking kom en verlief raak op mekaar.

Valentin wil 'n masjien word en wil deur middel van rasionele denke die wêreld verander. Molina wil sy omstandighede verander deur te ontvlug in 'n fantasie-wêreld en 'n vrou te word, sê Seliye.

Iewers tussenin lê die antwoord, sê Puig.



Laurens Seliye (links), Kevin Smith en Dawid Minnaar (regs), werk saam aan Manuel Puig se toneelstuk, Kiss of the Spiderwoman, wat in 'n Argentynse tronk afspeel.

# *Nuwe uitweg vir Kaapse musikante*



Basil Coetzee, ook nou by Sea

CHRIS DU PLESSIS

PADDY LEE THORPE van Mountain Records het 'n nuwe plate-banier geskep waarby bekende en onbekende aspirant-musikante kan baat. En hoewel Paddy ook plate onder die nuwe banier, Sea Records, gaan vrystel, is die deure oop vir ander platevervaardigers om daarvan gebruik te maak.

Die nuwe Robbie Jansen langspeler, Vastrap Island, (sien bl 3) sal volgende maand deur Sea Records vrygestel word. 'n LAngspeler van Basil Coetzee word ook tans opgeneem.

'n Langspeler van Nicky Daly word ook binnekort onder die banier vrygestel.

Daly is seker meer bekend as skilder en hoof van die afdeling grafiese kuns van die Universiteit van Stellenbosch se kunsskool vir die afgelope vyf jaar. In die jare sewentig was hy egter musikant en onder kontrak van CBS in Londen.

Hy het nou weer sy kwaste vir 'n wyle weggepak om die kortspeler, Your Number, by Sea Records vir die langspeler te maak.

Dit is Daly se tweede langspeler. Sy destydse tong-in-die-kies-treffer oor die pretensieuse kunswêreld, "Is it an -ism or is it art" druis nog in baie se koppe en sy aanhangers kan al die blues-agtige satiriese poëie en skreiende Suid-Afrikaanse sinisme van die ou Nicky "Nothing is sacred" Daly verwag.

Jerry Fourie ('n soort Afrikaanse Kenny Rogers) word ook binnekort deur Sea opgeneem.

Intussen stuwe Mountain Records vasberade voort sonder David Kramer en Robin Auld.

Amampondo se tweede poging is so pas uitgereik. Die langverwagte nuwe langspeler van Edi Niederlander is so te sê in die winkels en Paddy het onlangs uit Griekeland teruggekeer waar hy Coenie de Villiers (wat nou in Cyprus woon) se nuutste, Amper Alleen, opgeneem het.

Mountain sal ook 'n hervrystelling behartig van Jonathan Butler, The Early Days.

Tot en met die stigting van Sea Records was Mountain die enigste uitweg vir musikante in die Kaap.

Aspirant-musikante en vervaardigers kan gerus met Sea Records in Kaapstad in verbinding tree.

# Spook dit by Windybrow?

CHRIS DU PLESSIS

TOE die akteur Jeremy Crutchley in 'n onlangse vertoning van Shakespeare se As You Like It in Pretoria 'n rib breek, het almal dit maar afgelag as 'n geval van sinkronisiteit (betekenisvolle toevallighede). Want daar word juis in Die Digter se teks verwys na rib-beserings. Die karakter Touchstone sê: "It is the first time that ever I heard breaking of ribs was sport for ladies."Daar was net een probleem hiermee. Crutchley is nie 'n "lady" nie.

Crutchley se medespeler, Fiona Ramsay, doen toe moeite om die woorde waar te maak. Sy rol saam met sy plaasvervanger, die bonkige Jamie Bartlett, teen 'n skuinste af en... beseer self 'n ribbetjie in die openingsaand by die Alexander-teater.

Nou wonder sommige mense of die akteurs nie miskien net hulle "rolle" te ernstig opneem nie, of dat dit miskien spook by die stuk nie. Ander kyk weer skuins in die rigting van die choreograaf.

* Met al die beserings is twee Saterdag-opvoerings gekanselleer: op 26 Augustus is daar net 'n vyf-uur-vertoning, en op 2 September net 'n nege-uur-vertoning.



Hier kon Adam vir Eva nie help nie: Jeremy Crutchley en Fiona Ramsay probeer ribbes ruil



Toe Nick Nolte gevra is om Superman te speel het hy geantwoord: "Net as ek hom as 'n skisofreen kan speel." Sou jy vir so iemand $3 miljoen gee? - 5


Jackson Browne word protessanger - 2

SA musiek op silwerdoek - 3

Barnard se Taraboemdery oortuig steeds - 3

Wat was fout met Henry Miller? - 3

HAKKAS

CHARLES LEONARD

**Plate word op 'n skaal van 0 tot 10 beoordeel**

# Jackson Browne laat jou wêreld beweeg

**World in Motion - Jackson Browne (9)**

Ek het 'n bekentenis om te maak. Toe ek World in Motion die eerste maal op die draaitafel gesit het, was ek effens bevooroordeeld. Nog 'n vervelige middeljarige Amerikaner met slaappille in die groewe van sy plaat, het ek gedink.

Maar Jackson Browne het my wêreld in beweging gekry met sy jongste. Sedert sy vorige langspeler Lives in the Balance het Browne ontwikkel in een van die meer onderskatte protessangers.

Hy sing oor armoede, ongeregtigheid, missiele, apartheid, Amerikaanse buitelandse beleid en honger. Dié Kalifornieër voel têrig skuldig oor wat sy imperialistiese regering besig is om in die wêreld aan te vang en hopelik kan hy as gewete dien.

Die titelsnit, met Bonnie Raitt wat hom bystaan, gaan oor die haves en die have nots en die gulsige monster, kapitalisme. Dit is 'n besonder sterk liedjie met lirieke wat tref waar dit seermaak.

Die hoogtepunt op die plaat is Browne se huldeblyk aan ons leier Nelson Mandela, When The Stone Begins To Turn, wat hy verlede jaar vir die groot Mandela-konsert geskryf het. Die inkomste uit dié liedjie gaan na die Afrika-fonds. Browne leer ander kunstenaars meer as een les met dié snit. Eerstens die genoemde opbrengs wat nie na sy oorvol bankrekening gaan nie, maar na waar dit hoort.

Tweedens is dié liedjie, met sy reggae-rige ritme en gaskunstenaars uit Afrika en Jamaika, opreg en gestroop van paternalisme. Dit is nie nog een van daardie "kom ons maak geld uit apartheid deur daarop 'n kat te skiet"-plate nie.

How Long? is 'n smeekroep dat ons planeet gered moet word van hebsug. Sy eenvoudige lirieke spreek hard aan: "When you think about the money spent/ On defence by our government/ And the weapons of destruction we've built/ We're so sure that we need/ And think of the millions that money could feed ...". Luister na die treffende beeld in How Long?: "If you saw it from a satellite/ With its green and its blue and white/ The beauty of the curve of the Earth/ And the oceans below/ You might think it was paradise/ If you didn't know."

Oor The Word Justice, met sy Iran-contra-debakel tema sê Browne in 'n onlangse Rolling Stone: "Meer spesifiek gaan dit oor hoe die mense daaroor dink en hul misplaaste sin vir geregtigheid. Dit is eintlik oor die verband tussen die dwelmprobleem in ons land en ons oorloë."

Die ander treffende snit op die plaat is My personal revenge - 'n vertaalde liedjie oor Suid-Amerikaanse burgerregte. Dié liedjie is ongemaklik toepaslik op ons land waar vreedsame verset deur 'n magtige masjien vermorsel wil word.

Met World In Motion neem Jackson Browne sy plek in die leërige galery van goeie protessangers in. 'n Mens hoop dat dié plaat net so suksesvol soos Midnight Oil se Beds Are Burning gaan wees. World in Motion het die potensiaal om ook mense aan die dink te sit.


After Dark
RESTAURANT
Queenstr. 80
Pretoria Sentraal
Tel: 325-6613

bied aan
SLEUTELGATJIE...
Pure Boere Rots-musiek! Pure Plaas!
met Richard van der Westhuyzen, Lochner de Kock, Karl Kikillus en Surendran Reddy.
Net een week!
4-9 September om 7-uur
Bespreek by Computicket
(Slegs etes)
(012) 325-6613 of 26-0724


# Vita vir McCann


'n UITSTALLING van die fotograaf Mike McCann, wat verlede jaar oorlede is, het die Vita Kunstoekenning vir die tweede kwartaal van vanjaar ingepalm. Die eerste kwartaal se prys het gegaan aan Gideon Mendel vir sy uitstalling Beloofde Land, wat deur Vrye Weekblad geborg is.

Die foto's van McCann wat uitgestal is, was meestal werk wat McCann vir sy eie plesier gedoen het - hoewel heelwat van McCann se koerant- en tydskriffoto's met die beste ter wêreld kan vergelyk. Sy werk word gekenmerk deur 'n aanvoeling vir komposisie en 'n fyn sin vir humor.

McCann het wêreldwye roem verwerf toe 'n foto van hom, van Generaal Spinoza, wat die rebellie gelei het wat die Portugese regering in 1974 omvergewerp het, tegelyk op die voorblaaie van Time en Newsweek verskyn het. McCann het nie 'n sent uit die foto verdien nie.



Wyle Mike McCann



Bill Flynn in 'n ernstige oomblik

# Wat was fout met Miller?

Victor Munnik

HOEKOM het die veelbelowende kombinasie van Henry Miller, Bill Flynn en Mario Schiess (en die gees van Jung) in die Colossus of Brooklyn, 'n soortvan huldeblyk aan dié Amerikaanse skrywer, my met so 'n slegte smaak in die mond gelaat?

Miskien lê my probleem by Henry Miller self. Want wat hy te sê het, vind ek irrelevant en irriterend.

Dit kon in die jare vyftig opwindend gewees het om die wondere van 'n Franse pissoir te besing, moffies en ou vrouens met plat borste af te rip en plegtige ontledings oor die aard van die heelal en die mensdom te laat val.

Ek kan insien dat die Noorderlinge na hul groot oorlog Miller se lewenslustige selfversekerdheid geniet het - maar in Johannesburg van die tagtigs val dit vreemd op die oor.

Die omies van voor sestig moet eerder musiek maak as praat.

Miller se seksisme is so onselfbewus - en kragtig - dat dit 'n mens verbaas dat dit so totaal sonder ironie op die verhoog kon beland het.

Miskien was die probleem ook die manier waarop die materiaal verwerk is: die begin van die eerste helfte was nogal sukkelend en vervelig. Eers toe Bill Flynn hom kon inleef in lang vertellings kon hy dit laat vlot. En regkry wat van 'n eenmensvertoning verwag word - om die gehoor met 'n monoloog mee te sleur. Daardie meesleurende energie is inherent in Miller se selfversekerde prosa en Flynn het dit baie vaardig opgetel.

Die probleem lê nie by Flynn nie. Om die waarheid te sê, sy oortuigende vertolking (ten spyte van sy snaakse aksent) is die ligpunt van die vertoning.

En net terloops, 'n ander groot jammerte was 'n vrou - glo deel van die produksie - wat die heeltyd agter in die saal staan en gesels het.

In 'n eenmensvertoning met 'n klein gehoor is dit onvergeeflik.

**Don Johnson van Miami Vice in Dead-Bang, waar hy die rol speel van 'n... polisieman. Die keer is hy speurder in die moeilikheid. Hy is besig om - ten duurste - te skei, sy amper ex-vrou wil nie dat hy die kinders sien nie, sy woonstel is langs die lughawe, sy etes is blikkies sop en dan kos Wodka nog so duur ook. Die lewe word eers weer interessant wanneer hy op die spoor van 'n polisiemanmoordenaar gestuur word...**




Jameson's
95A COMMISSIONER ST. JHB
Vry, Sat, Son — PONGOLO
Dins, Wo, Don — MZWAKHE
Tel: 836-6002/838-1769


# Vicki se sirkus blues

SIRKUSDIERE wat sleg behandel word deur 'n sirkusbaas en sy vrou is die tema van 'n kindermusiekblyspel, The Big Top Tussle, wat in die Desemberskoolvakansie aangebied word deur Pied Piper Promotions, in samewerking met Truk.

Dis geskryf deur Vicki Bawcombe, met musiek deur Rodney-Mark Venner, en dié twee behartig ook die regie.

Akteurs wat goed kan sing en beweeg word gesoek vir al die rolle. Oudisies vind vanmiddag (Vrydag) om 2-uur plaas by die Windybrowteater.

# Taraboemdery is iets besonders

**Taraboemdery deur Chris Barnard, onder spelleiding van Ilse van Hemert, by die Staatsteater**

**Guy Willoughby**

KAMGAS is een van daardie Godverlate klein dorpies wat mense net per ongeluk besoek: "of jy het verdwaal, of jy verkoop iets." Maar in so 'n jammerlik geïsoleerde gemeenskap vlam die mens se hartstogte hoër - en meer opsigtelik - as elders, soos Chris Barnard wys in sy sterk stuk, Taraboemdery.

TRUK se huidige opvoering van hierdie tragikomedie uit 1977 spreek van goeie tydsbereke-ning omdat dit bewys wat in Barnard se skryfwerk steek: die droë, plofbare drama van begeerte en woede in die Namib is steeds vars en boeiend. Barnard het 'n suiwer instink vir die lewensbelangrike betekenisse wat mense nie vir mekaar in woorde sit nie, sowel as 'n gevoelige oor vir die snaakse boorlingidioom van hierdie dele. Gevolglik flikker die ingehoue energie tussen karakters oor die verhoog - veral in die pynlike, gedrae spanning van die tweede helfte.

Die plot is bedrieglik in sy eenvoud: in die stil, sanderige suidweste kom daar eendag 'n vreemdeling, ene Koot (gespeel deur 'n Gys de Villiers vol onheil), kompleet met bakkie, kitaar en broek vol begeerte. Soos so dikwels in die plaaslike letterkunde die geval is, lei die koms van die vreemdeling tot 'n krisis in die inwoners se lewens - 'n krisis wat al lank aan die sweer is.

'n Groot deel van die eerste helfte word gewy aan 'n uitbeelding van die snaakse gemeenskappie van Kamgas, waarin elkeen op sy eie manier op Koot se aankoms reageer. Hier is Barnard - en die regisseur Van Hemert - op hul komiese beste, met karakterisering wat die gehoor baie vermaaklik vind: die plaaslike oujongnooi wat te diep in die bottel kyk, wat met skril geesdrif gespeel word deur Alida Theron - 'n soort Olive Oyl in visnetkouse - en haar onnosel broer Ewert (André Odendaal) wie se bek heeltyd oophang, en beter met sy hoenders kommunikeer as met sy suster.

Hierdie snaakse karakters is eintlik daar om komiese verligting te bied van die spanninge wat ontstaan tussen die eienaars van garage/kafee - Buks, ongedurig en gou jaloers (Pieter Brand) en sy vrou Fransien ('n treffende debuut deur Henriëtta Gryffenberg). Onder Koot se smeulende toenaderings begin die vaal, onderdrukte vroumens te blom... en dan is die stryd tussen Buks en die dreigende nuweling in volle swang.

Barnard wissel die atmosfeer behendig, van die sonnige komedie van die begintonele, die verdiepende spanning - met klugtige trekke - van die skemer, en dan teen die einde die donker, uitgerekte onsekerheid van die nag en die vroeë oggend wanneer die aksie onkeerbaar beweeg na 'n verrassende slot.

Ilse van Hemert hou die spelleiding enduit in 'n sterk maar soepel hand, terwyl James MacNamara se verhoogstel 'n openbaring van lig, ruimte en die beklemmende, droë fisieke detail is wat die dorpenaars se lewens uitmaak. (Die lewendige hoenders is baie aantreklik.)

Alles in ag genome, is Taraboemdery besondere vermaak: glad opgevoer, met kleur vertolk en geskryf met subtiliteit en humor. Dis maar min dat ons sulke smaaklike plaaslike produkte opgedis kry.



**Isabelle Adjani en Philippe Paimblanc in die prent Camille Claudel. Adjani speel die rol van 'n jong beeldhoudster wat nie net die beeldhoukuns nie, maar ook die kuns van die liefde leer by die meester Rodin (gespeel deur Gerard Depardieu). Die verhouding vorder van passie na paranoia, die leerling raak - in hierdie drie uur-lange prent - naderhand heeltemal van haar verstand, en sterf dertig jaar later eensaam en vergete in 'n inrigting vir geestesversteurdes. Regie deur Bruno Nuyeten**

# Fokus op musiek by Mail se filmfees

## Vastrap Eiland



**Robbie Jansen se nuwe solo-langspeler wat ons al 'n jaar lank voor wag is nou finaal klaar opgeneem. Vastrap Island, wat deur Tully McCullagh gemeng is, sal binnekort op die rakke wees. Robbie se eiesoortige Crossover-klank meng hoofstroom-jazz, mbaqanga en klopse/Maleise musiek en het hom oor die afgelope twee jaar groot sukses besorg. Hy is tans in die finale rondte van die Carling Circle of Jazz. Hoewel Robbie al baie materiaal vir ander musikante geskryf het (Genuines, Spirits Rejoice), is dit sy eerste solo-produk. Dit sal onder die nuwe Sea Records-banier vrygestel word.**

MUSIEK - en veral Suid-Afrikaanse musiek - sal heelwat aandag geniet by die Weekly Mail se filmfees wat op 11 September in Johannesburg, en 'n week later in Kaapstad begin.

'n Vollengte dokumentêr van Jimmi Matthews - I'd Love to Feel Free In My Land - sal sy debuut by die fees beleef.

Die kollig sal ook val op die African Jazz Pioneers, die Soul Brothers, Peto en Robbie Jansen and Heartthrob.

'n Nuwe prent deur Kevin Harris met musiek deur Sakhile, Lakutshon Ilanga ("As musiek die genesende krag is") ondersoek vandag se stryd deur swart Suid-Afrikaners deur poësie, musiek en dokumentêre filmsnitte. Die video van 58 minute is geïnspireer deur die toneelstuk van Mothobi Mutloatse met dieselfde titel.

Die titel kom van die klassieke jazz-nommer wat gekomponeer is deur die saksofoonspeler, wyle McKay Davashe.

Van Kaapstad kom Doxa Produksies se Joelle Chesselet en Craig Matthew met vier van hul eiesoortige, kort musiekvideo's. Dis Pieter van der Lugt se Voelvry waarin biljartballe en die manne agter hulle deur 'n kamera gevolg word terwyl 'n Rooikappie (wat al mooi groot is) deur 'n wolf in Nuweland se woud lastig geval word. The Genuines se The Struggle waar buffels, casspirs, 'n sersant met 'n masker en die brandende Kaapse Vlaktes te sien is; Angel Fish waar Jennifer Ferguson soos 'n Botticelli uit die golwe verskyn, en Nada deur Tananas wat Chapman's Peak in 'n musieksaal verander.

Die jazz-trompetspeler Dizzy Gillespie se eerste reis na Kuba - om die vyfde internasionale jazzfees te open - is verfilm in A Night In Havana. Op Gillespie se persoonlike aandrang is die prent na die filmfees gestuur.



**The Genuines verskyn by die filmfees - hierdie keer op die silwerdoek**

Amerikaanse rassisme in die Suide van Amerika, en Gillespie se obsessiewe soeke na die gedeelde wortels van Afrikaanse, Karibbiese en Amerikaanse musiek kom in die prent na vore.

Onder die Suid-Afrikaanse prente wat vertoon word, tel Darrel Roodt se film-weergawe van Achmat Dangor se Jobman, asook Roodt se The Stick. Daar word nog appèl aangeteken teen snitte aan die prent wat handel oor 'n verbysterende aanslag op "terroriste".

Zonderwater deur Steve Moni is 'n rekonstruksie van die geskiedenis van Italiaanse oorlogsgevangenes in Suid-Afrika.

The Great Pretender van Hans Webb, 'n "amateurfilm", is gegrond op 'n ware verhaal - kunstenaar Helen Sibidi se ervarings as huisbediende in 'n kommune in Hillbrow.

A Fire In Africa, onder regie van Gerhard Uys, vertel die verhaal van 'n Ovahimba-man wat 'n karateka word.


787-7987

ONDER

*Vry en Sat:* Delia Layton

*So:* Pierre van Staden

*Di:* Colin Shamley

*Wo:* Ian McCormick

*Don:* Annie

BISTRO, KROEG EN BILJARTKAMER

787-7987

# Koop 'n bottel Tickled Pink!

### BJ Lankwarden skryf vandag oor sy gunsteling-rosé's en witwyne

EK wil eerstens 'n klein groepie rosé-wyne uitsonder: Lancerac Rosé (so heerlik dat jy te veel drink), Nederburg Rosé, Nederburg Rosé Sec en Bellingham Almeida Rosé.

Ek wil dit duidelik stel dat rosé-wyne nie my daaglikse doppie is nie. As dit nie vir Lanzerac Rosé was nie, sou daar glad nie 'n lys van rosé-wyne gewees het nie.

Ek beskou Lanzerac Rosé as een van die grootste rosés wat ek ooit gedrink het.

'n Rosé is nie 'n ernstige wyn nie. Dit moet lig, smaaklik en amper ligsinnig wees. Lanzerac is dit en nog meer. Dit is 'n wyn wat 'n afskaffer na drank kan dryf.

Groot droë witwyne:

Hamilton Russell Vineyards Chardonnay, Backsberg Chardonnay, Backsberg John Martin, Simonsig Chardonnay, Nederburg Chardonnay.

Al hierdie wyne is in eikehout verouder en met die uitsondering van Backsberg John Martin word almal van die chardonnay-druif gemaak. Die John Martin is 'n formidabele houtverouderde sauvignon blanc. Uitstekend.

Ander baie goeie droë wyne:

La Gratitude, La Provence, Boschendal Grand Vin Blanc, Eersterivier Co-op Muscat D'Alexandrie, Zonnebloem Blanc de Blanc, alle Nederburg Private Bin D-wyne, Fleur du Cap Chardonnay, Klein Constantia Sauvignon Blanc, Villiera (Operette, Cru Monro, Rhine Riesling), Nuy Co-op Chant de Nuy.

Hierdie lys het 'n verduideliking nodig aangesien baie lesers dit 'n bietjie klein sal beskou. Ek hou nie van baie suur wyne nie en die meeste droë sauvignon blancs is suur. Ek hou van die sweempie van soet vanieljie wat van nuwe eikehout kom.

Soos by die meeste ander voorkeurlyste moet mens nie vergeet dat die een se dood die ander se brood is nie. Ek verkies wyn met smaak en nie suur wyne nie wat jou nog steeds 'n suur nasmaak gee twee uur nadat jy gaan slaap het.

Wyn moet bo alles 'n plesier wees om te drink.

Witwyne met smaak:

TJ Schanderl, Boschendal le Bouquet, Lanzerac Muscat D'Alexandrie, Nederburg Elegance, Bellingham Johannesberger, Boschendal Gewurtztraminer Jean Garde, Lievland Weisser Riesling, en die meeste van Nederburg se semi-soetwyne.

Dit is net 'n kort lysie van werklik interessante wyne.

Daar kom dikwels 'n bietjie ressuiker in hierdie wyne voor. Maar dan moet jy onthou dat 'n bietjie suiker in die wyn nie halfpad so vet maak as wyn met 'n hoër alkoholinhoud nie.

Daar is 'n paar kategorieë waaroor ek nie 'n lys van gunstelingwyne saamgestel het nie, hoofsaaklik omdat te min wyne in hierdie groepe die moeite werd is.

Daar is egter geen volledige lys sonder blanc de noir nie. Die beste wyn is baie beter as die ander: Boschendal Blanc de Noir.

Vonkelwyne is vandag sterk in die mode en hier moet mens heel eerste Villiera Tradition noem. Die JC le Roux-reeks en die nuwe Simonsig Kaapse Vonkel verdien ook 'n aanbeveling.

En vir hulle wat om een of ander onverklaarbare rede tussen Oudthoorn en Beaufort-Wes reis, het ek goeie raad: hou stil en koop vir jou 'n bottel Tickled Pink van Domein Doornkraal. Lieflik. So ook die Boschendal Brut Rosé.

Hoewel die lys baie name bevat moet jy nooit ophou om nuwe name vir die lys te probeer vind nie. Dít is die plesier van wynproe.

'n Laaste woord. Onthou asseblief dat hierdie wyne my persoonlike keuse is en ek is bewus van groot en goeie wyne wat uitgelaat is. My apologie aan die wynmakers, maar geen lys kan volledig wees in die veranderende wêreld van wyn nie.

# *Die groente wat weghardloop*

KINDERS, eet julle spinasie.

Hoeveel keer in my lewe moes ek nie hoor van mense wat een of ander groente nie eet nie omdat hulle as kinders gedwing is om dit te eet.

Baie mense eet nie spinasie nie. Dis bokkos, sê my vriend Floors. Ek is seker 'n bok sal lekker eet aan spinasie want 'n bok het goeie smaak, sê ek vir Floors.

Spinasie is 'n onderskatte groente. Reg gaargemaak is dit heerlik.

Dit is egter nie 'n groente vir 'n lui mens nie. Dit is asof spinasie hom daarteen verset om geëet te word.

Spinasie is altyd vol grond - hierdie groente weier om van die aarde weggeskeur te word. Jy moet spinasie lank en deeglik onder lopende water afspoel. (Moenie soos my vriend Jak die bad vol water laat loop en die spinasie daarin laat swem nie.)

Ek het êrens gelees 'n sjef sê elke spinasieblaar moet vyf minute lank onder die kraan afgespoel word. Dis miskien bietjie oordrewe, maar die sjef het sy punt gemaak. Anders eet jy grond.

Dan moet jy die groot nerwe van spinasie met 'n mes uitsny, of die groen gedeeltes met jou hande afstroop: elke blaar.

En dan, in 'n laaste poging om aan die mens se mond te ontsnap, verdwyn spinasie amper wanneer dit gekook word. 'n Berg vars spinasieblare krimp tot omtrent niks nie. Koop altyd 'n groot klomp spinasie: 80-90 persent van die volume verdwyn in die gaarmaakproses.

Spinasie moet in groot hoeveelhede kookwater gedompel word: die water moet daarna net 'n kort rukkie nie kook nie. Moet nooit te veel spinasie in die kookwater gooi sodat dit die temperatuur drasties laat daal nie.

Ek het onlangs vir sewe mense by 'n vriend se huis kosgekook. My vriende het nie groot kastrolle nie, en ek moes die spinasie in vyf klompies gaargemaak.

Gooi 'n goeie handvol sout by die kookwater. Die sout sorg dat die spinasie sy kleur behou.

Jong spinasie neem ongeveer agt minute om gaar te word, ouer spinasie langer. Knyp 'n spinasieblaar tussen jou vingers: spinasie is die een groente wat nie bros geëet word nie. Die blare moet pap wees.

Gooi die spinasie in 'n kolander en spoel dit in koue water af totdat dit heeltemal koud is.

Plaas die spinasie in 'n kombuisdoek en druk al die water uit. Plaas in 'n koel plek totdat jy dit nodig het: jy kan dit 'n uur of twee voor die tyd gaarmaak en die laaste bereidings doen jy net voordat jy eet.

Nou 'n paar resepte.

1. Druk die uitgedroogte spinasie in balletjies. Plaas in 'n vuurvaste bak, sprinkel met sout en varsgemaalde swartpeper, en gooi 'n klompie room met 'n paar (net 'n paar) blaartjies vars tiemie daaroor. Druk in die oond en verhit totdat dit net warm is. Bedien.

2. Spinasie met botter. Verhit heelwat botter in 'n pan, voeg die spinasie by met 'n knippie sout, varsgemaalde swartpeper, 'n bietjie fyn neutmuskaat en 'n knippie suiker as die spinasie bitter is. (Moenie spinasiekonfyt kook nie!) Verhit totdat die spinasie net warm is bedien.

3. Gebruik bogenoemde resep, maar vervang die botter met room.

4. En nou my vriend Riaan se resep vir 'n groentepuree met spinasie as die hoofbestanddeel. Die bestanddele is: 2 pakkies of bossies spinasie, 2 mediumgroot aartappels, 3 mediumgroot wortels, 2 ryp mediumgroot tamaties, 'n bietjie tamatiepuree, room na smaak, sout en varsgemaalde swart peper na smaak.

Was die spinasieblare deeglik af en verwyder die nerwe. Skil die tamaties, aartappels en wortels. Sny die aartappels en tamaties in kwarte en sny die wortels in skywe.

Plaas die groente in 'n kastrol met bittermin of geen water nie - spinasie bevat 'n groot klomp vog. Plaas die deksel op en stoom die groente ten minste 'n driekwartier totdat alles sag is. Moenie die groente roer nie, anders disintegreer die tamaties en loop saam met die vog weg wanneer dit gedreineer word.

Dreineer nou die groente in 'n kolander, en moet nog steeds nie roer nie. Los in die kolander totdat al die vog uitgedrup het.

Gooi nou in 'n kastrol en druk deeglik fyn met 'n aartappelfynmaker. Gooi 'n bietjie tamatiepuree, sout en peper, en room na smaak by. Verhit effens, en dien op.

Jy het geen ander groente nodig wanneer jy hierdie puree voorsit nie. Dis heerlik en verdien jou volle aandag.

KOOS COETZEE

## Oor kos en vriendskap

CONFUCIUS het gesê: wanneer die liefde verwelk, is daar vriende en goeie kos oor. (Arme Confucius: jy kan enigiets aan hom toedig.)

En rondom goeie kos word goeie vriendskappe gesmee.

Iemand wat ek nog nooit ontmoet het nie maar 'n goeie vriend van my kan word is Santie McIntosh. Sy het vir my Elizabeth David se English Bread and Yeast Cookery gestuur, met dié briefie by:

Beste Koos,

Wat 'n aaklige ding om van jou kosboeke en notas te verloor. Hier is vir jou 'n troosprys. Dis wel nie Franse kos nie, maar ek hou van Elizabeth David en kan nou glad nie meer winkelbrood verdra nie. Ek hoop jy ken Jane Grigson se boeke. Veral haar Jane Grigson's Vegetable Book is vol plesier.

Ek hoop die dief kry berou en gee alles terug.

Groete,

Santie McIntosh

Baie dankie vir die boek Santie. Ek ken Elizabeth David se ander kookboeke en dié tannie ken haar kos.

Die boek wat jy vir my gestuur het is 'n geselsboek wat getuig van deeglike navorsing. Ek haat steriele kookboeke met resepte wat soos mediese preskripsies lyk, en Elizabeth David skryf nie so nie.

Jane Grigson dra ook haar deel by om die swak kossmaak van die arme Britte te verbeter.


Indien ek ooit in julle kontrei kom, maak ek 'n draai en ons gesels oor kos en ek eet 'n stukkie saam met julle. Ek dink jou man is bevoorreg om 'n vrou soos jy te hê.

# Polei: een van die magiese sestien

IN The Magical Uses of Certain Herbs (The Secrets of Albertus Magnus) van 1552 word polei (Engels: pennyroyal) as een van die sestien magiese plante geklassifiseer:

"Take this hearb and mixe it with the stone, found in the nest of the bird called a Lapwing or Black Plover, and rubbe the belly of any beast and it shal be with birth, and have a yong one, very blacke in the own kind. And if it be put to their nostrils, they shal fall to the ground anone as dead, but a little space after they shall be healed."

## Krui vir jou...



**Menta pulgium**

In die ou tyd is polei in afval en "black pudding" gebruik omdat dié krui die spysvertering van ryk kosse aanhelp.

Polei is ook gebruik in die behandeling van tuberkulose, brongitis en ongereelde en onderdrukte menstruasie. Die blare en stingels is egter ryk aan 'n toksiese olie en die inwendige gebruik van dié olie kan die niere beskadig. Die outydse gebruik is vandag nie meer so gewild nie.

Polei is 'n uitstekende insekweerder (Pulgium verwys na 'pulex' - Latyns vir vlooi). Vryf jou lyf met die gekneusde blare en muskiete (en vlooie) sal jou vermy.

Vlieë hou ook nie van polei nie.

RYK HATTINGH

le pommier

Restaurant en Galery
Nuwe Helshoogtepas
02231-91269

*Geniet tuilekker dae in die asemrowende natuurskoon van die nuwe Helshoogtepas*

Ons verskaf heerlike oggend- en middagtee met skons, brandewyntert en room

**Ons bied ook 'n uitgebreide a la carte-spyskaart op die terras.**
**Oop Dinsdae tot Sondae Middag- en aandete**
Dis raadsaam om te bespreek
Toe op Maandae
Gelisensieer

Onthou...

*Koala Blu Restaurant*

**bedien besonderse kos uit Suidoos-Asië**

Bel vir Eric om uit te vind van die wonderlike jazz Sondagaande:
482-2477/8

HARRIDANS RESTAURANT
JANET TELIAN
JACQUI CRAIG

By die Mark-teater
Breëstraat, Newtown
Tel: 838-6960

# Onkruid vergaan mos nie

**Nick Nolte speel weer 'n karakter wat al sy omtrent handelsmerk geword het - 'n sagmoedige lomperd, 'n sosiale uitgeworpene met 'n gewete, 'n slagoffer van omstandighede wat nietemin sy integriteit behou - in drie prente wat nou hier vertoon word, skryf ANDREA VINASSA**

DIS snaaks hoe jou eerste indrukke gewoonlik bly staan lank nadat hulle nie meer geld nie. Kyk nou na Nick Nolte. Ek dink nog aan hom as die opstandige broer in Rich Man, Poor Man, as bloot 'n televisie-akteur. Maar dan vergeet 'n mens van sy werk as volwaardige akteur in prente soos Under Fire en 48 Hrs.

En jy moet darem respek hê vir 'n man wat, wanneer hy die rol van Superman aangebied word, antwoord: "Ek sal Superman speel as ek hom 'n skisofreen kan maak."

Nolte erken dat hy manies-depressief is en toneelspel gebruik om die duiwels uit sy psige te laat woed. Sy vriende dink hy is self-verwoestend. Hy was 'n professionele voetbalspeler, is skuldig bevind aan 'n misdaad of twee, het al diep in die bottel gekyk en was getroud met 'n Libanese danseres met die naam van Legs. Al wat hy dra is die groen klere wat snydokters dra wanneer hulle 'n mens se blindederm uithaal.

Tussen die wêreld se onkruid vind Nolte sy paradys... Cannery Row, Who'll Stop the Rain en Down, Heart Beat and Out in Beverly Hills. Tronkvoëls is sy spesialiteit en sy waansin is sy grootste bate op die silwerdoek. Hierdie onstabiliteit span hy vernuftig in in drie prente wat nou plaaslik gewys word.

Nolte is beslis nie meer net 'n televisie-akteur nie. John Milius - praat van waansin - het hom 3 miljoen dollar betaal om in een van die belaglikste prente van die jaar te speel, Farewell to the King.

(Binnekort kom Martin Scorsese se New York Stories waarin Nolte 'n skilder speel. Dit is seker die eerste keer waarin hy 'n karakter speel met 'n IK van drie syfers!)

In al drie prente speel Nolte 'n karakter wat hy al hoeveel keer uitgehaal het: lomp, maar sagmoedig, 'n sosiale uitgeworpene met 'n gewete, 'n slagoffer van omstandighede wat nietemin sy integriteit behou. 'n Mens kan seker nie vir Nolte blameer dat rolprentvervaardigers hom - soos die Engelse sê - "type cast" nie.

In Farewell to the King, die eerste prent wat nog in Maleisië verfilm is en waarin Marius Weyers net-net sy geloofwaardigheid behou, het die vervaardigers egter die pot misgesit met Nolte. Nie dat 'n mens enigsins meegevoel het met Milius nie: hy was die vervaardiger van Red Dawn, 'n prent waarin die Russe Amerika inval en deur 'n klomp tieners verslaan word en Apocalypse Now, waarvoor Francis Ford Coppola so lekker geleen en gesteel het by Joseph Conrad se Heart of Darkness.


Farewell to the King is, soos Red Dawn en Apocalypse Now, 'n blatante verheerliking van militarisme. Ons kan net dankbaar wees dat Milius nie so 'n subtiele regisseur soos Coppola is nie en dat niemand die nuutste Heart of Darkness-rip-off ernstig gaan opneem nie. Af en toe dra Nolte 'n goue kroontjie, maar andersins is daar geen aanduiding van sy koninklike status nie.

'n Veel beter loopbaan-keuse was die onderskatte Weeds. Amerikaanse resensente het dit te haastig afgeskryf. Toegegee, dit is 'n redelik ernstige, didaktiese pleidooi vir die rehabilitasie van misdadigers. Nietemin is dit 'n vertoonkas vir Nolte se speeltalent. Niemand sou kon raai dat toentertyd se televisie-akteur vir veertien jaar lank 'n Stanislafski-verhoogakteur was nie. Dit is duidelik dat Nolte tuis is op die planke wanneer sy karakter, 'n misdadiger met geen hoop op vrylating nie, 'n toneelstuk skryf wat buite die tronkmure opgevoer word. Nolte se vertolking van Lee Umstetter is die spil waarom die prent draai en vir die eerste keer besef jy daar is "method" in Nolte se "madness".

Die skynbaar ligha̋rtige Three Fugitives is waarskynlik die beste Nolte-prent wat nou te sien is. Dis 'n hartroerende komedie van omgekeerde rolle oor 'n oud-misdadiger (Nolte) wat per ongeluk betrokke raak by 'n bankroof. Die bankrower het 'n dogter wat stom geraak het toe haar ma dood is. Sy begin weer praat wanneer Nolte by haar en haar pa aansluit en die gesinseenheid herstel word.

Nolte het sy verwoestende lewenstyl oorleef. Hy is nou 48 jaar oud. Hy het van Legs geskei en is nou getroud met 'n vrou wie se pa 'n chirurg is. Miskien kry hy daar ook sy kleredrag verniet.

Onkruid vergaan mos nie.



**'n Voorbeeld uit Nick Nolte se versameling tronkvoëlkarakters: Neal Cassidy (Jack Kerouac se tronkvoël-tjommie) in Heart Beat. Die misdadiger met 'n hart is Nolte se spesialiteit op die silwerdoek.**




# Vriende wat verdwyn het

AL het een van ons ministers so gesê, is dit waar dat die TV-skerm 'n klomp vriende bring wat in jou sitkamer kom kuier. Of in jou slaapkamer.

Ons kyk TV omdat ons te lui is om te gaan kuier - en omdat 'n mens nie openlik vir jou vriende mag lag nie. Al sê hulle ook wat, veral oor hulle self.

Dié dat ons baie hartseer was om twee stelle vriende te sien verdwyn - die kroegvlieë van Cheers en die common Afrikaners van Orkney Snork Nie.

Cheers het afgespeel in die soort kroeg wat ons glad nie in Suid-Afrika het nie, nie eers in Yeoville nie, en die basiese filosofie was baie gerusstellend. Dit het gegaan oor mense wat mekaar so goed ken dat hulle maar vir hulleself en oor hulleself kan lieg - sonder dat dit enigiemand verwar.

Die bekende Night Court wat Cheers kom vervang, het 'n ewe ontspannende basiese boodskap: burgerskap is 'n grap. Dit behoort veral in Suid-Afrika snaaks te wees.

## Grappe

Een ding van hierdie komedies: hulle werk op die eensingrap-tegniek. Dié tegniek is 'n gevaarlike ding. As dit nie goed gedoen word nie, raak die "karakters" so deursigtig dat 'n mens naderhand net die grinnikende, slim draaiboekskrywer agter sy tikmasjien raaksien. (En die gaste hulle geloofwaardigheid en sjarme verloor. Alhoewel dit natuurlik moeilik is omdat hulle aanmekaar tussen politici, ekonome en nuuslesers verskyn.)

'n Mens raak naderhand die eensingrap-tegniek gewoond. Omdat 'n mens enigiets gewoond kan raak, omdat die spelers geleer het om die grappies deel te maak van oortuigende karakter-situasies (of miskien omdat 'n mens jou kan verbeel dat Amerikaners regtig so praat.)

So werk die eensingrappe byvoorbeeld in Family Ties (die komedie waarin konserwatiewe jong Amerika voorgestel word as ewe snaaks as die hippie-era. Interessant dat die reaksionêre klein snip van 'n ouboet se romanse met die kunstenaartjie nie juis vorder nie, dit het ek verwag.)

Maar in Oos/Wes, die gesinskomedie wat Orkney Snork Nie vervang het, werk dit glad nie.

Die spelers se eensingrappe is so onnatuurlik dat ek by elke grappie net die draaiboekskrywer selfvoldaan sien grinnik.

Nie dat die draaiboek so sleg is nie.

## Sonde

Oos-Wes se grootste sonde is dat dit Orkney Snork Nie vervang het.

Orkney was 'n treffer in ons semi. Dit was my nie-Afrikaanse lewensmaat se venster op die Afrikaner. Ek het haar deurentyd verseker dat dit 'n getroue beeld van die Afrikaner gee, en ek staan nog daarby.

Die bewoners van 'n voorstedelike klinkerhuis wat soos 'n seepbel deur Afrika dryf. Asof die wêreld daarbuite net uit karwasserye, kroeë en meubelwinkels bestaan.

En die gesin byeengehou deur 'n gemoedelikheid wat nie oortref kan word nie.

Die les wat die oupa deurentyd vir almal om hom geleer het, is dat die lewe een groot plesier is.

Daarby was die taal los en maklik om te verstaan.

Wat gaan nou gebeur in die program wat hom vervang: Oos/Wes?

Nie net is mans omtrent heeltemal afwesig nie, die tweetjies wat daar is - die kamp seun en die ongeloofliк naïewe verliefde dokter buurman - onderstreep net die dood van die vader.

En as matriarg 'n anargis. Soos ek sê, die draaiboek is vol belofte.

## Trane

Twee ander soort komedie-programme uit Amerika - Tracy Ullman en LA Law - is ook gereelde gaste by ons. Altwee is besig om baie pynlik te word.

Tracy Ullman kan 'n mens dit nog vergewe, omdat sy die donker, dapper kant van die lewe met soveel styl aanbied.

Maar LA Law is besig om te verdrink in die hartseer.

Miskien het 'n marknavorser gesê meer human interest (meer snot en trane) en minder hofsake is nodig.

Want elke Saterdagaand moet die kinderlose twee prokureurs hulle derms voor ons uitryg. Die derms word dan met trane afgewas, en geseën met 'n sentimentele wysheid uit die mond van die kort Joodjie. Die oorgewig sekretaresse wat van haar bleskopman wil skei, gaan deur diep waters. So ook die staatsaanklaer en haar kêrel. Is daar nog trane?

VICTOR MUNNIK


**dié week by die MARK-TEATER**

MARK-TEATER

Maan - Vry: 8nm. Sa: 5.30nm & 9.15nm
MY CHILDREN! MY AFRICA!
Regie deur Athol Fugard.
ALL AGOG ST STYLITE deur Marlene Blom.
"'n Fassinerende fantasiewêreld". Ma tot Vry: 6nm. Sa: 2.30nm

UPSTAIRS-TEATER

OTHELLO - Die film onder regie van Janet Suzman
Ma tot Vry: 8.15nm, Sa 5.30 & 9nm

DIE LAAGER

Maan - Vry: 8.15nm
Sa: 6.15nm & 9.15nm
TOOTH AND NAIL - Antagonismes en liefde, parades en vuur

WAREHOUSE BY DIE MARK

INYANGA WOMEN OF AFRICA -
Regie: Barney Simon. 'n Musikale huldeblyk aan die vroue van Afrika. Ma tot Vry: 8nm. Sa: 6nm tot 9nm So: 6nm

KIPPIES BY DIE MARK

Di tot So: 8.30nm
FRIENDS FIRST

MARKGALERYE

Groot Galery
Kathlehong Vlieëruitstalling
Klein Galery
David Goldblatt
Kwandebele Foto's

EKSPERIMENTELE MUUR

Sunprints deur David Barkham

Telefoon 832-1641

Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Johannesburgse Snuffelmark elke Saterdag van 9vm tot 4nm, en op Sondag is daar 'n kuns- en handwerkmark van 9vm op die Mary Fitzgerald-plein

## FILM

*THE BURBS - 'n Voorstedeling se vakansie tuis word ontwrig wanneer nuwe intrekkers allerhande donker vrese in hom wakker maak. Met Tom Hanks en Carrie Fisher.

*K-9 - 'n Storie oor 'n speurder en sy vennoot, 'n Alsatian, genaamd Jerry Lee. 'n Pragtige meisie val vir Jerry Lee (dis die hond onthou) en betree so saam die aksiebelaaide lewe van die twee. Met Kames Belushi en Mel Harris.

*CIRLES IN A FOREST - Dalene Matthee se boek/toneelproduksie, nou 'n fliek oor 'n seun wat van olifante hou, en olifante van hom. Met Arnold Volsoo, Ian Bannen en Joe Stewardson.

*KILL SLADE - 'n Fliek wat beslis nie misgeloop moet word nie. 'n Finale bewys van die belaglike drek wat die Amerikaners opgedis het met behulp van die belastingvoordele op rolprente.

**A TOUCH OF INFIDELITY - 'n Paartjie met baie in gemeen: sy vrou slaap met haar man. Met Ted Danson (van Cheers) en Isabella Rossellini.

*HER ALIBI - Twee van die wêreld se sogenaamde aantreklikste mense, Tom Selleck en Paulina Porizkova (laas gesien in Anna en op die voorblaaie van 300 tydskrifte in die afgelope ses jaar as model) raak verlief.

*SKIN DEEP - John Ritter (van Hooperman en Three's Company-faam) is 'n verleentheid in 'n fliek met 'n naam wat die produk goed omskryf. Baie meisies in baaikostuums. En so aan.

*AN AFRICAN DREAM - 'n Koloniale verlenging van die Britse rolprentbedryf waarin die Britte probeer vergoed vir hulle misdrywe in die kolonies. Met John Kani en Kitty Aldridge.

*POLICE ACADEMY 6 - Dieselfde klomp is terug in 'n fliek waar mense in die water val en pistole vlaggies met "BANG" op uitskiet.

### ONAFHANKLIKE BIOSKOPE

KAAPSTAD

LABIA - Oranjestraat 68

Vanaand: 6.00 Withnail and I. 8.00 The Rocky Horror Picture Show. 10.00 The Pet Shop Boys.
Saterdag: 6.00 Babette's Feast. 8.00 The Legend of Suram Fortress. 9.45 Paris Texas.
Maandag: 6.00 Dead Ringers. 8.15 Babette's Feast. 10.00 Withnail and I.
Dinsdag: 6.00 The Legend of Suram Fortress. 8.00 The Pet Shop Boys. 9.45 Pink Floyd The Wall.
Woensdag: 6.00 Young Guns. 8.00 Withnail and I. 10.00 Babette's Feast.
Donderdag: 6.00 Pink Floyd the Wall. 8.00 Dead Ringers. 10.15 The Pet Shop Boys.

JOHANNESBURG

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow.
Vanaand en Saterdagaand is dit Tough Guys Don't Dance en volgende week die ongelooflike prent Hair.

## DIE WEEK SE TV

### Hoogtepunte

# Steve McQueen jag vir oulaas

Steve McQueen se laaste prent, THE HUNTER, wys Saterdagaand op TV1. Dit gaan oor 'n jagter wat mense wat op borg vrygelaat is en die pad gevat het, moet vang! Asof dit nie genoeg is nie, is sy meisie Dotty, ook nog verwagtend.

KISS ME GOODBYE is 'n romantiese komedie oor 'n gesofistikeerde jong weduwee (Sally Field) wat verloof raak aan 'n Egiptoloog (Jeff Bridges). Hulle trouplanne vorder goed totdat haar eerste man (James Caan) besluit om haar te probeer terugwen. Kiss me Goodbye wys Saterdagaand op M-Net.

John Wayne speel die hoofrol in RED RIVER wat Donderdagaand op TV1 wys. Thomas Dunson moet sy tienduisend beeste verby die Rooi Rivier na Missourri jaag, na 'n verarmende oorlog in die Suide. Sy stiefseun help hom, maar na 'n ruk word die twee vyande en die poppe begin te dans. Ook met Montgomery Clift en Joanne Dru. 'n Lekker skop-skiet-en-donder-fliek.

WHATEVER HAPPENED TO AUNT ALICE? wys Vrydagaand op TV4. Dis 'n heerlike fliek oor 'n tannie wat kêns raak en haar huishoudsters een vir een van kant maak om hulle geld steel. Toe een slim probeer wees, werk dit... amper. Met Ruth Gordon en Mildred Dunnock.

Kurt Russell is 'n vragmotorbestuurder wat betrokke raak in 'n stryd met 'n eeu-oue bose Chinese towenaar (James Hong) in BIG TROUBLE IN LITTLE CHINA wat vanaand op M-Net wys. Kan net pret wees. Ook met Suzee Pai.

ELVIS AND ME deel 1 en 2 wys Maandag en Dinsdagaand op M-net en gaan oor die lewe van Frank Sinatra en sy vrou. Ek sweer.

Charlton Heston en James Coburn speel in THE LAST HARD MEN wat Woensdagaand op M-net wys. 'n Aangrypende verhaal van moord en doodslag en boonop WRAAK! wat in die Wilde Weste afspeel!



**Night Court is terug met Harry Anderson, Richard Moll, Marsha Warfield en Markie Post**

### VRYDAG25

**TV1**
7.00 Goeiemôre SA
3.30 Take a Break
4.00 Santa Barbara
4.25 Fast Forward
4.55 Arty Facts
5.05 Rockbottom and Company
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 Topsport
6.00 News
6.15 Sundowner
7.00 Airwolf IV
8.00 Netwerk
8.45 Police File
9.00 Simon en Simon
10.00 Laataandsessie
10.20 Die Vervlakste Tweeling - 'n Drama oor 'n akteur Toni, wat sy oom mislei om sy kloue op sy geld te kry. Met Marius Weyers en Jana Cilliers.
11.35 Oordenking

**TV4**
6.03 Topsport
9.04 Whatever Happened to Aunt Alice? - kyk onder hoogtepunte
10.53 MASH
11.20 Ken Mullan

**M-NET**
10.30 The Mirror Crack'd
12.10 Newsnight
2.30 Telygames
3.00 Return to Oz
4.45 West 57th
5.00 Hot Hits
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Amen
Intekenare
7.00 Tough Enough
8.45 60 Minutes
9.00 Big Trouble in Little China - kyk onder hoogtepunte
10.35 Newsnight
11.00 Quartet
12.35 Perdespring

### SATERDAG 26

**TV1**
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige TV
6.30 Agriforum '88
7.00 Goeiemôre SA
9.00 Opvoedkundige TV
11.00 Beyond 2000
12.40 Tegnologie
1.00 Sakkie en Thomas
1.05 Amigo en Vriende
1.10 Spesiale Agent TR Sloane
2.00 Topsport
6.00 Nuus
6.15 Teletreffers
7.05 Spioen-Spioen
8.00 News
8.35 LA Law III
9.30 The Hunter - kyk onder hoogtepunte
11.45 Late Night Live
11.50 Epilogue

**TV4**
6.03 Redd Foxx
6.30 Mr Belvedere
9.03 Benson
9.29 Hooperman
9.56 Hotel
10.46 The Tracy Ullman Show
11.13 TJ Hooker

**M-NET**
11.30 Revue Plus
12.30 Rendezvous
1.30 Motorsport
2.00 Stoei
4.00 Sokker
Oop Tyd
6.00 Houston Nights
Intekenare
7.00 Kiss me Goodbye - kyk onder hoogtepunte
8.35 West 57th
9.00 The World Music Awards
11.00 Commando

### SONDAG 27

**TV1**
1.30 Pinocchio
1.55 ZET!
2.05 Once Upon a Time... Life
2.30 The World of Audubon
3.30 The Prodigious Hickey
4.30 Collage
5.20 Time Flyer
6.10 50/50
6.50 Kruis en Kroniek
8.00 Network
9.00 TV1 Chamber Music Festival
10.00 Corelli Concerti
10.30 National Gallery
11.00 Insight

**TV4**
6.03 Kupid
9.04 Masada
10.01 227
10.28 Sing Country
10.54 Topsport

**M-NET**
7.30 Indiese diens begin
10.30 Portugese diens begin
Intekenare
1.30 The Adventures of Teddy Ruxpin
2.00 Storybreak
2.30 A Waltz through the Hills
3.00 Max Dugan Returns
4.35 60 Minutes
4.50 Panorama
5.30 Runaway with the rich and famous
Oop Tyd
6.00 Falcon Crest
Intekenare
7.00 Carte Blanche
8.00 Wildlife on One
8.30 The Best of Europe
9.00 Police Academy III
10.20 Newsnight
11.00 Witness in a War Zone
12.35 Perdespring

### MAANDAG 28

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Santa Barbara
4.25 Webster
5.00 Filemon the Cat
5.10 Pumpkin Patch
5.25 Lion Series Bible Stories
5.35 Lassie
6.00 News
6.15 Graffiti
7.05 The A-Team
8.00 Netwerk
9.00 Elmien Adler
10.00 Topsport
11.00 Verhale van die Klondike
11.50 Oordenking

**TV4**
6.03 Small Wonder
6.30 Topsport
9.03 Family Ties
9.32 Dynasty
10.24 A Man Called Hawk
11.14 The Beam

**M-NET**
10.30 When Father was away on Business
2.30 Telygames
3.00 The Paper Chase
4.50 Earthfile
5.00 The Incredible Hulk
5.30 The Smurfs
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Perfect Strangers
Intekenare
7.00 Elvis and Me (deel 1) - kyk onder hoogtepunte
9.00 Dog Day Sfternoon
10.50 Newsnight
11.00 The Mirror Crack'd

### DINSDAG 29

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Dagsê Dokter
5.00 Rompelstompelstories
5.10 Wielie Walie
5.30 Skooldae
5.57 Kompas
6.00 Die Nuus
6.15 Potpourri
7.05 Die Onfeilbare Vennootskap
8.00 Network
9.00 Dallas
10.00 Topsport
11.00 Open University
11.55 Evening Prayer

**TV4**
6.00 Fame
9.04 Into the Darkness - 'n Bangmaakprent
10.42 The Hit Squad
11.05 Gunsmoke
11.59 S.W.A.T.

**M-NET**
6.30 Tennis
10.30 Witness in a War Zone
12.10 Rendezvous
2.30 Telygames
3.00 Mannequin
4.30 Teddy Ruxpin
5.00 Wildfire
5.30 Starcom
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Valerie
Intekenare
7.00 Elvis and Me (deel 2)
9.00 Sokker
10.00 Carte Blanche
11.00 Highlander

### WOENSDAG 30

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Silhouette
4.55 Filemon
5.10 ZAPMAG
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 River Horse Lake
6.00 News
6.15 No Jacket Required
7.00 Telly Fun Quiz
7.30 Louis Motors
8.00 Netwerk
9.05 Oos-Wes
9.35 Diagonal Street
10.00 TopSport
11.00 Die Ma-Plotters
11.30 Die Storie agter die Storie
11.55 Oordenking

**TV4**
6.03 Easy Street
6.30 Topsport
9.04 The Colbys
9.58 Die Ongehude Vader
11.21 9 to 5

**M-NET**
6.30 Tennis
10.30 Return to Oz
12.15 60 Minutes
2.30 Telygames
3.00 Bye Bye Braveman
4.30 West 57th
5.00 The Diplodos
5.30 The Adventures of the Galaxy Rangers
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Dear John
Intekenare
7.00 The Mirror Crack'd
8.40 West 57th
9.00 The Last Hard Men - kyk onder hoogtepunte
10.35 Money Programme
11.00 When Father was away on Business

### DONDERDAG 31

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Dagsê Dokter
5.00 Niklaas
5.25 Tekkies
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Uit en Tuis
7.00 Nagspel
8.00 Network
9.00 War and Remembrance
10.00 Topsport
11.00 Red River - kyk onder hoogtepunte
1.05 Face to Face

**TV4**
6.03 TV4 Top 20
6.30 Muzik A La Carte
9.04 21 Jump Street
9.58 Night Court
10.25 Misdaad in Miami
11.16 Ripley's Believe It or Not

**M-NET**
6.30 Tennis
10.30 Dog Day Afternoon
12.20 West 57th
2.30 Telygames
3.00 Max Dugan Returns
4.35 60 Minutes
5.00 The Berenstain Bears
5.30 The Real Ghostbusters
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 The Wonder Years
Intekenare
7.00 Revue Plus
8.00 Tennis - 'n Dokumentêr
9.00 Big Trouble in Little China
10.35 Newsnight
11.00 Mannequin

Koop 'n bottel Tickled Pink - 4